**24. Factors relating to specific signs and commercially sponsored signs**
Section 24

**25. Savings**
Section 25

**26. Waiver of regulations**
Section 26

**27. Offences**
Section 27

**SCHEDULES**

Schedule 1: Estate Agent Signs

Schedule 2: Loose Portable Signs

Schedule 3: Transit Advertising

**Definitions**

1. In this by-law, words used in the masculine gender include the feminine, the singular includes the plural and vice versa, the Afrikaans text prevails in the event of an inconsistency between the different texts and unless the context otherwise indicates:—

''aerial sign'' shall mean any sign attached to a kite, balloon, aircraft or any other device whereby it is suspended in the air over any part of the area under the jurisdiction of the municipality.

''clear height'' of a sign shall mean the vertical distance between the lowest edge of such sign and the natural or the finished level of the ground, footway or roadway immediately below such sign.

''depth'' of a sign shall mean the vertical distance between the uppermost and lowest edges of such sign.

''development board'' means a sign displayed at premises upon which building operations are currently in progress and relating to any services being provided, work being done or goods being supplied in connection with such building operations. This excludes contract boards for building and civil engineering projects as required in terms of the National Building Regulations and Control Act, 103 of 1977 as amended from time to time and defined in terms of the General Conditions of Contract and/or Specifications of the appropriate institutions.

''display of a sign'' shall include the erection of any structure if such structure is intended solely or primarily for the support of such sign; and the expression ''to display a sign'' shall have a corresponding meaning.

''estate agency'' means a person who markets and/or sells properties with or without buildings erected thereon and *''estate agent''* has a corresponding meaning.

''flashing sign'' shall mean any illuminated sign, the light emitted from which does not remain constant in all respects.

''flat sign'' shall mean any sign which is affixed to or painted directly on a main wall and which at no point projects more than 250 mm in front of the surface of such wall, but does not include a poster; provided, however, that a poster affixed to a main wall shall be deemed to be a flat sign if such poster is—

(a) not less than 0,80 $m^2$ in area;

(b) bordered by a permanent frame fixed to such main wall; and

(c) maintained at all times in an unmutilated and clean condition.

''onbelemmerde hoogte'' van 'n teken beteken die vertikale afstand tussen die laagste rand van sodanige teken en die vlak van die grond, voetpad of ryweg onmiddellik onderkant sodanige teken;

''ontwikkelingsbord'' 'n advertensie wat op 'n perseel vertoon word waar boubedrywighede huidiglik aan die gang is en wat met enige dienste verskaf, werk onderneem, of goedere wat in verband met sodanige boubedrywighede voorsien word, verband hou. Dit sluit egter nie kontrakborde vir gebou-en siviele ingenieursprojekte soos vereis ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) soos van tyd tot tyd gewysig en omskryf ingevolge die Algemene Kontrak- en/of Spesifikasievoorwaardes van die paslike instellings in nie;

''openbare pad'' beteken enige pad, straat of deurgang of enige ander plek wat gewoonlik deur die publiek of 'n deel daarvan gebruik word of waartoe die publiek of 'n deel daarvan die reg van toegang het en ook —

(a) die soom van enige sodanige pad, straat of deurgang;

(b) enige voetpad, sypaadjie of soortgelyke voetganger gedeelte van 'n padreserwe;

(c) enige brug, pont of drif waarvoor of waardeur enige sodanige pad, straat of deurgang loop;

(d) enige ander werk of voorwerp wat 'n deel uitmaak van of verbind is met of behoort tot daardie pad, straat, deurgang, voetpad of sypaadjie, en

(e) enige perseel, met of sonder geboue of strukture daarop, wat gebruik word of daargestel is as 'n openbare parkeerarea of openbare parkeerplek vir die parkering van motorvoertuie ongeag of toegang tot sodanige parkeerplek of parkeerarea gratis is al dan nie.

''persoon'', met betrekking tot die vertoning of verandering van of die toevoeging tot 'n teken, of met betrekking tot die voorgenome of gepoogde vertoning of verandering van of toevoeging tot 'n teken, omvat die persoon op wie se versoek sodanige teken vertoon, verander of daaraan toegevoeg word, of op wie se versoek dit die voorneme is of gepoog word om sodanige teken te vertoon, te verander of daaraan toe te voeg, na gelang van die geval; en die persoon na wie, of na wie se goedere, produkte, dienste, bedrywighede, eiendom of perseel in sodanige teken verwys word, word geag sodanige persoon te wees tensy sodanige persoon die teendeel bewys.

''plakkaat'' beteken enige aanplakbiljet of dergelike middel wat aan die een of ander vaste voorwerp bevestig is en waardeur enige advertensie of kennisgewing in die openbaar vertoon word.

''plat teken'' beteken 'n teken wat aan 'n hoofmuur bevestig of regstreeks daarop geverf is, en wat nêrens meer as 250 mm voor die oppervlakte van sodanige muur uitsteek nie, maar omvat nie 'n plakkaat nie; met dien verstande egter dat 'n plakkaat wat aan 'n hoofmuur bevestig is, as 'n plat teken beskou word as sodanige plakkaat —

(a) 'n oppervlakte van minstens 0,80 $m^2$ het;

(b) omrand is deur 'n permanente omlysting wat aan sodanige hoofmuur bevestig is; en

(c) te alle tye in 'n ongeskonde en sindelike toestand gehou word.

''sekuriteitsteken'' 'n buite-advertensie vir buurtwag- en soortgelyke skemas, en 'n advertensie wat die naam, logo, adres en telefoonnommer van 'n sekuriteitsmaatskappy bevat wat gekontrakteer, of sekuriteitstelsel wat geïnstalleer is om die perseel waarop die teken vertoon word, te beskerm;

''sweefteken'' beteken enige teken wat aan 'n vlieër, ballon, vliegtuig of enige ander toestel bevestig is waardeur dit in die lug hang bokant enige deel van die gebied onder die jurisdiksie van die munisipaliteit.

''main wall'' of a building shall mean any external wall of such building but shall not include a parapet wall, balustrade or railing of a verandah or a balcony.

''municipality'' means the Municipality of Cederberg established in terms of Section 12 of the Municipal Structures Act, 117 of 1998, Provincial Notice 482 dated 22 September 2000 and includes any political structure, political office bearer, councillor, duly authorised agent thereof or any employee thereof acting in connection with this by-law by virtue of a power vested in the municipality and delegated or sub-delegated to such political structure, political office bearer, councillor, agent or employee;

''new sign'' shall mean any sign first displayed after the promulgation of this by-law.

''overall height'' of a sign shall mean the vertical distance between the uppermost edge of such sign and the level of the ground, footway or roadway immediately below such sign.

''person'' in relation to the display or alteration of or the addition to a sign, or in relation to the intended or attempted display or alteration of, or addition to a sign, shall include the person at whose instance such sign is displayed, altered or added to, or at whose instance such sign is intended or attempted to be displayed, altered or added to, as the case may be; and the person who or whose goods, products, services, activities, property or premises, is or are referred to in such sign shall be deemed to be such person unless he proves the contrary.

''poster'' shall mean any placard or similar device attached to some fixed object whereby any advertisement or notice is publicly displayed.

''projecting sign'' shall mean any sign which is affixed to a main wall and which at some point projects more than 250 mm in front of the surface of such wall.

''public road'' means any road, street or thoroughfare or any other place which is commonly used by the public or any section thereof or to which the public or any section thereof has a right of access, and includes—

(a) the verge of any such road, street or thoroughfare;

(b) any footpath, sidewalk or similar pedestrian portion of a road reserve;

(c) any bridge, ferry or drift traversed by any such road, street or thoroughfare;

(d) any other work or object belonging to such road, street or thoroughfare, footpath or sidewalk, and

(e) any premises with or without structures thereon, used or set aside as a public parking area or public parking place for the parking of motor vehicles whether or not access to such a parking area or place is free of charge.

''running light'' means a portion of a sign in the form of an illuminated strip, the illumination of which varies periodically in such a way as to convey the impression of a pattern of lights moving steadily along such strip.

''security sign'' means an outdoor sign for neighborhood watch and similar schemes, and a sign containing the name, logo, address and telephone number of a security company contracted to protect, or security system installed to protect, the premises on which the sign is displayed.

''teken'' beteken enige teken, uithangbord, skerm, private lamp, blinding of ander toestel deur middel waarvan 'n advertensie of kennisgewing in die openbaar vertoon word.

''teken wat uitsteek'' beteken enige teken wat aan 'n hoofmuur bevestig is en wat op die een of ander punt meer as 250 mm voor die oppervlakte van sodanige muur uitsteek.

''totale hoogte'' van 'n teken beteken die vertikale afstand tussen die heel boonste rand van sodanige teken en die natuurlike of afgewerkte vlak van die grond, voetpad of ryweg onmiddellik onderkant sodanige teken.

''transito-reklame'' reklame deur middel van 'n beweegbare advertensie wat padlangs op of tesame met 'n gemotoriseerde voertuig vervoer kan word, insluitende sleepwaens wat hoofsaaklik vir reklame gebruik word;

''tydelik'' beteken geheg by wyse van plak- of kleefmiddel en wat nie 'n aaneenlopende tydperk van dertig dae oorskry nie;

''vertoning van 'n teken'' omvat die oprigting van enige struktuur indien sodanige struktuur uitsluitend of hoofsaaklik bedoel is om sodanige teken te dra; en die uitdrukking ''om 'n teken te vertoon'' het 'n ooreenstemmende betekenis.

**Ontsiering**

2. (a) Niemand mag deur middel van plakkate of ander tekens die voorkant of front van enige pad, openbare pad, muur, heining, grond, rots, boom of ander natuurvoorwerp, of die voorkant of front of dak van enige gebou op enige ander wyse ontsier as dié waarvoor in hierdie verordening voorsiening gemaak word nie, en iedereen wat die bepalings van hierdie artikel oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

(b) 'n Munisipaliteit kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy goeddink, toestemming daartoe verleen dat plakkate tydens spesiale geleenthede, soos verkiesings, feesvierings, universiteite se jooloptogte, ens. vertoon word.

**Indiening van aansoek**

3. (1) Uitgesonderd soos in artikel 22(2) bepaal, moet iedereen wat voornemens is om 'n nuwe teken te vertoon of om 'n bestaande teken te verander of daaraan toe te voeg (hierna die ''aansoeker'' genoem), skriftelik op die wyse soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit voorgeskryf word, by die munisipaliteit aansoek doen en daarmee planne indien wat in ooreenstemming met die volgende vereistes geteken is:—

(i) Die planne moet met swart ink op natreklinne of stewige duursame tekenpapier geteken wees, of hulle moet linne-afdrukke met swart strepe op 'n wit agtergrond wees, of 'n rekenaarontwerpte druk op duursame papier. Bedoelde vorm en planne moet in duplo wees (waarvan een stel die eiendom van die munisipaliteit word) en moet deur die aansoeker, of deur iemand wat skriftelik deur die aansoeker gemagtig is om namens die aansoeker te teken, met ink gedateer en onderteken wees, en alle wysigings en verbeterings aan sodanige vorm en planne moet op dergelike wyse gedateer en onderteken wees.

(ii) Waar die teken aan 'n gebou bevestig moet word, moet die planne 'n vertikale aansig en 'n deursnee van die fasade en, waar nodig, van die dak van die gebou insluit, geteken volgens 'n skaal van 1:100, waarop die teken, enige ander tekens wat aan sodanige fasade of dak bevestig is, en genoeg van die vernaamste boukundige eienskappe van bedoelde fasade of dak geteken is om die posisie van die teken met betrekking tot sodanige ander tekens en eienskappe aan te dui. Die posisie van die teken in verhouding tot die grondhoogte en, waar nodig, die randsteenlyn moet ook op sodanige vertikale aansig en deursnee aangetoon word.

''sign'' shall mean any sign, signboard, screen, private lamp, blind or other device by means whereof any advertisement or notice is publicly displayed.

''sky sign'' shall mean any sign that is fixed above the roof of a building other than a roof of a verandah or a balcony and shall include any such sign consisting of a single line of free standing, individual, cut-out, silhouette letters, symbols or emblems.

''temporary'' means fixed by means of paste or adhesive and which does not exceed a continuous period of thirty days;

''thickness'' of a projecting sign shall mean the horizontal dimension of such sign measured parallel to the plane of the main wall to which such sign is affixed.

''transit advertising'' means advertising by means of a movable sign which is capable of being transported by road either on or in conjunction with a motorized vehicle, including trailers primarily used for advertising.

**Disfigurement**

2. (a) No person shall by means of posters or other signs disfigure the front or frontage of any public road, wall, fence, land, rock, tree or other natural feature, or the front or frontage or roof of any building otherwise than is provided in this by-law and any person who contravenes the provisions of this section shall be guilty of an offence.

(b) A municipality may, subject to such conditions as it may deem fit, grant permission for the display of posters on special occasions such as elections, festivities, university rag processions, etc.

**Submission of Application**

3. (1) Save as in provided in section 22(2), every person intending to display a new sign or to alter or to add to an existing sign (hereinafter referred to as the ''applicant'') shall make written application to the municipality in the form prescribed by the municipality from time to time, submitting therewith plans drawn in accordance with the following requirements:—

(i) The plans shall be drawn in black ink on tracing linen or stout durable drawing paper or shall be linen prints with black lines on a white background or a computer designed print on durable paper. Such form and plans shall be in duplicate (one set of which shall become the property of the municipality) and shall be dated and signed in ink by the applicant or by a person authorised by such a person in writing to sign on his behalf, and all alterations and corrections to such form and plans shall be similarly dated and signed.

(ii) Where the sign is to be affixed to a building the plans shall include an elevation and a section of the façade and, where necessary of the roof of the building, drawn to a scale of 1:100 upon which shall be depicted the sign, any other signs affixed to such façade or roof and enough of the main architectural features of such façade or roof to show the position of the sign in relation to such other signs and features. The location of the sign relative to the ground level and, where necessary, the kerb line shall also be shown on such elevation and section.

(iii) Waar die teken nie aan 'n gebou bevestig gaan word nie, moet die posisie van die teken in verhouding tot die grondhoogte en, waar nodig, die randsteenlyn aangetoon word op 'n vertikale aansig, plan en deursnee wat volgens 'n skaal van 1:100 geteken is.

(iv) Vertikale aansigte, insluitende volledige besonderhede van die inhoud soos in artikel 6 omskryf, planne en deursneë van die teken self, soos wat nodig is om aan te dui of dit aan hierdie verordeninge voldoen, akkuraat geteken volgens 'n skaal wat groot genoeg is (maar in geen geval minder as 1:50 nie), moet ook ingesluit word.

(v) Die planne moet ook volledige besonderhede van die struktuurstutte van die teken aantoon, geteken volgens 'n skaal van 1:20.

(vi) Die planne moet ook 'n terreinplan insluit, geteken volgens 'n skaal van 1:200 waarop die posisie van die teken en die gebou, indien daar is, waaraan dit bevestig gaan word, duidelik en akkuraat aangetoon word in verhouding tot enige van die grense van die erf wat deur sodanige posisie geraak word en waarop die naam van die aangrensende straat en die afstand na en die naam van die naaste dwarsstraat waaraan 'n naam toegewys is, vermeld word, en die rigting van die geografiese noorde aangedui word.

(vii) Op die planne moet aangedui word die materiaal waaruit die teken vervaardig gaan word, die wyse waarop die belettering daarop uitgevoer gaan word, die kleure wat gebruik gaan word, en of die teken verlig gaan wees al dan nie; en in laasgenoemde geval moet die planne aandui of die teken 'n flitsteken is of nie, en indien die teken 'n flitsteken is, moet volledige besonderhede van die periodisiteit daarvan en wisselings of veranderings in voorkoms verstrek word.

(2) (a) Ondanks die bepalings van subartikel (1) is dit wettig, onderworpe aan die bepalings van artikel 6(1), om sonder die toestemming van die munisipaliteit enige plakkaat te vertoon en om 'n plakkaat deur 'n ander plakkaat van dieselfde grootte te vervang indien sodanige plakkaat soos voornoem, vertoon word by 'n bioskoop of skouburg, of ander openbare vermaaklikheidsplek, of op 'n skutting waarvan die oprigting en gebruik vir hierdie doel deur die munisipaliteit gemagtig is, of as dit 'n plakkaat is wat ingevolge artikel 1 as 'n plat teken beskou word.

(b) 'n munisipaliteit kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy goed dink, toestemming daartoe verleen dat plakkate tydens spesiale geleenthede soos verkiesings, feesvierings, universiteite en jooloptogte, ens. vertoon word.

(3) Die munisipaliteit moet, binne 30 dae na ontvangs van die vorm en planne waarna in subartikel (1) verwys word, aan die aansoeker besonderhede verstrek van die bepalings, indien daar is, van hierdie verordeninge of van enige ander wette wat die munisipaliteit gelas of gemagtig is om toe te pas, en waaraan sodanige vorm of planne nie voldoen nie; en die munisipaliteit moet, indien hy dit nodig ag, die vorm en planne aan die aansoeker terugstuur.

(4) As die vorm en planne aan hierdie verordening en enige ander wette soos voornoem, voldoen, moet die munisipaliteit hulle goedkeur en een stel daarvan aan die aansoeker stuur.

(5) Goedkeuring wat ooreenkomstig subartikel (4) toegestaan word, is van nul en gener waarde indien die teken nie binne twaalf maande van die datum van sodanige goedkeuring ooreenkomstig die goedgekeurde vorm en planne voltooi is nie.

**Voldoening van bestaande tekens**

4. (1) Elke teken wat op die datum van afkondiging van hierdie verordening bestaan, moet in alle opsigte daarmee in ooreenstemming gebring word binne 'n tydperk van een jaar

(iii) Where the sign is not to be affixed to a building, the location of the sign relative to the ground level and, where necessary, the kerb line shall be shown on an elevation, plan and section drawn to a scale of 1:100.

(iv) Elevations, including full particulars of the subject matter as defined in section 6, plans and sections of the sign itself as may be necessary to show whether it complies with this by-law, accurately drawn to a large enough scale (but in no event less than 1:50) shall also be included.

(v) The plans shall also depict full details of the structural supports of the sign, drawn to a scale of 1:20.

(vi) The plans shall also include a site plan, drawn to a scale of 1:200, showing clearly and accurately the position of the sign and the building, if any, to which it is to be attached, in relation to such of the boundaries of the erf as may be affected by such position, and giving the name of the abutting street and the distance to and the name of the nearest named cross-street, and showing the direction of true north.

(vii) The plans shall indicate the materials of which the sign is to be constructed, the manner in which the lettering thereon is to be executed, the colours to be used, and whether or not the sign is to be illuminated; and in the latter event the plans shall indicate whether or not the sign is a flashing sign, and if the sign is a flashing sign, full details of its periodicity and variations or changes in appearance shall be furnished.

(2) (a) Notwithstanding the provisions of sub-section (1), it shall be lawful, subject to the provisions of section 6(1), to display any poster and to replace any poster by another poster of the same size without the consent of the municipality, if any such poster as aforesaid is displayed at a cinema or theatre, or other place of public amusement, or on a hoarding, the erection and use of which for this purpose have been authorised by the municipality, or is a poster which in terms of section 1 is deemed to be a flat sign.

(b) A municipality may, subject to such conditions as it may deem fit, grant permission for the display of posters on special occasions such as elections, festivities, university rag processions, etc.

(3) The municipality shall, within 30 days after receiving the form and plans referred to in sub-section (1), specify to the applicant the provisions, if any, of this by-law, or of any other laws that the municipality is required or empowered to administer, with which such form or plans do not comply; and the municipality shall, if it deems it necessary, return the form and plans to the applicant.

(4) Where the form and plans comply with this by-law and any other laws as aforesaid, the municipality shall approve them and shall forward one set thereof to the applicant.

(5) Approval granted in terms of sub-section (4) shall become null and void if the sign has not been completed in accordance with the approved form and plans within twelve months of the date of such approval.

**Compliance of existing signs**

4. (1) Every sign existing at the date of the promulgation of this by-law shall be made to comply therewith in all respects within a period of one year from the date of such promulgation. Where

van die datum van sodanige afkondiging. Waar enige teken na voornoemde tydperk van een jaar nie aldus daaraan voldoen nie, moet dit onverwyld verwyder word.

(2) Waar 'n teken wat nie aan die bepalings van hierdie verordening voldoen nie, nie binne bovermelde tydperk van een jaar daarmee in ooreenstemming gebring is nie, of waar 'n teken opgerig is wat nie daarmee in ooreenstemming is nie, kan die munisipaliteit die eienaar daarvan gelas om sodanige teken te verwyder. By versuim om aan gemelde lasgewing te voldoen kan die munisipaliteit self die teken verwyder en die koste daaraan verbonde van die persoon wat dit opgerig of laat oprig het, verhaal.

(3) Wanneer ook al 'n nuwe teken weens verandering van eiendomsreg of okkupasie of verandering in die aard van die besigheid, nywerheid, bedryf of beroep wat op 'n perseel uitgeoefen word of weens die oprigting van nuwe verkeerseinligte of weens 'n veranderig in die hoogte of posisie van enige straat, voetpad of randsteen, of weens enige ander rede hoegenaamd, ophou om aan hierdie verordening te voldoen, moet sodanige teken onmiddellik deur die persoon wat sodanige teken vertoon, verwyder, uitgewis of verander word om aan hierdie verordening te voldoen.

**Toepassing**

5. (1) Iedereen wat sonder die voorafverkreë goedkeuring van die munisipaliteit, verleen ingevolge artikel 3, waar sodanige goedkeuring ingevolge genoemde artikel 3 vereis word, 'n nuwe teken vertoon of probeer vertoon, of 'n bestaande teken verander of daaraan toevoeg of probeer om dit te verander of daaraan toe te voeg, is skuldig aan 'n misdryf.

(2) Enige sodanige persoon moet, nadat 'n skriftelike lasgewing te dien effekte van die munisipaliteit op hom gedien is, onmiddellik alle werk in verband met die vertoning van sodanige nuwe teken staak of laat staak, of enige verandering aan of toevoeging tot sodanige bestaande teken staak of laat staak, na gelang van die geval, en enige sodanige persoon wat in gebreke bly om sodanige lasgewing na te kom, is skuldig aan 'n misdryf.

(3) Iedereen wat, nadat so 'n persoon sodanige goedkeuring verkry het, enigiets in verband met 'n teken doen wat afwyk van enige vorm of plan wat deur die munisipaliteit goedgekeur is, is skuldig aan 'n misdryf.

(4) Enige sodanige persoon moet, nadat 'n skriftelike lasgewing te dien effekte gegee onder die hand van die gemagtigde werknemer van die munisipaliteit op sodanige persoon gedien is, onmiddellik sodanige afwyking staak of laat staak, en iedereen wat in gebreke bly om sodanige lasgewing na te kom, is skuldig aan 'n misdryf.

(5) Ongeag of sodanige lasgewing waarna in subartikels (2) en (4) verwys word, op enige sodanige persoon gedien is of nie, kan die munisipaliteit op so iemand 'n skriftelike lasgewing dien, waarin van so iemand vereis word om onmiddellik 'n begin te maak met die verwydering of uitwissing van sodanige teken of enigiets waarna in subartikel (3) verwys word, en om sodanige verwydering of uitwissing te voltooi voor of op 'n datum wat in sodanige lasgewing bepaal word, en wat deur die munisipaliteit verleng kan word al na hy goed dink.

(6) Waar iemand wat 'n teken vertoon, 'n bepaling van hierdie verordening, uitgesonderd dié met betrekking tot die sake waarna in subartikels (1) en (3) verwys word, oortree, kan die munisipaliteit 'n skriftelike kennisgewing op sodanige persoon dien, en in sodanige kennisgewing moet hy die bepalings aanhaal, wat oortree is en in besonderhede die dinge vermeld wat gedoen moet word ten einde aan sodanige bepalings te voldoen.

(7) Iedereen wat in gebreke bly om 'n lasgewing waarna in subartikel (5) verwys word, of die bepalings van 'n kennisgewing waarna in subartikel (7) verwys word, na te kom, is skuldig aan 'n misdryf, en daarbenewens kan die munisipaliteit self op koste van sodanige persoon gevolg gee aan sodanige lasgewing of kennisgewing.

any sign does not so comply after the said period of one year, it shall forthwith be removed.

(2) Where any sign not complying with the provisions of this by-law has not been made to comply therewith within the aforementioned period of one year, or where any sign has been erected which is not in conformity therewith, the municipality may order the owner thereof to remove such sign. Upon failure to do so the municipality may remove the sign and recover the cost from the person who erected the sign or permitted the erection thereof.

(3) Whenever, through change of ownership or occupancy or change in the nature of the business, industry, trade or profession conducted on any premises or through the erection of new traffic signal lights or through an alteration in the level or position of any street, footway or kerb, or through any other cause whatsoever, a new sign ceases to comply with this by-law, such sign shall be forthwith removed, obliterated or altered by the person displaying such sign so as to comply with this by-law.

**Enforcement**

5. (1) Any person who displays or attempts to display a new sign or who alters or adds to, or attempts to alter or add to, an existing sign without the prior approval of the municipality given in terms of section 3, where such approval is required by the said section 3, shall be guilty of an offence.

(2) Any such person shall forthwith, after an order in writing to that effect by the municipality, cease or cause to cease all work on the display of such new sign, or shall cease or cause to cease any alteration or addition to such existing sign, as the case may be, and any such person who fails to comply with such order shall be guilty of an offence.

(3) Any person who, having obtained such approval, does anything in relation to any sign which is a departure from any form or plan approved by the municipality shall be guilty of an offence.

(4) Any such person shall forthwith, after an order in writing to that effect by the municipality, discontinue or cause to be discontinued such departure, and any person who fails to comply with such order shall be guilty of an offence.

(5) Whether or not any such order as is referred to in sub-sections (2) and (4) has been served on any such person, the municipality may serve upon such person an order in writing requiring such person forthwith to begin to remove or obliterate such sign or anything referred to in sub-section (3) and to complete such removal or obliteration by a date to be specified in such order, which date may be extended by the municipality as it may deem fit.

(6) Where any person displaying a sign contravenes any of the provisions of this by-law other than those relating to the matters referred to in sub-section (1) and (3), the municipality may serve a notice in writing upon such person, and in such notice shall cite the provisions contravened and shall specify the things to be done in order that such provisions may be complied with.

(7) Any person who fails to comply with any order referred to in sub-section (5) or with the terms of any notice referred to in sub-section (7) shall be guilty of an offence, and in addition the municipality itself may give effect to such order or notice at the expense of such person.

**Inhoud van tekens**

6. (1) Geen teken op enige perseel mag enige woorde, letters, syfers, simbole, prente of ander middels (hierna die ''inhoud'' genoem) bevat nie, tensy elke deel van sodanige inhoud in een of meer van die volgende kategorieë val—

(a) Die naam, adres en telefoonnommer van sodanige perseel of gedeelte daarvan.

(b) Die naam van die okkupeerder van sodanige perseel of gedeelte daarvan.

(c) 'n Algemene beskrywing van die soort handel, nywerheid, besigheid of beroep wat wettiglik op sodanige perseel of gedeelte daarvan deur die okkupeerder daarvan bedryf of uitgeoefen word.

(d) Enige inligting, aanbeveling of aanprysing in verband met, of enige naam, beskrywing, besonderhede of ander aanduiding van—

(i) enige goedere wat nie monsters is nie en wat gereeld en wettiglik op sodanige perseel vervaardig, gehou en verkoop word, of vir verkoop gehou en aangebied word; of

(ii) enige dienste wat gereeld en wettiglik op sodanige perseel gelewer of aangebied word; of

(iii) enige verversingsdiens of enige onthaal of vermaaklikheid of enige kulturele, opvoedkundige, ontspannings-, sosiale of dergelike geriewe wat wettig op sodanige perseel verskaf of beskikbaar gestel word, of enige vergadering, byeenkoms of samekoms wat wettig op sodanige perseel plaasvind;

met dien verstande dat hierdie paragraaf nie vertolk moet word as sou dit enige inhoud toelaat wat na die mening van die munisipaliteit 'n ontwyking van of nie in ooreenstemming met die bedoeling van hierdie paragraaf is nie.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1), in die geval van 'n perseel wat gedeeltelik of geheel en al vir woondoeleindes gebruik word, mag geen teken behalwe die naam van sodanige perseel vertoon word op die deel van sodanige perseel wat vir woondoeleindes gebruik word nie tensy sodanige perseel vir sakedoeleindes gesoneer is in terme van die munisipaliteit se dorpsaanleskemaregulasies.

(3) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op enige teken waarna in paragraaf (i), (ii), (iv), (vi), (vii), (viii), (ix), (x), (xi), (xv) of (xvi) van artikel 22(2) verwys word nie.

(4) Waar 'n teken vertoon word deur middel van 'n toestel waardeur 'n reeks opeenvolgende tekens op een plek vertoon word, is die bepalings van subartikel (1), onderworpe aan die volgende voorwaardes, nie van toepassing op enige sodanige teken wat aldus vertoon word nie:—

(a) Geen teken in sodanige reeks, uitgesonderd 'n teken wat kragtens subartikel (1) toegelaat word, mag vir 'n tydperk van langer as twintig sekondes op 'n keer vertoon word nie.

(b) Die afsonderlike tekens wat agtereenvolgens binne enige bepaalde tydperk van 10 minute vertoon word, moet almal geheel en al van mekaar verskil vir sover dit inhoud betref; met dien verstande dat hierdie paragraaf nie van toepassing is op enige teken wat kragtens subartikel (1) toegelaat word nie.

(c) Waar sodanige toestel in staat is om nuus te vertoon of om vermaaklikheid te verskaf, mag dit nie in werking gestel word in 'n posisie of plek waar sodanige werking, na die mening van die munisipaliteit, ophoping van voertuig- of voetgangerverkeer kan veroorsaak of vererger nie.

**Contents of Signs**

6. (1) No sign on any premises shall contain any words, letters, figures, symbols, pictures or devices (hereinafter called ''subject matter'') unless every part of such subject matter falls into one or more of the following categories:—

(a) The name, address and telephone number of such premises or part thereof.

(b) The name of the occupier of such premises or part thereof.

(c) A general description of the type of trade, industry, business or profession lawfully conducted on such premises or part thereof by the occupier thereof.

(d) Any information, recommendation or exhortation concerning, or any name, description, particulars or other indication of—

(i) any goods, not being samples, regularly and lawfully manufactured, kept and sold or kept and offered for sale on such premises; or

(ii) any services regularly and lawfully rendered or offered on such premises; or

(iii) any catering or any entertainment or amusement or any cultural, educational, recreational, social or similar facilities lawfully provided or made available on such premises, or any meeting, gathering or function lawfully held on such premises;

provided that this paragraph shall not be construed as permitting any subject matter which, in the opinion of the municipality is an evasion of or not in accordance with the intent of this paragraph.

(2) Notwithstanding the provisions of sub-section (1), in the case of any premises partly or wholly used for residential purposes, no sign other than the name of such premises shall be displayed on the part of such premises used for residential purposes unless the premises is zoned for business purposes in terms of the municipality's town planning scheme regulations.

(3) The provisions of this section shall not apply to any sign referred to in paragraph (i), (ii), (iv), (vi), (vii), (viii), (ix), (x), (xi), (xv) or (xvi) of section 22(2).

(4) Where a sign is displayed by means of a device whereby a series of consecutive signs is displayed at one place, the provisions of sub-section (1) shall, subject to the following conditions, not apply to any such sign so displayed:—

(a) No sign in such series, other than a sign permitted in terms of sub-section (1), shall be displayed on any one occasion for a longer period than twenty seconds.

(b) The individual signs consecutively displayed within any particular 10-minute period shall all be completely different from one another in so far as their subject matter is concerned; provided that this paragraph shall not apply to any sign permitted in terms of sub-section (1).

(c) Where such device is capable of displaying news or of providing entertainment it shall not be operated in any position or place where in the opinion of the municipality such operation is calculated to bring about or to aggravate congestion of vehicular or pedestrian traffic.

(d) Ongeag of sodanige toestel in staat is om nuus te vertoon of vermaaklikheid te verskaf of nie, mag dit nie in werking gestel word in 'n posisie of plek waar sodanige werking of enige samekoms van persone wat daardeur veroorsaak word, na die mening van die munisipaliteit, afbreuk kan doen aan die geriewe van die omgewing of die waarde van eiendom kan laat verminder of 'n openbare oorlas kan veroorsaak nie.

(e) Geen sodanige teken mag 'n onbelemmerde hoogte van minder as 5 m hê nie.

(f) Ondanks die feit dat die munisipaliteit goedkeuring verleen het vir die vertoning van die tekens waarna in hierdie subartikel verwys word, besit die munisipaliteit die reg om te eniger tyd daarna sodanige goedkeuring in te trek as hy oortuig is dat die vertoning van sodanige tekens in stryd is met paragraaf (a), (b) of (e) of die oorsaak is dat die toestande waarna in paragraaf (c) of (d) verwys word, ontstaan of ontstaan het.

(5) (a) Waar die munisipaliteit, deur middel van 'n skriftelike kennisgewing, enige persoon wat die tekens vermeld in subartikel (4) vertoon, in kennis stel dat sy goedkeuring van sodanige vertoning ingetrek is, moet sodanige persoon onmiddellik ophou om sodanige tekens te vertoon en die toestel deur middel waarvan sodanige tekens vertoon word, verwyder voor of op 'n datum wat in sodanige kennisgewing bepaal moet word, en sodanige datum kan deur die munisipaliteit na goeddunke verleng word.

(b) Iedereen wat in gebreke bly om aan 'n kennisgewing waarna in paragraaf (a) verwys word, te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en daarbenewens kan die munisipaliteit self op koste van sodanige persoon aan sodanige kennisgewing uitvoering gee.

**Tekens aan geboue**

7. Die volgende tekens en geen ander nie kan aan geboue bevestig of daarop geverf word; met dien verstande dat die munisipaliteit die oprigting van enige van of al die onderstaande tekens of die gebruik van sekere kleure daarin kan verbied:—

(a) Plat tekens.

(b) Tekens wat uitsteek.

(c) Lugtekens.

(d) Tekens wat aan verandas of balkonne bevestig of daarop geverf is.

(e) Tekens geverf op sonblindings wat aan geboue bevestig is.

(f) Enige teken waarna in paragrawe (i), (ii), (iv), (vii), (viii), (ix), (x), (xi), (xii), (xiii), (xiv), (xv) en (xvi) van artikel 22(2) verwys word, mits al die voorwaardes van toepassing op sodanige teken nagekom word.

**Plat tekens**

8. (1) Die totale oppervlakte van plat tekens mag hoogstens 40 $m^2$ wees of een-kwart van die totale oppervlakte van die hoofmuur waaraan hulle bevestig of waarop hulle geverf is, watter ook al die kleinste oppervlakte is; met dien verstande dat die munisipaliteit 'n kleiner totale oppervlakte vir enige plat teken kan vasstel.

(2) Geen plat teken mag bokant sodanige hoofmuur of verby enige ent van sodanige hoofmuur uitsteek nie.

(3) (a) Waar 'n gebou wat aan 'n ander gebou grens en wat uitsteek oor die grenslyn van die toekomstige breedte van 'n geproklameerde pad of openbare pad, óf geheel en al óf gedeeltelik gesloop word en op so 'n wyse herbou word dat dit nie meer oor voornoemde grenslyn uitsteek nie, word geen plat teken toegelaat op die symuur van sodanige ander gebou wat uitsien op die gebou wat aldus

(d) No such device whether or not it is capable of displaying news or of providing entertainment shall be operated in any position or place where in the opinion of the municipality such operation or any gathering of persons brought about thereby is calculated to detract from the amenities of the neighbourhood or to depreciate property or to cause a public nuisance.

(e) No such sign shall have a clear height of less than 5 m.

(f) Notwithstanding the granting of approval by the municipality for the display of signs referred to in this sub-section, the municipality shall be entitled at any time thereafter to revoke such approval if it is satisfied that the display of such signs is in contravention of paragraph (a), (b) or (e) or is bringing or has brought into existence the conditions referred to in paragraph (c) or (d).

(5) (a) Where the municipality, by notice in writing informs any person displaying signs referred to in sub-section (4) of the revocation of its approval for such display, such person shall forthwith cease to display such signs and shall remove the device by means whereof such signs are displayed by a date to be specified in such notice, which date may be extended by the municipality as it may deem fit.

(b) Any person who fails to comply with any notice referred to in paragraph (a) shall be guilty of an offence, and in addition the municipality itself may give effect to such notice at the expense of such person.

**Signs on Buildings**

7. The following signs and no others may be affixed to or painted on buildings; provided that the municipality may prohibit the erection of certain or all of the under mentioned signs or the use of certain colours therein:—

(a) Flat signs.

(b) Projecting signs.

(c) Sky signs.

(d) Signs affixed to or painted on verandah or balconies.

(e) Signs painted on sun blinds affixed to buildings.

(f) Any sign referred to in paragraphs (i), (ii), (iv), (vi), (vii), (viii), (ix), (x), (xi), (xii), (xiii), (xiv), (xv) and (xvi) of section 22(2); provided that all the conditions applicable to such sign are complied with.

**Flat Signs**

8. (1) Flat signs shall not exceed, in aggregate area, 40 $m^2$ or one-quarter of the overall area of the main wall to which they are affixed or on which they are painted, whichever of these figures is the lesser; provided that the municipality may fix a lesser aggregate area for any flat sign.

(2) No flat sign shall extend above the top of such main wall or beyond either end of such main wall.

(3) (a) Where a building which is adjacent to another building, and which extends over the boundary line of the prospective width of a proclaimed road or public street, is demolished either wholly or partially and is reconstructed in such a manner that it no longer extends over the aforementioned boundary line, no flat sign will be permitted on the sidewall of such other building facing the building so re-constructed, in so far as the said sidewall

herbou is, vir sover genoemde symuur oor die voornoemde grenslyn uitsteek nie.

(b) Vir sover dit hierdie artikel betref, beteken—

(i) ''toekomstige breedte'', met betrekking tot 'n geproklameerde pad, die wetlike breedte soos beoog by enige wetgewing afgekondig deur enige wetgewende liggaam wat die bevoegdheid het om sodanige wetgewing oor sodanige saak te maak, en met betrekking tot 'n openbare pad beteken dit die breedte waartoe dit verbreed gaan word in ooreenstemming met 'n dorpsaanlegskema, ongeag of dit opgestel word, op goedkeuring wag of in werking is;

(ii) ''aangrensend'' of ''grens aan'' 'n afstand van 6 m of minder.

**Tekens wat uitsteek**

9. (1) Geen deel van 'n teken wat uitsteek, mag voor die hoofmuur waaraan sodanige teken bevestig is, verder uitsteek nie as —

(i) 1,5 m in die geval van 'n teken wat 'n onbelemmerde hoogte van minstens 5 m het; of

(ii) 1 m in die geval van enige ander teken;

met dien verstande egter dat waar 'n teken 'n onbelemmerde hoogte van minder as 5 m het—

(a) enige deel van sodanige teken wat nie meer as 600 mm in diepte is nie, meer as 1 m maar nie meer as 1,5 m nie kan uitsteek soos voormeld; met dien verstande dat daar 'n onbelemmerde vertikale afstand van minstens 3,6 m moet wees tussen enige twee agtereenvolgende dele, indien daar is, wat aldus uitsteek; en

(b) enige sodanige teken wat nie meer as 600 mm in diepte is nie, meer as 1 m maar nie meer as 1,5 m nie kan uitsteek soos voormeld; met dien verstande dat daar 'n onbelemmerde vertikale afstand van minstens 3,6 m moet wees tussen enige twee sodanige tekens, indien daar is, wat in dieselfde vertikale vlak is.

(2) Geen teken wat uitsteek, mag bokant die bopunt van die hoofmuur waaraan dit bevestig is, uitsteek nie.

(3) Die diepte van 'n teken wat uitsteek, mag nie een-en-'n-kwart maal die onbelemmerde hoogte van sodanige teken oorskry nie.

(4) 'n Teken wat uitsteek, mag nie 'n dikte van meer as 600 mm hê nie.

**Lugtekens**

10. (1) Die diepte van 'n lugteken mag nie meer wees as een-sesde van die onbelemmerde hoogte van sodanige lugteken nie.

(2) Geen lugteken mag voor 'n hoofmuur van 'n gebou uitsteek sodat dit, volgens bo-aansig, verby die dak van sodanige gebou in enige rigting uitsteek nie.

(3) Die lengte van 'n lugteken mag nie meer wees as —

(i) 14 m as die diepte van sodanige lugteken nie meer as 4,5 m is nie, of

(ii) 18 m as die diepte van sodanige lugteken meer as 4,5 m is nie.

(4) Onderworpe aan die voorafgaande bepalings van hierdie artikel kan die munisipaliteit 'n lugteken van langer as 18 m toelaat as die straatfront van 'n perseel 55 m oorskry; met dien verstande dat—

extends over the aforementioned boundary line.

(b) For the purposes of this section —

(i) ''prospective width'' in relation to a proclaimed road shall mean the statutory width as contemplated by any enactment promulgated by any legislative body which has competency to pass legislation on such a matter and in relation to a public road shall mean the width whereto it is to be widened in accordance with a town planning scheme whether in the course of preparation, awaiting approval or in operation;

(ii) ''adjacent'' shall mean a distance of 6 m or less.

**Projecting Signs**

9. (1) No part of any projecting sign shall project in front of the main wall to which such sign is affixed to a greater extent than —

(i) 1,5 m in the case of a sign which has a clear height of not less than 7,5 m; or

(ii) 1m in the case of any other sign;

provided, however, that where such a sign has a clear height of less than 5 m—

(a) any portion of such sign which is not more than 600 mm in depth may project as aforesaid to an extent of more than 1 m but not more than 1,5 m; provided that there shall be a clear vertical distance of not less than 3,6 m between any two successive portions, if any, so projecting; and

(b) any such sign which is not more than 600 mm in depth may project as aforesaid to an extent of more than 1 m but not more than 1,5 m; provided that there shall be a clear vertical distance of not less than 3,6 m between any two such signs, if any, which are in the same vertical plane.

(2) No projecting sign shall extend above the top of the main wall to which it is affixed.

(3) The depth of a projecting sign shall not exceed one-and-a-quarter times the clear height of such sign.

(4) A projecting sign shall not exceed 600 mm in thickness.

**Sky-signs**

10. (1) The depth of a sky-sign shall not exceed one-sixth of the clear height of such sky-sign.

(2) No sky-sign shall project in front of a main wall of a building so as to extend, in plan, beyond the roof of such building in any direction.

(3) The length of a sky-sign shall not exceed:—

(i) 14 m, if the depth of such sky-sign does not exceed 4,5 m, or

(ii) 18 m, if the depth of such sky-sign exceeds 4,5 m.

(4) Subject to the preceding provisions of this section a municipality may allow a sky-sign in excess of 18 m in length whenever the street frontage of a site exceeds 55 m, provided that—

(i) sodanige lugteken uit 'n enkele reël vrystaande, afsonderlike, uitgesnyde silhoeët-letters, simbole of embleme moet bestaan, en

(ii) die lengte van sodanige lugteken hoogstens een-derde van die lengte van die padfront van so 'n perseel mag wees, en

(iii) sodanige lugteken parallel met die padfront van sodanige perseel opgerig moet word, en

(iv) as sodanige lugteken nie langer voldoen aan die voorafgaande bepalings van hierdie artikel nie weens die vermindering van die lengte van die padfront van sodanige perseel, die eienaar van sodanige perseel onverwyld sodanige lugteken moet verwyder of dit moet verander sodat dit aan sodanige bepalings voldoen.

**Tekens op verandas en balkonne**

11. (1) Die volgende tekens en geen ander nie mag aan verandas en balkonne bevestig of daarop geverf word:—

(i) Tekens wat plat bevestig is aan of geverf is op 'n borswering, balustrade of reling van 'n veranda of 'n balkon.

(ii) Tekens wat plat bevestig is aan of geverf is op 'n balk of fassie van 'n veranda of 'n balkon.

(iii) Tekens wat onderkant die dak van 'n veranda of die vloer van 'n balkon hang.

(2) Geen teken wat aan 'n borswering, balustrade of reling van 'n veranda of 'n balkon bevestig is, mag meer as 1 m in diepte wees, of bokant of onderkant of verby enige ent van sodanige borswering, balustrade of reling uitsteek of meer as 250 mm voor sodanige borswering, balustrade of reling uitsteek nie.

(3) Geen teken wat aan 'n balk of fassie van 'n veranda of balkon bevestig is, mag meer as 600 mm in diepte wees, of bokant of onderkant of verby enige ent van sodanige balk of fassie uitsteek, of meer as 250 mm voor sodanige balk of fassie uitsteek nie. Waar enige sodanige teken bevestig is aan 'n balk wat reghoekig met die boulyn en onderkant die dak van 'n veranda of die vloer van 'n balkon is, mag sodanige teken nie langer as 1,8 m wees nie.

(4) Geen teken wat onderkant die dak van 'n veranda of die vloer van 'n balkon hang, mag meer as 1,8 m in lengte of 600 mm in diepte wees nie. Elk sodanige teken moet reghoekig met die boulyn wees.

(5) Ondanks die voorafgaande is dit toelaatbaar om 'n teken op die dak van 'n veranda of balkon op te rig, onderworpe aan die volgende voorwaardes:—

(i) Sodanige teken moet uit 'n enkele reël afsonderlike, alleenstaande, uitgesnyde silhoeëtletters bestaan.

(ii) Sodanige teken moet geplaas word in die vertikale vlak wat deur die voorste rand van sodanige dak gaan, naamlik 'n rand parallel met die randsteenlyn.

(iii) Die inhoud van sodanige teken moet beperk wees tot dié waarna in paragrawe (a), (b) en (c) van artikel 6(1) verwys word.

(iv) Die diepte van sodanige teken mag hoogstens 600 mm wees.

(6) Ondanks die bepalings van artikel 17(1) is dit toelaatbaar dat 'n advertensie wat onderkant die dak van 'n veranda of die vloer van 'n balkon hang, van 'n rand bestaande uit lopende lig voorsien kan wees; met dien verstande dat sodanige lopende ligrand hoogstens 75 mm breed mag wees.

(i) such sky-sign shall consist of a single line of free standing, individual, cut-out, silhouette letters, symbols or emblems, and

| SABS 0131: Deel 2 | Die bewaring en hantering van vloeibare brandstof Deel 2: Groot verbruikersinstallasies. |
| SABS 0142 | Die bedrading van persele. |
| SABS 0177: Deel 5 | Brandtoetse op materiaal, komponente en elemente wat in geboue gebruik word Deel 5: Nie-brandbaarheid by 750 °C van boumateriaal. |
| SABS 193 | Branddempers. |
| SABS 0228 | Die identifisering en klassifisering van gevaarlike stowwe en goedere. |
| SABS 0230 | Vervoer van gevaarlike goedere— Inspeksievereistes vir padvoertuie. |
| SABS 0232: Deel 1 | Vervoer van gevaarlike goedere— Noodinligtingstelsels Deel 1: Noodinligtingstelsel vir padvervoer. |
| SABS 0400 | Die toepassing van die Nasionale Bouregulasies. |
| SABS 1186: Deel 1 | Simboliese veiligheidstekens Deel 1: Standaardtekens en algemene vereistes. |
| SABS 1253 | Branddeure en brandluike. |
| SABS 1398 | Padtenkwaens vir vlambare vloeistof met petroleum as basis. |
| SABS 1475: Deel 1 | Die produksie van vernude brandbestrydingstoerusting Deel 1: Draagbare hervulbare brandblussers. |
| SABS 1518 | Vervoer van gevaarlike goedere— Ontwerpvereistes vir padtenkwaens. |
| SABS 1571 | Vervoerbare hervulbare brandblussers. |
| SABS 1573 | Draagbare hervulbare brandblussers—Skuimtipe brandblussers. |

10871

## SCHEDULE 4

### SABS Codes of Practice and Specifications

| SABS Code | Title |
|---|---|
| SABS 019 | Portable metal containers for compressed gas—basic design, manufacture, use and maintenance. |
| SABS 087: Part 1 | The handling, storage and distribution of liquefied petroleum gas in domestic, commercial and industrial installations, Part 1: Liquefied petroleum gas installations involving gas storage containers of individual water capacity not exceeding 500 *l* and a combined water capacity not exceeding 3 000 *l* per installation. |
| SABS 087: Part 3 | The handling, storage and distribution of liquefied petroleum gas in domestic, commercial and industrial installations, Part 3: Liquefied petroleum gas installations involving storage vessels of individual water capacity exceeding 5 000*l*. |
| SABS 087: Part 4 | The handling, storage and distribution of liquefied petroleum gas in domestic, commercial and industrial installations, Part 4: Transportation of liquefied petroleum gas in bulk by road. |
| SABS 087: Part 7 | The handling, storage and distribution of liquefied petroleum gas in domestic, commercial and industrial installations, Part 7: Storage and filling sites for refillable liquefied petroleum gas (LPG) containers of capacity not exceeding 9 kg. |
| SABS 089: Part 1 | The petroleum industry, Part 1: Storage and distribution of petroleum products in above ground bulk installations. |
| SABS 089: Part 2 | The petroleum industry, Part 2: Electrical installations in the distribution and marketing sector. |
| SABS 0105: Part 1 | The classification, use and control of fire fighting equipment, Part 1: Portable fire extinguishers. |
| SABS 0108 | The classification of hazardous locations and the selection of apparatus for use in such locations. |
| SABS 0131: Part 2 | The handling and storage of liquid fuel, Part 2: Large consumer premises. |
| SABS 0142 | The wiring of premises. |
| SABS 0177: Part 5 | The testing of materials, components and elements used in buildings: Non-combustibility at 750 °C of building materials. |
| SABS 193 | Fire dampers. |
| SABS 0228 | The identification and classification of dangerous substances and goods. |
| SABS 0230 | Transportation of dangerous goods—Inspection requirements for road vehicles. |
| SABS 0232: Part 1 | Transportation of dangerous goods—Emergency information systems, Part 1: Emergency information systems for road transportation. |
| SABS 0400 | The application of the National Building Regulations. |
| SABS 1186: Part 1 | Symbolic safety signs, Part 1: Standard signs and general requirements. |
| SABS 1253 | Fire doors and fire shutters. |
| SABS 1398 | Road tank vehicles for flammable liquids. |
| SABS 1475: Part 1 | The production of reconditioned fire fighting equipment, Part 1: Portable rechargeable fire extinguishers. |
| SABS 1518 | Transportation of dangerous goods—Design requirements for road tankers. |
| SABS 1571 | Transportable rechargeable fire extinguishers. |
| SABS 1573 | Portable rechargeable fire extinguishers—Foam type extinguishers. |

10871

**MUNISIPALITEIT CEDERBERG**

**VERORDENING INSAKE DORPSGRONDE**

**(10/2004)**

**Doel van Verordening**

- Om die verwesenliking van 'n veilige en ongeskonde omgewing te bevorder tot voordeel van alle inwoners;
- Om voorsiening te maak vir bewaring van die dorpsgronde deur die verbod op beskadiging van plantegroei, voël- en dierelewe, die verwydering van enige materiaal en die onwettige bewoning van die dorpsgronde.

**Woordomskrywing**

1. In hierdie verordening sluit woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in, sluit die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd, geniet die Afrikaanse teks voorrang in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken:—

"dorpsgrond" enige grond of gedeelte van grond wat in besit of onder beheer van die munisipaliteit is en sluit in enige straat, pad, deurgang of openbare plek;

"munisipale gebied" die gebied soos beskryf in klousule 2(1) van die Instellingskennisgewing gepubliseer per Provinsiale Kennisgewing 482 gedateer 22 September 2000;

"munisipaliteit" die munisipaliteit van Cederberg gestig in terme van Artikel 12 van die Munisipale Strukturewet, 117 van 1998, Provinsiale Kennisgewing 482 gedateer 22 September 2000 en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, behoorlik gevolmagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening uit hoofde van 'n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan gemelde politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, agent of werknemer;

"openbare plek" enige plein, park, ontspanningsoord of oop terrein wat—

(a) by die munisipaliteit berus;

(b) die publiek die reg het om te gebruik, of

(c) getoon word op 'n algemene plan van 'n dorpsgebied in 'n akteregistrasiekantoor van 'n landmeter-generaal en wat verskaf is vir of gereserveer is vir die gebruik van die publiek of die eienaars van erwe in sodanige dorpsgbied;

"straat" enige pad, straat of deurgang of enige ander plek wat gewoonlik deur die publiek of 'n deel daarvan gebruik word of waartoe die publiek of 'n deel daarvan die reg van toegang het en tensy onbestaanbaar met die sinsverband, sluit dit ook in—

(a) die soom van enige sodanige pad, straat of deurgang;

(b) enige voetpad, sypaadjie of soortgelyke voetganger gedeelte van 'n padreserwe;

(c) enige brug, pont of drif waarvoor of waardeur enige sodanige pad, straat of deurgang loop;

(d) enige ander voorwerp wat 'n deel uitmaak van sodanige pad, straat of deurgang.

**Verbode handelinge**

2. Niemand mag sonder die toestemming van die munisipaliteit 'n hut, beskutting, kraal, woning of struktuur van enige soort op 'n gedeelte van die dorpsgrond of in 'n straat, pad, deurgang of openbare plek oprig of dit okkupeer of daarop kampeer.

3. Niemand mag sonder die voorafverkreë toestemming van die munisipaliteit enige verlate motorkarre of ander voertuie of masjinerie of enige verlate onderdele daarvan op enige gedeelte van die dorpsgrond ophoop, weggooi of aflaai of laat ophoop, weggooi of aflaai nie.

**CEDERBERG MUNICIPALITY**

**COMMONAGE BY-LAW**

**(10/2004)**

**Purpose of By-Law**

- To promote the achievement of a safe and sound environment for the benefit of all residents;
- To provide for the conservation of the commonage through the prohibition of damaging of vegetation, bird- and animal life, the removal of any material and the unlawful occupation of the commonage.

**Definitions**

1. In this by-law, words used in the masculine gender include the feminine, the singular includes the plural and vice versa, the Afrikaans text prevails in the event of an inconsistency between the different texts and unless the context otherwise indicates:—

"commonage" means any land or portion of land which is in possession or under control of the municipality and includes any street, road, thoroughfare or public place;

"municipal area" means the area described in Clause 2(1) of the Establishment Notice published under Provincial Notice 482 dated 22 September 2000;

"municipality" means the Municipality of Cederberg established in terms of Section 12 of the Municipal Structures Act, 117 of 1998, Provincial Notice 482 dated 22 September 2000 and includes any political structure, political office-bearer, councillor, duly authorised agent thereof or any employee thereof acting in connection with this by-law by virtue of a power vested in the municipality and delegated or sub-delegated to such political structure, political office-bearer, councillor, agent or employee;

"public place" means any square, park, recreation ground or open space which—

(a) is vested in the municipality;

(b) the public has the right to use, or

(c) is shown on a general plan of a township filed in a deeds registry or a Surveyor-General's office and has been provided for or reserved for the use of the public or the owners of erven in such township;

"street" means any road, street or thoroughfare or any other place which is commonly used by the public or any section thereof or to which the public or any section thereof has a right of access and except where in-consistent with the context includes—

(a) the verge of any such road, street or thoroughfare;

(b) any footpath, sidewalk or similar pedestrian portion of a road reserve;

(c) any bridge, ferry or drift traversed by any such road, street or thoroughfare;

(d) any other object belonging to such road, street or thoroughfare.

**Prohibited actions**

2. No person shall erect any hut, shelter, kraal, habitation or structure of any kind nor occupy, camp on any portion of the commonage or in any street, or road, thoroughfare or public place without the consent of the municipality.

3. No person shall without prior permission of the municipality, accumulate, dump or deposit or cause to be accumulated, dumped or deposited on any portion of the commonage any derelict motor cars or other vehicles or machinery or any derelict parts thereof.

4. (1) Geen persoon wat nie in besit is van 'n geldige permit deur die munisipaliteit uitgereik, mag op dorpsgrond klei, grond, sand, gruis of klippe grawe of verwyder nie.

(2) Die munisipaliteit kan permitte uitreik teen betaling vooruit van die gelde wat hy vasstel vir die verwydering van grond, klei, sand, gruis of klippe van afgebakende terreine.

5. Niemand mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die munisipaliteit bakstene maak of baksteen-, kalk- of houtskooloonde oprig op grond binne die munisipale gebied of op grond onder beheer van die munisipaliteit nie, behalwe op grond wat ingevolge 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of soneringskema vir sodanige doeleindes aangewys is en onderworpe aan die betaling van die gelde deur die munisipaliteit bepaal.

6. Niemand mag plante, struike, bome, hout, brandhout, kreupelhout, mis of gras wat op enige gedeelte van die dorpsgrond groei of daarop gevind word, afsny, beskadig, verbrand, vernietig, bymekaarmaak of verwyder sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die munisipaliteit nie.

7. Niemand mag aan 'n heining, hek, drinkbak, waterkraan of ander toestel of ding peuter of dit beskadig of die weiveld of bossies, bome of struike op die dorpsgrond aan brand steek nie.

8. Niemand mag van enige pad oor die dorpsgrond gebruik maak nie, behalwe dié wat van tyd tot tyd deur die munisipaliteit oopgestel word en dié ten opsigte waarvan die publiek 'n wettige gebruiksreg het.

9. Niemand mag gif vir watter doel ook al op die dorpsgrond of op enige straat, verkeersweg of openbare plek plaas of laat sonder die skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit nie.

10. Die munisipaliteit besit die reg om gedeeltes van die dorpsgrond af te sonder vir 'n skietbaan of skietbane en niemand mag met 'n geweer op enige ander gedeelte van die dorpsgrond skyfskiet nie behalwe op sodanige skietbaan of skietbane.

11. Die munisipaliteit kan valle vir ongediertes laat stel op die dorpsgronde en iedereen wat hom op enige wyse met sodanige valle bemoei of dit beskadig of 'n ongedierte daaruit loslaat of verwyder of laat loslaat of verwyder of toelaat dat dit gedoen word of op enige wyse karkasse daaruit verwyder sonder die voorafverkreë goedkeuring van die munisipaliteit, is skuldig aan 'n misdryf.

12. Niemand mag wild of voëls van watter soort ook al op die dorpsgrond doodmaak, vang of op hulle jag maak of hulle probeer doodmaak nie.

13. Niemand mag sonder die voorafverkreë toestemming van die munisipaliteit valle van watter soort ook al op die dorpsgrond stel nie.

14. Niemand mag die nes van voëls of watervoëls op die dorpsgrond of 'n openbare plek vernietig of die eiers of die kuikens daaruit haal nie.

**Strafbepalings**

15. Behalwe in die geval van die oprigting van 'n hut, of enige gebou of struktuur op dorpsgronde vir woondoeleindes, in welke geval die bepalings van die Wet op Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond, Wet 19 van 1998, sal geld, is iedereen wat die bepalings van hierdie verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen, skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met—

(1) 'n boete of gevangenisstraf, of óf sodanige boete óf sodanige gevangenisstraf óf beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;

(2) in die geval van 'n voortdurende misdryf, met 'n addisionele boete of 'n addisionele tydperk van gevangenisstraf, óf sodanige addisionele boete óf sodanige addisionele gevangenisstraf, óf beide sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur, en

(3) 'n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat na bevinding van die hof deur die munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim. 10872

4. (1) No person shall on the commonage dig or remove soil, clay, sand, gravel or boulders without being in possession of a valid and current permit issued by the municipality.

(2) The municipality may issue permits upon payment in advance of the charges fixed by it for the removal of soil, clay, sand, gravel or boulders from demarcated sites.

5. No person shall make bricks, or erect brick-, lime- or charcoal kilns, on any land within the municipal area, or on land under control of the municipality, without prior written consent of the municipality, except on land denoted for such purposes in terms of an approved spatial development plan and zoning scheme and further subject to payment of the fees determined by municipality.

6. No person shall cut, damage, burn, destroy, gather or remove any plants, shrubs, trees, timber, firewood, brushwood, manure or any grass growing or being upon any portion of the commonage without prior written permission of the municipality.

7. No person shall interfere with or cause damage to any fence, gate, drinking trough, water tap or other appliance or thing, or set fire to the pasture or any bush, tree, shrub on the commonage.

8. No person shall make use of any road over the commonage other than such roads as shall be allowed open by the municipality from time to time, and such roads to the use of which the public have a legal right.

9. No person shall deposit or in any way leave any poison for whatever purpose on the commonage or on any street, thoroughfare of public place without the written permission of the municipality.

10. The municipality has the right to set apart any portions of the commonage for the purpose of forming a rifle range or rifle ranges and no person shall practice target shooting with any rifle on any other portion of the commonage except on such range or ranges.

11. The municipality my cause traps to be set for vermin on the commonage and any person interfering with or damaging such traps in any way or letting loose or removing or causing to be loosened or removed any vermin there from or in any way disposing of any bodies there from without the prior approval of the municipality, shall be guilty of an offence.

12. No person shall kill, catch, capture or hunt or attempt to kill, any game or birds of whatsoever description on the commonage.

13. No person shall set traps of whatsoever description on the commonage without the prior consent of the municipality.

14. No person shall destroy the nest, or remove the eggs or young there from, of any birds or water-fowl on the commonage or any public place within the municipality.

**Penalties**

15. Except for the erection of a hut, building or any other structure for residential purposes on the commonage, in which case the provisions of the Act on Prevention of Ilegal Eviction and the Unlawful Occupation of land, Act 19 of 1998, shall prevail, any person who contravenes or fails to comply with the provisions of this by-law shall be guilty of an offence and shall on conviction be liable to—

(1) a fine or imprisonment, or either such fine or such imprisonment or both such fine and such imprisonment;

(2) in the case of a continuing offence, an additional fine or an additional period of imprisonment or either such additional fine or such additional imprisonment or both such additional fine and imprisonment for each day on which such offence is continued, and

(3) a further amount equal to any costs and expenses found by the court to have been incurred by the municipality as result of such contravention. 10872

## MUNISIPALITEIT CEDERBERG

## ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSVERORDENING

## (11/2004)

### Doel van Verordening

- Om voorsiening te maak vir die lewering van elektrisiteit aan inwoners in die regsgebied van die munisipaliteit;
- Om voorsiening te maak vir prosedures, metodes en praktyke om sodanige voorsiening van elektrisiteit te reguleer.

### WOORDBEPALING

1. In hierdie verordening sluit woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in, sluit die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd, geniet die Afrikaanse teks voorrang in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken:—

''aansitstroom van motor'' ten opsigte van wisselstroommotors die wortel van die gemiddelde kwadraatwaarde van die simmetriese stroom wat deur 'n motor geneem word wanneer dit krag ontvang teen die aangeslane spanning met die aansitter in die aansitposisie en die rotor gesluit;

''bewoner'' ten opsigte van enige perseel—

(a) enige persoon wat werklik sodanige perseel okkupeer;

(b) enige persoon wat wetlik daarop geregtig is om sodanige perseel te okkupeer;

(c) in 'n geval waar sodanige perseel onderverdeel is en aan loseerders of verskeie huurders verhuur word, die persoon wat die huurgeld wat deur sodanige loseerders of huurders betaalbaar is, ontvang ongeag of dit vir sy eie rekening is of as agent vir enige persoon wat daarop geregtig is of 'n belang daarby het, of

(d) enige persoon in beheer van sodanige perseel of wat verantwoordelik is vir die bestuur daarvan, met inbegrip van die agent van enige sodanige persoon wanneer hy/sy afwesig is uit die Republiek van Suid-Afrika, of as sy/haar verblyfplek onbekend is;

''bewys'' die noodsaaklike element van 'n stelsel vir die meet van voorafbetaalde elektrisiteit wat gebruik word om inligting van 'n verkooppunt na 'n voorafbetaalmeter oor te dra en omgekeerd;

''diensaansluiting'' alle kabels en toerusting wat nodig is om die hooftoevoerleiding aan die verbruiker se elektriese installasies by die punt van lewering te koppel;

''diensbeskermingstoestel'' enige sekering of stroombreker wat geïnstalleer is vir die doel om die munisipaliteit se toerusting te beskerm teen oorbelasting of foute wat in die installasie of op die interne diensaansluiting voorkom;

''die wet'' enige toepaslike wet, proklamasie, ordonnansie, wet van die parlement of bepaling wat die mag van die wet het;

''eienaar'' ten opsigte van 'n perseel die persoon in wie die wetlike titel daartoe vestig, mits—

(a) in die geval van onroerende eiendom—

(i) dit vir 'n tydperk van nie minder as 50 jaar verhuur is nie, ongeag of die huurkontrak geregistreer is of nie, die huurder daarvan, of

(ii) dit voordelig geokkupeer word ingevolge 'n serwituut of reg gelyksoortig daaraan, die bewoner daarvan;

(b) indien die eienaar wat hierbo omskryf is—

(i) oorlede of insolvent is, sy boedel tot die voordeel van sy krediteure aangewys het, deur 'n hofbevel onder kuratele geplaas is of 'n maatskappy is wat ontbind word of wat onder geregtelike bestuur is, die persoon in

## CEDERBERG MUNICIPALITY

## ELECTRICITY SUPPLY BY-LAW

## (11/2004)

### Purpose of By-Law

- To provide for the supply of electricity to the residents within the area of jurisdiction of the municipality;
- To provide for procedures, methods and practices to regulate such provision of electricity.

### DEFINITIONS

1. In this by-law, words used in the masculine gender include the feminine, the singular includes the plural and vice versa, the Afrikaans text prevails in the event of an inconsistency between the different texts and unless the context otherwise indicates:—

''accredited person'' means a person registered in terms of the Regulations as an electrical tester for single phase, an installation electrician or a master installation electrician, as the case may be;

''applicable standard specification'' means the standard specifications as listed in Schedule 1 attached to this by-law;

''certificate of compliance'' means a certificate issued in terms of the Regulations in respect of an electrical installation or part of an electrical installation by an accredited person;

''consumer'' in relation to premises means:

(i) any occupier thereof or any other person with whom the Municipality has contracted to supply or is actually supplying electricity thereat; or

(ii) if such premises are not occupied, any person who has a valid existing agreement with the Municipality for the supply of electricity to such premises; or

(iii) if there is no such person or occupier, the owner of the premises;

''credit meter'' means a meter where an account is issued subsequent to the consumption of electricity;

''electrical contractor'' means an electrical contractor as defined in the Regulations;

''electrical installation'' means an electrical installation as defined in the Regulations;

''high voltage'' means the set of nominal voltage levels that are used in power systems for bulk transmission of electricity in the range of $44\text{kV} < U_n \leq 220\text{ kV}$. [SABS 1019];

''low voltage'' means the set of nominal voltage levels that are used for the distribution of electricity and whose upper limit is generally accepted to be an a.c. voltage of 1000V (or a d.c. voltage of 1500 V). [SABS 1019];

''the law'' means any applicable law, proclamation, ordinance, act of parliament or enactment having force of law;

''medium voltage'' means the set of nominal voltage levels that lie above low voltage and below high voltage in the range of $1\text{ kV} < U_n \leq 44\text{ kV}$. [SABS 1019];

''meter'' means a device which records the demand and/or the electrical energy consumed and includes credit and prepayment meters;

''motor load, total connected'' means the sum total of the kW input ratings of all the individual motors connected to an installation;

''motor rating'' means the maximum continuous kW output of a motor as stated on the maker's rating plate;

wie die administrasie van sodanige eiendom vestig as eksekuteur, administrateur, trustee, gevolmagtigde, kurator, likwidateur of geregtelike bestuurder, wat ook al die geval mag wees, of

(ii) afwesig is uit die Republiek van Suid-Afrika, of as sy adres nie aan die munisipaliteit bekend is nie, enige persoon wat as agent of andersins die huur ten opsigte van sodanige perseel ontvang of daarop geregtig is, en

(iii) indien die munisipaliteit nie in staat is om te bepaal wie sodanige persoon is nie, die persoon wat geregtig is op voordelige gebruik van sodanige eiendom,

sal geag word die eienaar daarvan te wees, met uitsluiting van die persoon in wie die wetlike titel daarop gevestig is;

''elektriese installasie'' 'n elektriese installasie soos omskryf in die Regulasies;

''elektriese kontrakteur'' 'n elektriese kontrakteur soos omskryf in die Regulasies;

''geakkrediteerde persoon'' 'n persoon wat ingevolge die Regulasies geregistreer is as 'n elektriese toetser vir enkelfasige krag, 'n installasie-elektrisiën of 'n meester-installasie-elektrisiën, wat die geval ook al mag wees;

''gereedheidstoevoer'' 'n alternatiewe elektrisiteitsvoorsiening wat nie gewoonlik deur die verbruiker gebruik word nie;

''hoë spanning'' die stel nominale spanningsvlakke wat in kragstelsels gebruik word vir massatransmissie van elektrisiteit tussen 44kV<Un ≤220 kV. [SABS 1019];

''hooftoevoerleiding'' enige deel van die munisipaliteit se elektrisiteitsnetwerk;

''konvensionele meter'' 'n meter waar 'n rekening na die verbruik van elektrisiteit uitgereik word;

''lae spanning'' die stel nominale spanningsvlakke wat gebruik word vir die verspreiding van elektrisiteit en waarvan die boonste grens gewoonlik aanvaar word as 'n ws-spanning van 1000V (of 'n gs-spanning van 1500 V). [SABS 1019];

''medium spanning'' die stel nominale spanningsvlakke wat bo lae spanning en onder hoë spanning lê, tussen 1 kV < Un ≤44 kV. [SABS 1019];

''meter'' 'n toestel wat die vraag na en/of die verbruik van elektriese energie bepaal en sluit konvensionele en voorafbetaalmeters in;

''motorontwerpvermoë'' die maksimum aaneenlopende kW-uitset van 'n motor soos aangetoon op die vervaardiger se aanslagplaatjie;

''motorlading, totale gekoppelde'' die totaal van die kW-insetbedryfsvermoë van al die individuele motors wat aan 'n installasie gekoppel is;

''munisipaliteit'' die munisipaliteit van Cederberg gestig in terme van Artikel 12 van die Munisipale Strukturewet, 117 van 1998, Provinsiale Kennisgewing 482 gedateer 22 September 2000 en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, behoorlik gevolmagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening uit hoofde van 'n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan gemelde politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, agent of werknemer;

''perseel'' enige grond of enige gebou of struktuur bo of onder grondvlak, en sluit enige voertuig, vliegtuig of vaartuig in;

''punt van lewering'' die punt wat deur die munisipaliteit bepaal word en waar elektrisiteit aan enige perseel deur die munisipaliteit gelewer word;

''punt van meting'' die punt waar die verbruiker se elektrisiteitsverbruik gemeet word en wat kan wees by die leweringspunt of by enige ander punt in die verspreidingstelsel van

''motor starting current'' in relation to alternating current motors means the root mean square value of the symmetrical current taken by a motor when energised at its rated voltage with its starter in the starting position and the rotor locked;

''municipality'' means the Municipality of Cederberg established in terms of Section 12 of the Municipal Structures Act, 117 of 1998, Provincial Notice 482 dated 22 September 2000 and includes any political structure, political office-bearer, councillor, duly authorised agent thereof or any employee thereof acting in connection with this by-law by virtue of a power vested in the municipality and delegated or sub-delegated to such political structure, political office-bearer, councillor, agent or employee;

''occupier'' in relation to any premises means—

(a) any person in actual occupation of such premises;

(b) any person legally entitled to occupy such premises;

(c) in the case of such premises being subdivided and let to lodgers or various tenants, the person receiving the rent payable by such lodgers or tenants, whether on his own account or as agent for any person entitled thereto or interested therein, or

(d) any person in control of such premises or responsible for the management thereof, and includes the agent of any such person when he/she is absent from the Republic of South Africa or his/her whereabouts are unknown;

''owner'' in relation to premises means the person in whom is vested the legal title thereto; provided that—

(a) in the case of immovable property—

(i) leased for a period of not less than 50 years, whether the lease is registered or not, the lessee thereof, or

(ii) beneficially occupied under a servitude or right analogous thereto, the occupier thereof;

(b) if the owner as hereinbefore defined—

(i) is deceased or insolvent, has assigned his estate for the benefit of his creditors, has been placed under curatorship by order of court or is a company being wound up or under judicial management, the person in whom the administration of such property is vested as executor, administrator, trustee, assignee, curator, liquidator or judicial manager, as the case may be, or

(ii) is absent from the Republic of South Africa, or if his address is unknown to the municipality, any person who as agent or otherwise receives or is entitled to receive the rent in respect of such property, and

(iii) if the municipality is unable to determine who such person is, the person who is entitled to the beneficial use of such property,

shall be deemed to be the owner thereof to the exclusion of the person in whom is vested the legal title thereto;

''point of consumption'' means a point of consumption as defined in the Regulations; (SABS 0142);

''point of metering'' means the point at which the consumer's consumption of electricity is metered and which may be at the point of supply or at any other point on the distribution system of the municipality or the electrical installation of the consumer, as specified by the municipality; provided that it shall meter all of, and only, the consumer's consumption of electricity;

''point of supply'' means the point determined by municipality at which electricity is supplied to any premises by the municipality;

''premises'' means any land or any building or structure above or below ground level and includes any vehicle, aircraft or vessel;

''prepayment meter'' means a meter that can be programmed to

die munisipaliteit of die elektriese installasie van die verbruiker, soos gespesifiseer deur die munisipaliteit; met dien verstande dat al, en slegs, die verbruikers se elektrisiteitsverbruik gemeet sal word;

"punt van verbruik" 'n punt van verbruik soos omskryf in die Regulasies;

"Regulasies" Regulasies opgestel ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), soos gewysig;

"sertifikaat van voldoening" 'n sertifikaat wat ingevolge die Regulasies deur 'n geakkrediteerde persoon ten opsigte van 'n elektriese installasie of 'n gedeelte van 'n elektriese installasie uitgereik is;

"spanning" die wortel van die gemiddelde kwadraatwaarde van elektriese potensiaal tussen twee geleiers;

"tarief" die munisipaliteit se tarief vir die lewering van elektrisiteit;

"toepaslike standaardspesifikasie" die standaardspesifikasie soos genoem in Bylae 1 wat by hierdie verordening aangeheg is;

"veiligheidstandaard" die Praktykkode vir die Bedrading van Persele, SABS 0142, geïnkorporeer in die Regulasies;

"verbruiker" ten opsigte van persele:

(i) enige bewoner daarvan of enige ander persoon met wie die munisipaliteit 'n kontrak aangegaan het vir die lewering van elektrisiteit, of waar die munisipaliteit in werklikheid elektrisiteit lewer; of

(ii) indien sodanige perseel nie geokkupeer is nie, enige persoon wat 'n geldige bestaande ooreenkoms met die munisipaliteit het vir die lewering van elektrisiteit aan sodanige perseel; of

(iii) indien daar geen sodanige persoon of bewoner is nie, die eienaar van die perseel;

"vooruitbetaalmeter" 'n meter wat geprogrammeer kan word om die vloei van vooraf gekoopte hoeveelhede energie in 'n elektriese stroom toe te laat.

### Ander terme

2. Alle ander terme wat in hierdie verordening gebruik word, het, tensy anders vereis deur die konteks, die betekenis wat in die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet 41 van 1987), soos gewysig, of die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), soos gewysig, daaraan geheg word.

### Opskrifte en titels

3. Die opskrifte en titels in hierdie verordening sal nie 'n effek op die opstel daarvan hê nie.

## ALGEMENE VOORWAARDES VAN DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT

### Die lewering van elektrisiteitsdienste

4. Slegs die munisipaliteit sal binne sy regsgebied elektrisiteit lewer of 'n kontrak vir die lewering van elektrisiteit aangaan, met die uitsondering van daardie gebiede waar elektrisiteit deur Eskom gelewer word.

### Lewering volgens ooreenkoms

5. Geen persoon sal elektrisiteit wat deur die munisipaliteit gelewer word, gebruik of geregtig wees op die gebruik daarvan, tensy of totdat sodanige persoon 'n skriftelike ooreenkoms vir sodanige lewering met die munisipaliteit aangegaan het nie, en sodanige ooreenkoms saam met die bepalings van hierdie verordening sal sodanige lewering in alle opsigte beheer. Indien 'n persoon elektrisiteitsvoorsiening gebruik sonder dat 'n ooreenkoms aangegaan is, sal hy of sy aanspreeklik wees vir die koste van die elektrisiteit wat gebruik is, soos bepaal in artikel 44 van hierdie verordening.

allow the flow of pre-purchased amounts of energy in an electrical circuit;

"Regulations" means Regulations made in terms of the Occupational Health and Safety Act, 1993 (Act 85 of 1993), as amended;

"safety standard" means the Code of Practice for the Wiring of Premises SABS 0142 incorporated in the Regulations;

"service connection" means all cables and equipment required to connect the supply mains to the electrical installation of the consumer at the point of supply;

"service protective device" means any fuse or circuit breaker installed for the purpose of protecting the municipality's equipment from overloads or faults occurring on the installation or on the internal service connection;

"standby supply" means an alternative electricity supply not normally used by the consumer;

"supply mains" means any part of the municipality's electricity network;

"tariff" means the municipality**'s** tariff of charges for the supply of electricity;

"token" means the essential element of a prepayment metering system used to transfer information from a point of sale for electricity credit to a prepayment meter and *vice versa*;

"voltage" means the root-mean-square value of electrical potential between two conductors.

### Other terms

2. All other terms used in this by-law shall, unless the context otherwise requires, have the meaning assigned thereto in the Electricity Act, 1987 (Act 41 of 1987), as amended, or the Occupational Health and Safety Act, 1993 (Act 85 of 1993), as amended.

### Headings and titles

3. The headings and titles in this by-law shall not affect the construction thereof.

## GENERAL CONDITIONS OF SUPPLY

### Provision of electricity services

4. Only the municipality shall supply or contract for the supply of electricity within its area of jurisdiction with the exception of those areas where electricity is supplied by Eskom.

### Supply by agreement

5. No person shall use or be entitled to use an electricity supply from the municipality unless or until such person shall have entered into an agreement in writing with the municipality for such supply, and such agreement together with the provisions of this by-law shall in all respects govern such supply. If a person uses an electricity supply without entering into an agreement he shall be liable for the cost of electricity used as stated in section 44 of this by-law.

**Betekening van kennisgewing**

6. (1) Enige kennisgewing of ander dokument wat ingevolge hierdie verordening aan enige persoon beteken word, word beskou as beteken te wees—

(a) wanneer dit persoonlik by daardie persoon afgelewer is;

(b) wanneer dit by die persoon se blyplek of besigheid in die Republiek gelaat is by 'n persoon wat oënskynlik bo die ouderdom van sestien jaar is;

(c) wanneer dit per geregistreerde of gesertifiseerde pos na daardie persoon se laaste bekende woon- of besigheidsadres in die Republiek gepos is en 'n bewys van die pos daarvan by die posdiens verkry is;

(d) indien daardie persoon se adres in die Republiek onbekend is, as dit aan daardie persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek beteken is op die manier waarvoor in paragraaf (a), (b) of (c) voorsiening gemaak is; of

(e) indien daardie persoon se adres en agent of verteenwoordiger in die Republiek onbekend is, as dit vertoon word op 'n opsigtelike plek op die eiendom of perseel, indien enige, waarmee dit verband hou.

(2) Wanneer enige kennisgewing of ander dokument gemagtig moet word of aan die eienaar, bewoner of houer van enige eiendom of reg op enige eiendom beteken moet word, is dit voldoende as die persoon in die kennisgewing of ander dokument beskryf word as die eienaar, bewoner of houer van die betrokke eiendom of reg, en dit is nie nodig dat die persoon se naam genoem word nie.

**Voldoening aan kennisgewings**

7. Enige persoon aan wie 'n kennisgewing ingevolge hierdie verordening behoorlik uitgereik of beteken word, sal binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing gespesifiseer word, aan die voorwaardes voldoen.

**Aansoek om die lewering van elektrisiteit**

8. (1) Die voornemende verbruiker sal skriftelik op die voorgeskrewe vorm aansoek doen om die lewering van elektrisiteit. Die voorgeskrewe vorm is by die kantore van die munisipaliteit beskikbaar. Die benaderde belading, in kVA, van die installasie sal op die vorm genoem word. Sodanige aansoek sal so vroeg as moontlik gedoen word voordat die lewering van elektrisiteit verlang word om sodoende die werk van die munisipaliteit te vergemaklik.

(2) 'n Aansoek om die lewering van elektrisiteit vir 'n tydperk van minder as een jaar sal beskou word as 'n aansoek om tydelike elektrisiteitsvoorsiening en sal oorweeg word volgens die diskresie van die munisipaliteit, wat in so 'n geval enige spesiale voorwaardes waaraan voldoen moet word, kan spesifiseer.

**Die verwerking van aansoeke om die lewering van elektrisiteit**

9. Aansoeke om die lewering van elektrisiteit sal verwerk word en die lewering sal binne die tydperke wat in NRS 047 gestipuleer word, beskikbaar gemaak word.

**Gebruiksreg**

10. (1) Die munisipaliteit mag weier om 'n diensaansluiting bo of onder die grond te lê of op te rig op enige deurgang of grond wat nie in die munisipaliteit gevestig is nie of op enige privaat eiendom, tensy en totdat die voornemende verbruiker skriftelike toestemming en magtiging deur die eienaar van die genoemde privaat eiendom of deur die persoon in wie die wettige titel vir die grond of deurgang soos hierbo genoem, vestig, wat die geval ook al mag wees, vir die lê of oprigting van die diensaansluiting daarop, verkry en by die munisipaliteit ingedien het.

**Service of notice**

6. (1) Any notice or other document that is served on any person in terms of this by-law is regarded as having been served—

(a) when it has been delivered to that person personally;

(b) when it has been left at that person's place of residence or business in the Republic with a person apparently over the age of sixteen years;

(c) when it has been posted by registered or certified mail to that person's last known residential or business address in the Republic and an acknowledgement of the posting thereof from the postal service is obtained;

(d) if that person's address in the Republic is unknown, when it has been served on that person's agent or representative in the Republic in the manner provided by paragraphs (a), (b) or (c); or

(e) if that person's address and agent or representative in the Republic is unknown, when it has been posted in a conspicuous place on the property or premises, if any, to which it relates.

(2) When any notice or other document must be authorised or served on the owner, occupier or holder of any property or right in any property, it is sufficient if that person is described in the notice or other document as the owner, occupier or holder of the property or right in question, and it is not necessary to name that person.

**Compliance with notices**

7. Any person on whom a notice duly issued or given under this by-law is served shall, within the time specified in such notice, comply with its terms.

**Application for supply**

8. (1) Application for the supply of electricity shall be made in writing by the prospective consumer on the prescribed form obtainable at the office of the municipality , and the estimated load, in kVA, of the installation, shall be stated therein. Such application shall be made as early as possible before the supply of electricity is required in order to facilitate the work of the municipality.

(2) An application for an electricity supply for a period of less than one year shall be regarded as an application for a temporary supply of electricity and shall be considered at the discretion of the municipality, which may specify any special conditions to be satisfied in such case.

**Processing of requests for supply**

9. Applications for the supply of electricity will be processed and the supply made available within the periods stipulated in NRS 047.

**Wayleaves**

10. (1) The municipality may refuse to lay or erect a service connection above or below ground on any thoroughfare or land not vested in the municipality or on any private property, unless and until the prospective consumer shall have obtained and deposited with the municipality written permission granted by the owner of the said private property or by the person in whom is vested the legal title to the land or thoroughfare as aforesaid exists, as the case may be, authorising the laying or erection of a service connection thereon.

(2) Indien sodanige toestemming te eniger tyd teruggetrek word of indien die bogenoemde privaat eiendom of deurgang van eienaar verander en die nuwe eienaar weier om sodanige toestemming te verleen of om voort te gaan daarmee, sal die koste van enige veranderinge wat aan die diensaansluiting aangebring moet word sodat die lewering van elektrisiteit kan voortgaan, of enige verwydering daarvan wat onder die omstandighede nodig mag wees, gedra word deur die verbruiker by wie se perseel die voorsiening van elektrisiteit voortgesit moet word.

**Statutêre serwituut**

11. (1) Onderworpe aan die bepalings van subartikel (3) mag die munisipaliteit binne die munisipale gebied:

(a) elektrisiteitsdienste lewer, vestig en in stand hou;

(b) elektrisiteitshooftoevoerleiding verkry, oprig, lê, uitbrei, vergroot, herlei, in stand hou, herstel, uit gebruik stel, sluit en vernietig;

(c) enige elektrisiteitshooftoevoerleiding bou, oprig of lê op, oor, deur, bo-oor of onder enige straat of vaste eiendom en die eienaarskap van sodanige hooftoevoerleiding sal in die munisipaliteit vestig;

(d) enigiets anders doen wat nodig of wenslik is vir of insidenteel, aanvullend of bykomstig is tot enige ander saak wat in paragraaf (a) tot (c) bedoel word.

(2) Indien die munisipaliteit enige elektrisiteitshooftoevoerleiding bou, oprig of lê op, oor, deur, bo-oor of onder enige straat of vaste eiendom wat nie die eiendom van die munisipaliteit is nie, of nie onder die beheer van of bestuur van die munisipaliteit is nie, sal die munisipaliteit aan die eienaar van sodanige straat of eiendom vergoeding betaal, waaroor die eienaar en die munisipaliteit ooreenkom. In die afwesigheid van 'n ooreenkoms, sal dit deur arbitrasie of 'n geregshof bepaal word.

(3) Die munisipaliteit sal, voordat daar begin word met enige werk anders as herstel- of instandhoudingswerk aan of in verband met enige elektrisiteitshooftoevoerleiding op vaste eiendom wat nie deur die munisipaliteit besit of beheer word nie, aan die eienaar of bewoner van sodanige eiendom redelike kennis gee van die voorgenome werk en die datum waarop daar waarskynlik met sodanige werk begin sal word.

**Reg van toegang om inspeksie te doen, te toets en/of instandhoudingswerk te doen**

12. (1) Die munisipaliteit sal toegang hê tot of oor enige eiendom vir die doel om—

(a) enigiets te doen wat ingevolge hierdie verordening of enige ander wet deur die munisipaliteit gedoen moet word;

(b) enige verbruiksleiding en enigiets wat daarmee verband hou te inspekteer en te ondersoek;

(c) navraag te doen oor en ondersoek in te stel na enige moontlike bron van elektrisiteitsvoorsiening of die geskiktheid van vaste eiendom vir enige werk, skema of onderneming van die munisipaliteit en die maak van enige opname wat in verband daarmee nodig is;

(d) vas te stel of daar 'n oortreding van die bepalings van hierdie verordening of *enige ander wet* plaasvind of plaasgevind het, en

(e) om te verseker dat daar voldoen word aan die bepalings van hierdie verordening *of enige ander wet.*

(2) Die munisipaliteit sal die aan enige persoon vergoeding betaal waarop die munisipaliteit en sodanige persoon ooreenkom, of indien daar nie 'n ooreenkoms is nie, soos wat deur middel van arbitrasie of deur 'n geregshof bepaal word, indien die persoon skade ly as gevolg van die uitoefening van die reg tot toegang

(2) If such permission is withdrawn at any time or if the aforesaid private property or thoroughfare changes ownership and the new owner refuses to grant or continue such permission, the cost of any alteration required to be made to a service connection in order that the supply of electricity may be continued, and of any removal thereof which may become necessary in the circumstances, shall be borne by the consumer to whose premises the supply of electricity is required to be continued.

**Statutory servitude**

11. (1) Subject to the provisions of subsection (3) the municipality may within its municipal area:

(a) provide, establish and maintain electricity services;

(b) acquire, construct, lay, extend, enlarge, divert, maintain, repair, discontinue the use of, close up and destroy electricity supply mains;

(c) construct, erect or lay any electricity supply main on, across, through, over or under any street or immovable property and the ownership of any such main shall vest in the municipality;

(d) do any other thing necessary or desirable for or incidental, supplementary or ancillary to any matter contemplated by paragraphs (a) to (c).

(2) If the municipality constructs, erects or lays any electricity supply main on, across, through, over or under any street or immovable property not owned by the municipality or under the control of or management of the municipality it shall pay to the owner of such street or property compensation in an amount agreed upon by such owner and the municipality or, in the absence of agreement, be determined either by arbitration or a court of law.

(3) The municipality shall, before commencing any work other than repairs or maintenance on or in connection with any electricity supply main on immovable property not owned by the municipality or under the control or management of the municipality, give the owner or occupier of such property reasonable notice of the proposed work and the date on which it proposes to commence such work.

**Right of admittance to inspect, test and/or do maintenance work**

12. (1) The municipality shall, through its employees, contractors and their assistants and advisers, have access to or over any property for the purposes of—

(a) doing anything authorised or required to be done by the municipality under this by-law or any other law;

(b) inspecting and examining any service mains and anything connected therewith;

(c) enquiring into and investigating any possible source of electricity supply or the suitability of immovable property for any work, scheme or undertaking of the municipality and making any necessary survey in connection therewith;

(d) ascertaining whether there is or has been a contravention of the provisions of this by-law *or any other law*, and

(e) enforcing compliance with the provisions of this by-law *or any other law*.

(2) The municipality shall pay to any person suffering damage as a result of the exercise of the right of access contemplated by sub-section (1), except where the municipality is authorised to execute on the property concerned any work at the cost of such person or some other person or to execute on such property any work and recover the cost thereof from such person or some

soos bedoel in subartikel (1), behalwe waar die munisipaliteit gemagtig is om enige werk wat op die betrokke eiendom gedoen moet word op sodanige persoon of enige ander persoon se koste te doen of om op sodanige eiendom enige werk te doen en die koste daarvan van sodanige persoon of van enige ander persoon te verhaal.

(3) Die munisipaliteit mag, na skriftelike kennisgewing wat aan die eienaar of bewoner van enige eiendom beteken is, van sodanige eienaar of bewoner verlang om op die dag en tyd wat in sodanige kennisgewing genoem word, toegang tot sodanige eiendom te verleen aan ’n persoon en vir die doeleindes waarna in subartikel (1) verwys is.

(4) Die munisipaliteit mag sonder kennisgewing toegang tot en oor enige eiendom verkry en kan enige stappe doen wat na die mening van die munisipaliteit nodig of wenslik mag wees as gevolg van ’n staat van oorlog of die voorkoms van enige ramp, noodtoestand of ongeluk.

**Weiering of versuim om inligting te verskaf**

13. Geen persoon sal weier of versuim om sodanige inligting te verstrek as wat redelik deur die munisipaliteit van hom verlang kan word, of enige vals inligting aan enige sodanige amptenaar te verskaf in verband met enige elektriese installasiewerk wat voltooi is of beoog word nie.

4. Die eienaar van diere wat weens oortreding geskut kan word, kan, voordat die diere verwyder word van die eiendom waarop hulle oortree het, die persoon wat oor die oortreding kla 'n som geld aanbied om hom te vergoed vir die skade wat hy gely het. So 'n aanbod word aan die klaer self of sy opsigter gedoen. Indien sodanige diere reeds op pad na die skut is, kan die eienaar daarvan 'n som geld aanbied om vir die skade of enige ander koste te vergoed. Sodanige aanbod kan gedoen word aan die klaer self of sy eienaar of agent belas met die plig om die diere na die skut te neem.

**Aanneem van diere deur skutmeester**

5. (1) Dit is die plig van elke skutmeester om alle diere onder sy sorg te neem wat gedurende die ure, soos deur die munisipaliteit vasgestel, na sy skut gebring word deur die grondeienaar of deur 'n persoon wat skriftelik deur sodanige grondeienaar of opsigter daartoe gemagtig is, om geskut te word omrede hulle oortree het op die grond van sodanige grondeienaar.

(2) 'n Skutmeester wat onredelik weier of versuim om diere te ontvang wat soos voornoem na sy skut gebring word, is skuldig aan 'n misdryf, en is bykomend aanspreeklik vir alle skade wat die eienaar van genoemde diere of enige ander persoon ly weens sodanige weiering of versuim; met dien verstande dat indien 'n dier wat sigbaar aan 'n aansteeklike siekte ly na die skut gebring word, sodanige dier van alle ander geskutte diere afgesonder moet word, en die skutmeester sulke diere kan laat afmaak kragtens die bepalings van artikel 8.

**Ontvangsbewys vir geskutte diere**

6. Elke skutmeester moet aan die persoon wat diere onder sy sorg laat, 'n skriftelike ontvangsbewys gee waarin die getal en beskrywing van die diere aldus in sy sorg gelaat en die oortreding waarvoor genoemde diere geskut moet word, uiteengesit word.

**Getal kampe**

7. Elke skutmeester moet minstens vyf afsonderlike kampe in 'n goeie toestand en sover moontlik vry van alle besmetting in stand hou vir—

(a) volstruise en perde;

(b) beeste, en

(c) skape, bokke en varke;

(d) honde;

(e) katte;

met dien verstande dat 'n munisipaliteit ten opsigte van enige skut in sy gebied verlof aan die skutmeester kan gee om 'n kleiner getal kampe daarop in stand te hou.

**Afmaak van gevaarlike of aansteeklike diere**

8. 'n Skutmeester mag enige geskutte dier afmaak of laat afmaak wat aan 'n aansteeklike siekte ly of wat moontlik gevaarlik vir mense of vir ander geskutte diere kan wees; met dien verstande dat geen sodanige dier afgemaak mag word nie tensy 'n veearts dit ondersoek het en met die skutmeester ooreengekom het oor die noodsaaklikheid daarvan om dit af te maak.

**Kennisgewing van geskutte diere**

9. Elke skutmeester wat bekend is met die naam van die eienaar van 'n dier wat in sy skut is, moet sonder versuim skriftelike kennis aan sodanige eienaar gee dat genoemde dier geskut is.

**Pound to which animals are to be sent**

3. Any proprietor upon whose land any animals are found trespassing may send such animals to such pound as is nearest by a passable road or thoroughfare to the land trespassed upon, or such other pound designated by the municipality.

**Offer by owner before impoundment of animals**

4. The owner of any animals liable to impoundment for trespassing may, before the animals are removed from the property trespassed upon, offer to the person complaining of the trespassing a sum of money in compensation of the damage suffered by him. Such offer shall be made to the complainant himself or to his servant or agent charged with the duty of taking the animals to the pound.

**Receiving of animals by pound master**

5. (1) It shall be the duty of every pound master to receive into his charge all animals brought to his pound, during such hours as the municipality may determine, by the proprietor, or by any person authorized in writing thereto by such proprietor or caretaker, to be impounded for having been found trespassing upon the land of such proprietor.

(2) Any pound master who unreasonably refuses or fails to receive animals brought to his pound as aforesaid shall be guilty of an offence and shall, in addition, be liable for any damage caused to the owner of the said animals, or to any other person, by reason of such refusal of failure; provided that, if any animal suffering from any contagious disease is brought to the pound, such animal shall be kept separate from all other impounded animals, and the pound master may cause such animals to be finished off under the provisions of section 8.

**Receipt for impounded animals**

6. Every pound master shall give the person delivering animals into his charge a written receipt, indicating the number and description of the animals so delivered, and specifying the trespassing for which the said animals, as reported, are to be impounded.

**Number of enclosures**

7. Every pound master shall maintain in good repair and, as far as possible, free from all infection, not less than five separate enclosures for—

(a) ostriches and horses;

(b) cattle

(c) sheep, goats and pigs;

(d) canine;

(e) feline;

provided that a municipality may in regard to any pound in its area give permission to the pound master to maintain a smaller number of enclosures thereon.

**Finishing off of dangerous or contagious animals**

8. A pound master may cause to be finished off any impounded animal suffering from a contagious disease, or which may prove dangerous to human life or other animals impounded; provided that no such animal shall be finished off unless a veterinary surgeon has examined it and has agreed with the pound master as to the necessity for its finishing off.

**Notice of impounded animals**

9. Every pound master who knows the name of the owner of any animal impounded in his pound shall forthwith give written notice to such owner that the said animal has been impounded.

**Byhou van skutregister**

10. (1) Elke skutmeester moet 'n skutregister hou waarin die volgende besonderhede aangeteken word:

(a) die datum waarop en die rede waarom alle diere wat deur hom ontvang is, geskut is;

(b) die getal en beskrywing van sodanige diere;

(c) die naam en woonplek van die persoon wat sodanige diere skut, en die naam en woonplek van die eienaar of vermeende eienaar;

(d) die datum en besonderhede van die los of verkoop van die diere, na gelang van die geval, en

(e) alle ander sake wat die munisipaliteit hom gelas om vas te stel en aan te teken.

(2) Die inskrywing onder subartikel (1)(a), (b) en (c) moet gedoen word wanneer die diere geskut word en die inskrywings onder subartikel (1)(d) en (e) moet gedoen word sodra die skutmeester in besit kom van die nodige besonderhede; met dien verstande dat geen inskrywing gedoen mag word nadat 'n geskil ontstaan het nie.

(3) In geval van die dood of besering van 'n geskutte dier moet die skutmeester 'n beskrywing van sodanige dier en die oorsaak van die dood of besering daarvan in sy skutregister aanteken.

**Insae in en uittreksels uit skutregister**

11. Elke skutregister moet by die skut of 'n ander goedgekeurde plek gehou word en moet op alle redelike rye ter insae wees van enige gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit, veearts, vee-inspekteur, en enige lid van die polisiemag of van die publiek.

**Voorlegging van skutregisterinskrywings na skutverkoping**

12. Elke skutmeester moet binne veertien dae na die datum van elke skutverkoping 'n afskrif aan die munisipaliteit voorlê van alle inskrywings in sy skutregister wat gedoen is sedert die datum van die vorige voorlegging. Die munisipaliteit moet al sodanige afskrifte bewaar ter insae van enige persoon wat dit verlang.

**Insae in skutregister op plek van verkoping**

13. Wanneer 'n verkoping gehou gaan word van diere wat geskut is, moet die skutmeester of 'n persoon wat gemagtig is om die verkoping waar te neem, die skutregister met hom saamneem na die plek van verkoping, en sodanige register moet op die plek van verkoping kosteloos ter insae wees van alle persone wat dit verlang.

**Skutmeestergelde**

14. (1) Die munisipaliteit kan gelde, koste of tariewe vasstel vir die aanhou van diere in 'n skut en kan by die vasstelling van sodanige gelde en koste of tariewe onderskei tussen verskillende soorte diere en voorsiening maak vir die hou en voer van diere in afsonderlike kampe.

(2) Elke skutmeester is geregtig om die gelde, koste of tariewe wat deur die munisipaliteit ingevolge subartikel (1) vasgestel word te eis ten opsigte van elke dier wat hy ingevolge hierdie verordening skut.

**Gelde betaalbaar**

15. (1) Die gelde, koste en tariewe wat ingevolge artikel 14 vasgestel word, moet aan die skutmeester deur die eienaar van die diere wat geskut is, betaal word tesame met enige onkoste wat die skutmeester aangegaan het, en sodanige diere kan deur die skutmeester as waarborg vir die betaling van sodanige gelde, koste en tariewe gehou word; met dien verstande dat—

(a) indien die waarde van die diere wat geskut is meer is as die totale bedrag wat daarop verskuldig is, soos bepaal

**Keeping of pound register**

10. (1) Every pound master shall keep a pound register with the following particulars:

(a) the date when, and the cause for which, all animals received by him are impounded;

(b) the number and description of such animals;

(c) the name and residence of the person impounding such animals, and the name and residence of the owner or supposed owner;

(d) the date and particulars of the release of sale of the animals, as the case may be, and

(e) any other matters which he may be directed by the municipality to ascertain and record.

(2) The entries under subsection (1)(a), (b) and (c) shall be made at the time the animals are impounded and the entries under subsection (1)(d) and (e) shall be made as soon as the pound master obtains the necessary information; provided that no entry shall be made after a dispute has arisen.

(3) In case of the death of injury of any impounded animal, the pound master shall enter in his pound register a description of such animal and the cause of its death or injury.

**Inspection of and extracts from pound register**

11. Every pound register shall be kept at the pound or any other approved place and shall at all reasonable times be open for inspection, free of charge, to any authorized officer of the municipality, veterinary surgeon, stock inspector, and any member of the police service of the public.

**Submission of pound register entries after pound sales**

12. Every pound master shall within a fortnight after the date of each pound sale submit to the municipality a copy of all entries in his pound register made since the date of the preceding submission. The municipality shall preserve all such copies for inspection by any person desirous of seeing them.

**Inspection of pound register at place of sale**

13. Whenever a sale of impounded animals is to take place, the pound master or a person authorized to conduct the sale, shall take the pound register with him to the place of sale, and such register shall be open for inspection, free of charge, at the place of sale to all persons desirous of inspecting it.

**Pound master's fees**

14. (1) The municipality may fix fees and charges or tariffs for the keeping of animals in a pound and may, in determining such fees and charges or tariffs, distinguish between different kinds of animals and provide for the keeping and feeding of animals in separate enclosures.

(2) Every pound master shall be entitled to claim the fees and charges or tariffs determined by the municipality in terms of subsection (1) for every animal impounded by him in terms of this by-law.

**Fees payable**

15. (1) The fees and charges or tariffs determined by the municipality in terms of section 14 shall be paid to be the pound master by the owner of the animals impounded, and the said fees and charges or tariffs, together with any costs which the pound master may have incurred and such animals may be detained by the pound master in security of payment of the said fees and charges or tariffs, provided that:

(a) if the value of the animals impounded is in excess of the total amount due thereon, as determined in terms of this

kragtens hierdie verordening, en indien die eienaar nie in staat is om genoemde bedrag te betaal nie, die skutmeester slegs soveel van genoemde diere moet aanhou as wat voldoende is om die totale bedrag verskuldig op al die diere te verkry, en die res van die diere aan genoemde eienaar moet afgee, en

(b) 'n skutmeester wat 'n groter getal van sodanige diere aanhou as wat redelik nodig is om sodanige bedrag te verhaal, teenoor die eienaar aanspreeklik is vir skade wat deur hom gely word weens die aanhou van sy diere.

(2) Indien die skutmeester 'n amptenaar van 'n munisipaliteit is moet hy die gelde, koste en tariewe hy ingevolge hierdie verordening ontvang, in die inkomste van die munisipaliteit stort.

(3) Geen skutmeester mag ' 'n geskutte dier los nie tensy die voorgeskrewe gelde, koste en tariewe aan hom betaal is nie.

**Kennisgewing van verkoping**

16. Elke skutmeester moet—

(1) wanneer ook al 'n geskutte dier nie gelos is binne ses dae na die datum waarop dit geskut is nie, aan die munisipaliteit in wie se regsgebied die skut geleë is 'n kennisgewing stuur waarin die soort, merke en onderskeidende kenmerke (as daar is) van sodanige dier aangegee word, en ten opsigte van perde en beeste ook hul kleur, met vermelding van die feit dat die dier wat daarin genoem word tydens die volgende verkoping van geskutte diere verkoop sal word, asook die tyd en plek van sodanige verkoping;

(2) wanneer hy sodanige kennisgewing aan die munisipaliteit stuur, 'n afskrif daarvan op een of ander duidelik sigbare plek by of naby die skut opplak tot die dag van die verkoping, en

(3) 'n kennisgewing dat 'n geskutte dier verkoop gaan word, publiseer in 'n nuusblad wat sirkuleer in die regsgebied van die munisipaliteit waar die skut geleë is; met dien verstande dat die koste van sodanige kennisgewing op die eienaar van die geskutte dier verhaalbaar is en geag word deel uit te maak van die bedrag wat afgetrek moet word die opbrengs van die verkoop van ' 'n dier, en verhaalbaar is op die eienaar van sodanige dier indien genoemde opbrengs minder is as die bedrag wat verskuldig is; met dien verstande dat—

(a) indien sodanige kennisgewing betrekking het op meer as een dier, die munisipaliteit na goeddunke die koste van sodanige kennisgewing pro rata moet verdeel ten opsigte van die diere wat daarin genoem word, en

(b) indien die eienaar van 'n geskutte dier onbekend is en die opbrengs van die verkoop nie die bedrag soos voornoem dek nie, die munisipaliteit die tekort moet goed maak.

**Afslaer**

17. (1) Elke verkoping van geskutte diere moet—

(a) gelei word deur die skutmeester of 'n persoon wat behoorlik deur die betrokke munisipaliteit daartoe gemagtig is, en

(b) begin op 'n tyd en gehou word op 'n dag wat deur die afslaer vasgestel is.

(2) Niemand wat 'n skutverkoping waarneem, mag regstreeks of onregstreeks belang hê by enige koop by 'n verkoping aldus deur hom waargeneem nie.

**Verkoping van diere**

18. By elke sodanige verkoping—

(1) mag geen dier te koop aangebied word nie tensy dit minstens twee weke geskut is;

(2) moet alle diere, uitgesonder skape en bokke, stuksgewys verkoop word;

by-law, and if the owner is unable to pay the said amount, the pound master shall detain only so many of the said animals as may be sufficient to secure the total amount due for all the animals, and shall deliver the remainder of the animals to the said owner, and

(b) any pound master who retains any greater number of such animals than is reasonably necessary to secure such amount shall be liable to the owner for any damages sustained by him on account of such retention.

(2) If the pound master is an official of the municipality, he shall pay the fees and charges or tariffs received by him in terms of this by-law into the revenue of the municipality.

(3) No pound master shall release any impounded animal until the prescribed fees and charges or tariffs have been paid to him.

**Notice of sale**

16. Every pound master shall—

(1) whenever any impounded animal has not been released within six days from the date of its impoundment, forward to the municipality in whose area of jurisdiction the pound is situated, a notice setting forth the species, marks and distinguishing features (if any) of such animal, and in regard to horses and cattle their colour also, and stating that the animal mentioned therein will be sold at the next sale of impounded animals, as well as the time and place of such sale;

(2) upon sending such notice to the municipality, post a copy thereof in some or other conspicuous place at or near his pound, there to remain until the day of the sale, and

(3) cause to be published in a newspaper circulating in the area of jurisdiction of the municipality where the pound is situated a notice of the sale of an impounded animal; provided that the cost of such notice shall be recoverable from the owner of the impounded animal and shall be deemed to be part of the amount to be deducted from the proceeds of the sale of an animal and it shall be recoverable from the owner of such animal if the said proceeds are less than the amount due; provided further that—

(a) if such notice refers to more than one animal, the municipality shall in its discretion, divide the cost of such notice pro rata in respect of the animals referred to therein, and

(b) if the owner of an impounded animal is unknown, and the proceeds of the sale do not cover the amount as aforesaid, the municipality shall make good the deficiency.

**Auctioneer**

17. (1) Every sale of impounded stock shall—

(a) be conducted by the pound master or some other person duly authorized thereto by the municipality concerned, and

(b) commence at a time and be held on a day to be fixed by the auctioneer.

(2) No person conducting a pound sale shall have any direct or indirect interest in any purchase at any sale so held by him.

**Sale of animals**

18. At every such sale—

(1) no animal shall be put up for sale unless impounded for at least two weeks;

(2) all animals, except sheep and goats shall be sold individually;

(3) moet skape en bokke in troppe van hoogstens tien verkoop word en mag skape en bokke, of skape of bokke met verskillende oor- of brandmerke in geen omstandighede saam in dieselfde trop verkoop word nie;

(4) moet diere vir kontant verkoop word, en moet die opbrengs, min die bedrag van skutgelde en ander gelde, koste en tariewe betaalbaar ten opsigte van sodanige diere dadelik by ontvangs daarvan deur die skutmeester aan die munisipaliteit oorhandig word om aan die eienaars van die diere wat verkoop is betaal te word al na hul onderskeie regte; met dien verstande dat—

(a) indien in enige besondere geval die diere wat verkoop word nie voldoende opbring om die bedrag van sodanige skutgelde en skadevergoeding en gelde, koste en tariewe soos voornoem te lewer nie, die opbrengs in die eerste instansie aangewend moet word om die vergoeding wat aan die skutmeester verskuldig is te betaal, en indien genoemde opbrengs onvoldoende is om sodanige vergoeding te dek, die saldo van die vergoeding deur die munisipaliteit aan die skutmeester betaal word;

(b) geld wat die opbrengs is van die verkoop van 'n geskutte dier soos voornoem wat vir 'n tydperk van twaalf maande in besit van die munisipaliteit bly sonder dat dit deur die eienaar van sodanige dier opgeëis word, die eiendom van sodanige munisipaliteit word;

(c) die munisipaliteit die bevoegdheid het om 'n skutmeester te vergoed vir enige verlies wat hy weens die aanhou van diere ly waar die verkoopprys nie die onkoste dek wat aangegaan is nie;

(d) 'n skutmeester die bevoegdheid het om, nadat by voldoen het aan die prosedure in verband met besmette diere voorgeskryf by artikel 8, enige dier wat na die skut gebring is en wat weens ouderdom of andersins permanent onbruikbaar geword het, af te maak;

(e) indien 'n dier in die skut doodgaan en die eienaar nie opgespoor kan word nie, die onkoste in verband met die begrawing van die karkas deur die munisipaliteit gedra word;

(f) die munisipaliteit 'n reserweprys kan vasstel vir enige dier wat te koop aangebied word, en

(g) die afslaer enige dier aan die verkoping kan onttrek as die hoogste bod wat gedoen word, na sy mening nie bevredigend is nie, ongeag of ' 'n reserweprys deur die munisipaliteit vasgestel is of nie.

**Onwettige skut van diere en boetes**

19. Enige persoon wat 'n dier onwettig skut, is skuldig aan 'n misdryf en is bykomend aanspreeklik teenoor die eienaar vir alle skutgelde, skadevergoeding, onkoste wat daaruit ontstaan, en vir gelde, koste en tariewe in verband daarmee.

**Verhaal van verlies ten opsigte van diere geskut uit gebied van ander plaaslike owerheid**

20. Enige verlies wat 'n munisipaliteit ly ten gevolge van die skut van diere in 'n skut onder sy beheer en bestuur wat binne die regsgebied van 'n ander munisipaliteit oortree, kan deur sodanige eersgenoemde munisipaliteit op sodanige ander munisipaliteit verhaal word.

**Gebruik, aanhouding en mishandeling van diere**

21. Niemand mag 'n dier wat gevind word waar dit oortree, buitensporig vinnig aanjaag of dit pla of mishandel nie.

**Misdrywe en straf**

22. Enige persoon wat—

(1) 'n bepaling van hierdie verordening, oortree of versuim om daaraan te voldoen, ongeag of sodanige oortreding of versuim elders in hierdie verordening tot 'n misdryf verklaar is, al dan nie;

(3) sheep and goats shall be sold in lots of not more than ten, and sheep and goats, or sheep or goats with different marks or brands shall in no circumstances be sold together in the same lot;

(4) animals shall be sold for cash, and the proceeds, less the amount of the pound fees and other fees, charges or tariffs payable in respect of such animals shall forthwith upon receipt, be handed by the pound master to the municipality, to be paid to the owners of the animals sold according to their respective rights; provided that—

(a) if in any particular case the animals sold do not realise sufficient to yield the sum of pound fees and other fees, charges or tariffs as aforesaid, the proceeds shall be first utilized for the payment of the compensation due to the pound master, and if the said proceeds are insufficient to cover such compensation, the balance of compensation shall be paid to the pound master by the municipality;

(b) any money, being the proceeds of the sale of any impounded animal as aforesaid, which remains in the hands of the municipality for a period of twelve months without being claimed by the owner of such animal, shall become the property of such municipality;

(c) it shall be competent for the municipality to make good to any pound master any loss which he may incur in the keeping of animals where the selling price does not cover the costs incurred;

(d) it shall be competent for any pound master, after compliance with the procedure prescribed by section 8 relating to diseased animals, to cause to be finished off any aged or otherwise permanently unfit animal presented at the pound;

(e) if any animal dies in the pound and the owner cannot be traced, the expenses of burying the carcass shall be borne by the municipality;

(f) the municipality or an authorized officer may fix a reserve price for any animal offered for sale, and

(g) the auctioneer may withdraw any animal from the sale if the highest bid received is not in his opinion satisfactory, irrespective of whether or not a reserve price has been fixed by the municipality.

**Illegal impounding and penalties**

19. Any person who illegally impounds any animal shall be guilty of an offence and shall in addition be liable to the owner for all damages, pound fees. compensation. cost and charges arising out of such proceeding, and for all charges, fees or tariffs in connection therewith.

**Recovery of loss in respect of impoundment of animals from area of another municipality**

20. Any loss suffered by a municipality as a result of the impounding in a pound under its management and control of animals found trespassing within the area of jurisdiction of another municipality, may be recovered by such first-mentioned municipality from such other municipality.

**Use, detention and ill-treatment of animals**

21. No person shall furiously drive away any animal found trespassing, worry or ill-treat it.

**Offences and penalties**

22. Any person who—

(1) contravenes or fails to comply with a provision of this by-law, whether or not such contravention or failure has been declared an offence elsewhere in this by-law;

(2) enige ander persoon in die uitoefening van enige bevoegdheid of die verrigting van enige plig of funksie ingevolge ’n bepaling van hierdie verordening opsetlik dwarsboom, hinder of belemmer, of

(3) valse, onjuiste of misleidende inligting verstrek,

is skuldig aan ’n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met—

(a) ’n boete of gevangenisstraf, óf sodanige boete óf sodanige gevangenisstraf óf beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;

(b) in die geval van ’n voortdurende misdryf, met ’n addisionele boete, of ’n addisionele tydperk van gevangenisstraf óf sodanige addisionele boete óf sodanige addisionele gevangenisstraf, óf beide sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur, en

(c) ’n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat na bevinding van die hof deur die munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim. 10879

(2) deliberately obstructs, hampers or handicaps any person in the exercise of any power or the performance of any duty or function in terms of any provision of this by-law, or

(3) furnishes false, incorrect or misleading information

shall be guilty of an offence and liable upon conviction to—

(a) a fine or imprisonment or either such fine or imprisonment or to both such fine and such imprisonment;

(b) in the case of a continuing offence, to an additional fine or an additional period of imprisonment or to such additional imprisonment without the option of a fine or to both such additional fine and imprisonment for each day on which such offence is continued, and

(c) a further amount equal to any costs and expenses found by the court to have been incurred by the municipality as result of such contravention or failure. 10879

**MUNISIPALITEIT CEDERBERG**

**VERORDENING INSAKE STRATE**

**(18/2004)**

**Doel van Verordening**

- Om die verwesenliking van 'n veilige omgewing te bevorder tot voordeel van inwoners binne die regsgebied van die munisipaliteit;

- Om voorsiening te maak vir prosedures, metodes en praktyke om die gebruik en aanwending van strate binne die regsgebied van die munisipaliteit te bestuur.

**Woordbepaling**

1. In hierdie verordening sluit woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in, sluit die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd, geniet die Afrikaanse teks voorrang in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken: —

''diere'' enige perde, muile, donkies, beeste, varke, skape, bokke, volstruise, inheemse soogdiere en enige ander wilde diere;

''leunwa'' 'n sleepwa wat geen vooras het nie en aldus ontwerp is dat minstens 15% van sy tarra op die voertuig wat so 'n sleepwa trek, rus en daardeur gedra word;

''motorvoertuig'' enige selfgedrewe voertuig en ook—

(1) 'n sleepwa; en

(2) 'n voertuig met pedale en met 'n enjin of 'n elektriese motor as 'n integrerende deel daarvan of daaraan geheg en wat ontwerp of aangepas is om deur middel van sodanige pedale, enjin of motor, of sodanige pedale sowel as sodanige enjin of motor aangedryf te word, maar nie ook—

(a) 'n voertuig wat aangedryf word deur elektriese krag verkry uit opgaarbatterye en wat deur 'n voetganger beheer word nie;

(b) 'n voertuig met 'n massa van hoogstens 230 kilogram nie en wat spesiaal ontwerp en gebou, en nie net aangepas is nie, vir gebruik deur iemand wat aan die een of ander liggaamlike gestremdheid of ongeskiktheid ly en wat uitsluitlik deur sodanige persoon gebruik word;

''munisipale gebied'' die regsgebied van Cederberg Munisipaliteit soos bepaal ingevolge die Munisipale Afbakeningswet, 1998;

''munisipaliteit'' die munisipaliteit van Cederberg gestig in terme van Artikel 12 van die Munisipale Strukturewet, 117 van 1998, Provinsiale Kennisgewing 482 gedateer 22 September 2000 en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, behoorlik gevolmagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening uit hoofde van 'n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan gemelde politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, agent of werknemer;

''munisipale bestuurder'' 'n persoon aangestel in terme van artikel 82 van die Munisipale Strukturewet, 1998;

''openbare plek'' enige plein, park, ontspanningsterrein, sportterrein, sanitêre steeg of oop ruimte wat—

(3) in verband met enige onderverdeling of aanleg van grond in erwe, voorsien, gereserveer of afgesonder is vir gebruik deur die publiek of die eienaars of okkupeerders van sodanige erwe, ongeag of dit op 'n algemene plan, ondervedelingsplan of diagram aangetoon word of nie;

**CEDERBERG MUNICIPALITY**

**BY-LAW RELATING TO STREETS**

**(18/2004)**

**Purpose of By-Law**

- To promote the achievement of a safe environment for the benefit of residents within the area of jurisdiction of the municipality;

- To provide for procedures, methods and practices to manage the use and utilisation of streets in the area of jurisdiction of the municipality

**Definitions**

1. In this by-law, words used in the masculine gender include the feminine, the singular includes the plural and vice versa, the Afrikaans text prevails in the event of an inconsistency between the different texts and unless the context otherwise indicates:—

''animals'' means any horses, mules, donkeys, cattle, pigs, sheep, goats, ostriches indigenous mammals and other wild animals;

''caravan'' means any vehicle permanently fitted out for use by persons for living and sleeping purposes, whether or not such vehicle is a trailer;

''council'' means the municipal council of Cederberg;

''municipality'' means the Municipality of Cederberg established in terms of Section 12 of the Municipal Structures Act, 117 of 1998, Provincial Notice 482 dated 22 September 2000 and includes any political structure, political office bearer, councillor, duly authorised agent thereof or any employee thereof acting in connection with this by-law by virtue of a power vested in the municipality and delegated or sub-delegated to such political structure, political office bearer, councillor, agent or employee;

''municipal area'' means the area of jurisdiction of Cederberg Municipality as determined in terms of the Municipal Demarcation Act, 1998;

''municipal manager'' means a person appointed in terms of section 82 of the Municipal Structures Act, 1998

''motor vehicle'' means any self-propelled vehicle and includes—

(1) a trailer, and

(2) a vehicle having pedals and an engine or an electric motor as an integral part thereof or attached thereto and which is designed or adapted to be propelled by means of such pedals, engine or motor, or both such pedals and engine or motor, but does not include—

(a) any vehicle propelled by electrical power derived from storage batteries and which is controlled by a pedestrian; or

(b) any vehicle with a mass not exceeding 230 kilograms and specially designed and constructed, and not merely adapted, for the use of any person suffering from some physical defect or disability and used solely by such person;

''park'' means to keep a vehicle, whether occupied or not, stationary for a period of time longer than is reasonably necessary for the actual loading or unloading of persons or goods, but does not include any such keeping of a vehicle by reason of a cause beyond the control of the person in charge of such vehicle;

''public place'' means any square, park, recreation ground, sports ground, sanitary lane or open space which has—

(3) in connection with any subdivision or layout of land into erven, been provided, reserved or set apart for use by the public or the owners or occupiers of such erven, whether or not it is shown on a general plan, plan of subdivision or diagram;

(4) te enigte tyd aan die publiek opgedra is;

(5) sonder onderbreking deur die publiek gebruik is vir ’n tydperk van dertig jaar, of

(6) te enige tyd deur die munisipaliteit of ander bevoegde owerheid tot sodanig verklaar of gemaak is.

‘‘straat’’

(7) enige straat, pad, fietspad, of deurgang of enige ander plek wat insluit:

(a) die soom van enige sodanige pad, straat of deurgang;

(b) enige voetpad, sypaadjie of soortgelyke voetgangergedeelte van ’n padreserwe;

(c) enige brug, pont of drif waaroor of waardeur enige sodanige pad, straat of deurgang loop;

(d) enige ander voorwerp wat ’n deel uitmaak van sodanige pad, straat of deurgang, wat te enige tyd—

(i) aan die publiek opgedra is;

(ii) sonder onderbreking deur die publiek gebruik is vir ’n tydperk van minstens dertig jaar;

(iii) deur die munisipaliteit of ander bevoegde owerheid tot sodanig verklaar of gemaak is, of

(iv) deur ’n plaaslike owerheid aangelê is, en

(v) enige grond, met of sonder geboue of strukture daarop, wat as ’n straat aangetoon word op—

(a) enige onderverdelingsplan of diagram deur die munisipaliteit of ander bevoegde owerheid goedgekeur en waarvolgens gehandel is, of

(b) enige algemene plan soos omskryf in die Opmetingswet, 9 van 1927, wat in ’n registrasiekantoor of die Landmeter-Generaal se kantoor geregistreer is of gebêre word,

tensy sodanige grond op sodanige plan of diagram as ’n private straat beskryf word.

‘‘parkeer’’ om ’n voertuig, met of sonder insittendes, langer te laat stilhou as wat redelikerwys nodig is om persone of goedere werklik op of af te laai, maar nie ook die stilhou van ’n voertuig weens ’n rede buite die beheer van die persoon in beheer van daardie voertuig nie;

‘‘raad’’ die munisipale raad van Cederberg;

‘‘sleepwa’’ ’n voertuig wat nie selfgedrewe is nie en wat ontwerp of aangepas is om deur ’n motorvoertuig getrek te word, maar nie ook ’n syspan wat aan ’n motorfiets geheg is nie;

‘‘sypaadjie’’ dié gedeelte van ’n straat tussen die buitegrens van die ryvlak van ’n pad en die grenslyne van aanliggende eiendomme of geboue wat bedoel is vir die gebruik van voetgangers;

‘‘tarra’’, met betrekking tot ’n motorvoertuig, die massa van so ’n voertuig wanneer dit gereed is om op ’n pad te gaan en ook die massa van—

(8) enige noodwiel en van alle ander toebehore en toerusting wat deur die vervaardiger as standaard vir die besondere model van die betrokke motorvoertuig verskaf word;

(9) enigiets wat ’n permanente deel van die struktuur van so ’n voertuig is;

(10) enigiets wat aan so ’n voertuig geheg is sodat dit ’n struktuurverandering van ’n permanente aard uitmaak; en

(4) at any time been dedicated to the public;

(5) been used by the public without interruption for a period of at least thirty years, or

(6) at any time been declared or rendered such by the municipality or other competent authority;

‘‘street’’ means—

(7) any street, road, cycle path, thoroughfare or any other place, which includes—

(a) the verge of any such road, street or thoroughfare;

(b) any footpath, sidewalk or similar pedestrian portion of a road reserve;

(c) any bridge, ferry or drift traversed by any such road, street or thoroughfare;

(d) any other object belonging to such road, street or thoroughfare, which has at any time been—

(i) dedicated to the public;

(ii) used without interruption by the public for a period of at least thirty years;

(iii) declared or rendered such by the municipality or other competent authority, or

(iv) constructed by a local authority, and

(v) any land, with or without buildings or structures thereon, which is shown as a street on—

(a) any plan of subdivision or diagram approved by the municipality or other competent authority and acted upon, or

(b) any general plan as defined in the Land Survey Act, 1927, registered or filed in a deeds registry or Surveyor General’s office;

unless such land is on such plan or diagram described as a private street;

‘‘semi-trailer’’ means a trailer having no front axel and so designed that at least 15% of its tare is super-imposed on and borne by a vehicle drawing such trailer;

‘‘sidewalk’’ means that portion of a street between the outer boundary of the roadway of a road and the boundary lines of adjacent properties or buildings which is intended for the use of pedestrians;

‘‘tare’’, in relation to a motor vehicle, means the mass of such a vehicle ready to travel on a road and includes the mass of—

(8) any spare wheel and of all other accessories and equipment supplied by the manufacturer as standard for the particular model of motor vehicle concerned;

(9) anything which is a permanent part of the structure of such vehicle;

(10) anything attached to such vehicle so as to form a structural alteration of a permanent structure; and

(11) die opgaarbatterye, indien so 'n voertuig deur elektriese krag selfgedrewe is,

maar nie ook die massa nie van—

(a) brandstof; en

(b) enigiets wat aan die voertuig geheg is en nie van die aard is wat in subartikel (8) of (9) bedoel word nie;

''voertuig'' 'n toestel ontwerp of aangepas om hoofsaaklik op wiele, bande of rusperbande te loop en ook so 'n toestel wat met 'n trekstang aan 'n teëspoedwa verbind is en gebruik word as deel van die sleeptoerusting van 'n teëspoedwa om enige of al die asse van 'n motorvoertuig wat geberg word, te ondersteun, behalwe so 'n toestel wat uitsluitlik op spore beweeg;

''werk'' werk van watter aard ook al wat onderneem word op enige grond of straat of openbare plek binne die regsgebied van Cederberg Munisipaliteit en, sonder om die gewone betekenis van die woord op enige wyse te beperk, omvat dit die oprigting van 'n nuwe gebou of veranderings of aanbouings aan enige bestaande gebou, die lê van kabels of pype, die stort van bou- of ander materiaal op enige plek in 'n straat of openbare plek of die aflewering aan of verwydering vanaf enige perseel van enige grond of materiaal van watter aard ook al;

''woonwa'' enige voertuig wat permanent ingerig is vir gebruik deur persone vir woon- of slaapdoeleindes, ongeag of sodanige voertuig 'n sleepwa is of nie.

**Strate, sypaadjies en oorskrydings op strate**

2. Niemand mag—

(a) 'n straat of 'n sypaadjie bou, aanlê, heraanlê of verander nie—

(i) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, of

(ii) behalwe in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal, of

(b) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit 'n veranda, muur of 'n stoep, trappies of ander oorstek bou of 'n paal oprig in 'n straat of openbare plek nie.

**Advertensies sigbaar vanaf strate**

3. (1) Niemand mag 'n advertensie, aanplakbiljet, plakkaat of biljet in 'n straat of openbare plek vertoon nie—

(a) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en

(b) onderworpe aan die voorwaardes wat die munisipaliteit stel.

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing op tekens wat kragtens die bepalings van die munisipaliteit se toepaslike verordening insake Buitereklame en Advertensietekens toegelaat word nie.

**Diere of voorwerpe wat 'n versperring veroorsaak**

4. Niemand mag—

(a) goedere of artikels in 'n straat of openbare plek neersit of laat bly nie, behalwe vir 'n redelike tydperk terwyl dit op- of afgelaai of verwyder word, of

(b) op enige wyse die voetgangverkeer op 'n sypaadjie belemmer deur enige dier, voorwerp of voertuig (uitgesonderd 'n kinderwaentjie of rolstoel wat vir die vervoer van kinders of gestremdes gebruik word) daarop te bring of toe te laat dat dit daarop gebring word nie, of

(c) 'n blinding, skerm, tou of ander voorwerp oor of op 'n straat laat uitsteek of span of toelaat dat dit daaroor uitsteek of gespan word nie—

(11) the accumulators, if such vehicle is self-propelled by electrical power, but does not include the mass of—

(a) fuel, and

(b) anything attached to such vehicle which is not of the nature referred to in sub-section (8) or (9);

''trailer'' means a vehicle which is not self-propelled and designed or adapted to be drawn by a motor vehicle, but does not include a side-car fitted to a motor cycle;

''vehicle'' means a device designed or adapted mainly to travel on wheels, tyres or crawler tracks and includes such a device which is connected with a draw-bar to a breakdown vehicle and is used as part of the towing equipment of a breakdown vehicle to support any axle or all the axles of a motor vehicle which is being salvaged other than such a device which moves solely on rails; and

''work'' means work of any nature whatsoever undertaken on any land within the area of jurisdiction of Cederberg Municipality and, without in any way limiting the ordinary meaning of the word, includes the erection of a new building or alterations or additions to any existing building, the laying of cables and pipes, the dumping of building or other material anywhere in a street or public place, or delivery to or removal from any site of any soil or material of any nature whatsoever.

**Streets, sidewalks and encroachments on streets**

2. No person shall—

(a) make, construct, reconstruct, or alter a street or sidewalk—

(i) except with the written permission of the municipality, or

(ii) otherwise than in accordance with the requirements prescribed by the municipality, or

(b) construct a verandah, stoep, steps or other projection or erect a post in a street or public place except with the written permission of the municipality.

**Advertisements visible from streets**

3. (1) No person shall display any advertisement, placard, poster or bill in a street—

(a) except with the written permission of the municipality, and

(b) subject to such conditions as may be determined by the municipality.

(2) This section shall not be applicable to signs which have been exempted under the provisions of the municipality's applicable by-law relating to Outdoor Advertising and Signage.

**Animals or objects causing an obstruction**

4. No person shall—

(a) deposit or leave any goods or articles in a street or public place, other than for a reasonable period during the course of the loading, off-loading or removal thereof, or

(b) in any way obstruct the pedestrian traffic on a sidewalk by bringing or allowing to be brought thereon any animal, object or vehicle (other than a perambulator or wheel-chair which is being used for the conveyance of children or the disabled), or

(c) cause or allow any blind, awning, cord or other object to project or to be stretched over or onto a street—

(i) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en

(ii) onderworpe aan die voorwaardes wat die munisipaliteit stel.

**Bome in strate**

5. (1) Niemand mag—

(a) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, 'n boom of struik in 'n straat of openbare plek plant, of dit op enige wyse in 'n straat of openbare plek afkap of daarvandaan verwyder nie;

(b) in 'n boom klim wat in 'n straat of openbare plek groei, of dit breek of beskadig nie, of

(c) 'n boom wat in 'n straat of openbare plek groei, op enige wyse merk of beskilder of 'n advertensie daarop aanbring nie.

(2) 'n Boom of struik wat in 'n straat of openbare plek geplant word, word die eiendom van die munisipaliteit.

**Bome of gewasse wat 'n hindernis of versperring veroorsaak**

6. (1) Wanneer daar ook al op 'n eiendom 'n boom of ander gewas is wat lugdrade belemmer of wat ergernis, gevaar of ongerief veroorsaak vir persone wat 'n straat of openbare plek gebruik, kan die munisipaliteit by skriftelike kennisgewing die eienaar of okkupeerder van sodanige eiendom gelas om sodanige boom of gewas te snoei of te verwyder in die mate en binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing bepaal word.

(2) Iedereen wat in gebreke bly om te voldoen aan 'n kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) uitgereik word, is skuldig aan 'n misdryf.

(3) Indien iemand versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge hierdie artikel, kan die munisipaliteit self die boom of gewas snoei of verwyder op koste van die persoon aan wie die kennisgewing beteken is.

**Vullis, motorvoertuigwrakke, afvalmateriaal, ens.**

7. Niemand mag—

(a) enige tuinvullis, motorvoertuigwrakke, onderdele van voertuie, bou- of afvalmateriaal, rommel of enige ander afvalprodukte in 'n straat of openbare plek stort of laat lê of ophoop nie, of

(b) toelaat dat sodanige voorwerpe of stowwe vanaf 'n perseel waarvan hy die eienaar of okkupeerder is, in 'n straat of op 'n openbare plek gestort of geplaas word nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit en onderworpe aan die voorwaardes wat sodanige munisipaliteit stel.

**Verbod op sekere werksaamhede in verband met voorwerpe in strate of openbare plekke**

8. Niemand mag in 'n straat of openbare plek—

(a) 'n voertuig herstel of versien nie, behalwe waar dit nodig is om sodanige voertuig te kan verwyder van die plek waar dit in 'n ongeluk betrokke was, of

(b) 'n voertuig skoonmaak of was nie.

**Verbod op speletjies en ander handelinge in strate en openbare plekke**

9. Niemand mag—

(a) in, op of oor 'n straat of openbare plek 'n hoepel rol, 'n vlieër oplaat, met 'n pyl en boog of 'n rekker skiet, vuurwerk afskiet of 'n klip, stok of ander werptuig gooi nie, of

(i) except with the written permission of the municipality, and

(ii) subject to such conditions as may be determined by the municipality.

**Trees in streets**

5. (1) No person shall—

(a) plant a tree or shrub in a street or public place, or in any way cut down a tree or a shrub in a street or public place or remove it there from, except with the written permission of the municipality;

(b) climb, break or damage a tree growing in a street or public place, or

(c) in any way mark or paint any tree growing in a street or public place or attach any advertisement thereto.

(2) Any tree or shrub planted in a street or public place shall become the property of the municipality.

**Trees or growth causing an interference or obstruction**

6. (1) Whenever there is upon any property any tree or other growth which interferes with overhead wires or is a source of annoyance, danger or inconvenience to persons using a street or public place, the municipality may by notice in writing order the owner or occupier of such property to prune or remove such tree or growth to the extent and within the period specified in such notice.

(2) Any person failing to comply with a notice issued in terms of subsection (1) shall be guilty of an offence.

(3) If any person fails to comply with a notice in terms of this section, the municipality may itself prune or remove the tree or growth at the expense of the person on whom the notice was served.

**Refuse, motor vehicle wrecks, waste material, etc.**

7. No person shall—

(a) dump, leave or accumulate any garden refuse, motor vehicle wrecks, spare parts of vehicles, building or waste materials, rubbish or any other waste products in any street or public place, or

(b) permit any such objects or substances to be dumped or placed in a street or public place from premises owned or occupied by him,

except with the written permission of the municipality and subject to such conditions as may be determined by the municipality.

**Prohibition upon certain activities in connection with objects in streets and public places**

8. No person shall, in a street or public place—

(a) effect any repairs or service to a vehicle, except where necessary for the purpose of removing such vehicle from the place where it was involved in an accident, or

(b) clean or wash a vehicle.

**Prohibition upon games and other acts in streets and public places**

9. No person shall—

(a) roll a hoop, fly a kite, shoot with a bow and arrow or catapult, discharge fireworks or throw a stone, stick or other projectile in, onto or across a street or public place, or

(b) enigiets in 'n straat of openbare plek doen wat die lewe of veiligheid van 'n persoon, dier of ding in gevaar kan stel of 'n oorlas, belemmering of ergernis vir die publiek kan wees nie, tensy sodanige straat of openbare plek voorsien is van duidelike tekens en identifiseerbare plaveisel en meublement wat dit onderskei as ''woonerf'' of ''straatpark''.

**Gebruik van springstowwe**

10. Niemand mag in of op 'n straat of openbare plek springstowwe gebruik of skietwerk uitvoer nie—

(a) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit en

(b) onderworpe aan die voorwaardes wat die munisipaliteit stel.

**Vervoer van karkasse van diere of ander afvalstowwe deur strate en openbare plekke**

(d) Geen troeteldiere word op die perseel toegelaat nie.

(e) Die bestuurder besit die reg om toegang te weier aan enigiemand wat klaarblyklik ingevolge hierdie verordening nie op toegang geregtig is nie en om, ingeval so iemand reeds toegang verkry het, hom te gelas om die perseel onverwyld te verlaat.

(f) Iedereen aan wie toegang tot die perseel geweier is of wat, nadat hy toegang verkry het, deur die bestuurder of sy gemagtigde gelas word om die perseel te verlaat, besit die reg om by die munisipaliteit appèl aan te teken teen die beslissing van die bestuurder.

(g) Niemand wat vir toegang betaal het en daarna gelas word om die perseel te verlaat, is geregtig op die terugbetaling van sy toegangsgeld nie.

(h) Geen vuurwapen, windbuks, voëlrek, tradisionele wapen, vuurwerke en klappers of enige ander gevaarlike wapen mag die perseel binnegebring word nie.

**Gebruik van kleedkamers**

4. (a) Die munisipaliteit verskaf op die perseel die kleedkamers wat hy nodig ag, waarin persone wat die swembad vir swemdoeleindes besoek, hul gewone klere moet uittrek en swemklere moet aantrek, en omgekeerd asook die sanitêre en ander geriewe wat hy nodig ag.

(b) Afsonderlike kleedkamers en sanitêre en ander geriewe word vir beide geslagte verskaf en kennisgewings waarin die geslag vermeld word wat geregtig is om die onderskeie kleedkamers en sanitêre of ander geriewe te gebruik, word aangebring. Niemand mag enige sodanige kleedkamers of ander akkommodasie wat vir gebruik deur die teenoorgestelde geslag aangewys of afgesonder is, binnegaan nie.

**Algemene verbodsbepalings**

5. Niemand mag—

(a) hom op enige plek behalwe in die kleedkamers of ander plekke wat vir die doel verskaf word, aan- of uittrek nie;

(b) nadat hy in die swembad ingegaan het, enige seep of ander stof of preparaat vir enige doel wat ook al daarin gebruik nie;

(c) deur wanordelike of onbehoorlike gedrag iemand anders steur, beseer of molesteer of die bestuurder by die uitvoering van sy pligte hinder nie, en niemand mag enige onkuise, beledigende of lasterlike taal gebruik of hom op 'n onbetaamlike of aanstootlike wyse gedra nie;

(d) enige glasbottel of enige glasware op die perseel bring nie;

(e) enige meubels, toebehore, gereedskap, masjinerie of ander artikel of ding wat op die perseel behoort of gebruik word en wat die eiendom van die munisipaliteit is, verwyder, wegneem, neergooi, beskadig of vernietig nie;

3. (a) No person other than a person who is the holder of an admission ticket shall be permitted admission to the premises. Any such person to whom a ticket, as aforesaid, has been issued shall at any time while visiting the premises produce such ticket to the manager when requested by him to do so.

(b) No child under the age of seven years shall be permitted admission to the premises unless accompanied by a parent or other responsible person.

(c) No person who is in a state of intoxication or under the influence of drugs or whom the manager upon reasonable grounds believes to be in such a state shall be admitted to the premises. Where such person has been inadvertently admitted, he shall vacate the premises without delay on being ordered to do so by the manager.

(d) No pets shall be allowed on the premises.

(e) The manager shall have the right to refuse admission to any person who in terms of this by-law is manifestly not entitled to obtain admission, and in the event of any such person having already obtained admission, to order him to leave the premises forthwith.

(f) Any person who has been refused admission to the premises or who, having gained admission, is ordered by the manager to leave the premises shall have the right to appeal to the municipality against the decision of the manager.

(g) No person who has paid for admission and who is subsequently ordered to leave the premises shall be entitled to a refund of his admission fee.

(h) No fire-arms, catapults, air-guns, traditional weapons, fire-works or crackers or any dangerous weapon may be brought into the swimming pool area.

**Use of dressing rooms**

4. (a) The municipality shall provide on the premises such dressing rooms as it may deem necessary in which persons visiting the swimming pool for the purpose of swimming shall change from their ordinary clothes into pooling costumes and vice versa as well as such sanitary conveniences and other facilities as it may deem necessary.

(b) Separate dressing rooms and sanitary and other conveniences shall be provided for both sexes and notices shall erected stating the sex which shall be entitled to use the respective dressing room and sanitary or other conveniences. No person shall enter any such dressing room or other accommodation which has been appropriated or set apart for the use of the opposite sex.

**General prohibitions**

5. No person shall—

(a) dress or undress in any place, except in the dressing room or other places provided for such purpose;

(b) after having entered the swimming pool, use therein any soap or other substance or preparation for any purpose whatsoever;

(c) by any disorderly or improper conduct disturb, injure of molest any other person or obstruct the manager or his authorised official in the performance of his duties, and no person shall use any indecent, offensive or profane language or behave in an indecent or offensive manner;

(d) bring any glass bottle or any glassware onto the premises;

(e) remove, take away, throw down, damage or destroy any furniture, fitting, tool, machinery or other article or thing pertaining to or used on the premises which is the property of the municipality;

(f) indien hy daarvan bewus is dat hy aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly of 'n abnormale afskeiding van die oë, neus, ore, keel of 'n ander liggaamsdeel of 'n oop wond of seer het, te eniger tyd in die swembad gaan of 'n kleedkamer gebruik nie;

(g) enige sterk drank of verdowingsmiddels op die perseel bring of daar gebruik of rook nie;

(h) in die swembad swem nie, tensy hy in betaamlike en geskikte swemklere geklee is, of op enige plek op die perseel verskyn nie, tensy hy swemklere dra of anders behoorlik geklee is;

(i) op die perseel of in die swembad of op 'n ander plek spuug nie, ontlas of enige papier, vrugteskille of ander vullis op enige plek weggooi of laat nie, uitgesonderd in die vullisbakke wat vir dié doel verskaf word;

(j) 'n stortbad of sanitêre gerief op 'n onbehoorlike of aanstootlike wyse gebruik nie;

(k) 'n muur, sitplek of deur beskadig, deur óf daarop te skryf, te teken of te krap óf deur enige ander middel of op enige ander wyse dit ontsier of vuil maak, óf enige gerief of toebehore of enige ander deel van die swembad beskadig of hom onwettig daarmee bemoei nie;

(l) op die perseel dobbel nie;

(m) in die swembad waterpolo speel nie behalwe op die tye en die voorwaardes wat die munisipaliteit bepaal, en niemand mag enige ander spel met of sonder 'n bal of ander voorwerp speel wat moontlik besering of ongerief aan swemmers of toeskouers kan veroorsaak nie;

(n) 'n branderplank, kano, skuit, vlot, of ander ding wat besering kan veroorsaak op die perseel of in die swembad bring of gebruik nie;

(o) enige kledingstuk of ander goedere in die swembad was nie;

(p) enige vuurwerke op die perseel afskiet nie;

(q) enige musiekinstrument speel of geluide daarop maak terwyl hy die geriewe op die perseel benut nie, behalwe in gevalle waar die munisipaliteit sy skriftelike toestemming daarvoor verleen het;

(r) op die perseel enige publieke toespraak, gebed, boek of rede luid lewer, uitspreek of uitlees, of enige lied hardop sing, of enige openbare vergadering of byeenkoms hou of daaraan deelneem nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit;

(s) wanneer hy deur die bestuurder of sy gemagtigde daartoe versoek word, weier om sy of haar naam en adres te verstrek nie;

(t) met kledingstukke aan in die swembad swem behalwe normale aanvaarde swemdrag nie;

(u) met 'n fiets, motorvoertuig, motorfiets of enige selfaangedrewe vervoermiddel in of op die swembadperseel ry nie;

(v) hom met enige dier of voël wat gehou word op die perseel waarop 'n swembad geleë is, bemoei of dit molesteer nie; ook mag niemand hom met enige plant bemoei of enige blom of steggie pluk nie;

(w) 'n funksie, uitstalling, verkoping, uitvoering, optog of enige ander samekoms op die parkeerarea, swembadgronde of in die swembadarea laat plaasvind sonder die skriftelike toestemming van die munisipaliteit nie.

**Aanspreeklikheid van munisipaliteit**

6. Die munisipaliteit is nie aanspreeklik—

(a) vir die verlies of diefstal van klere of besittings van watter aard ook al wat deur enigiemand in die kleedkamers of sluitkaste of elders op die perseel gelaat is nie, en

(f) at any time enter the swimming pool or use a dressing room while knowingly suffering from an contagious or infectious disease or from any abnormal discharge from the eyes, nose, ears, throat or other body part or from an open wound or suppurating sore;

(g) introduce into or consume or smoke on the premises any intoxicating liquor or drugs;

(h) swim in the swimming pool unless clothed in a proper and adequate pooling costume, nor appear anywhere on the premises unless he is wearing a pooling costume or is otherwise properly dressed;

(i) expectorate on the premises or defecate in the swimming pool or some other place, or leave or deposit any paper, fruit peels or other litter anywhere except in the refuse bins provided for the purpose;

(j) use any shower or sanitary convenience in an improper or offensive manner;

(k) damage, or by writing, drawing or scribbling thereon or by any other means or in any other manner deface or defile any wall, seat or door, or damage or unlawfully interfere with any facility or appurtenance or any part of the swimming pool;

(l) gamble on the premises;

(m) play water-polo in the swimming pool except at such times and on such conditions as shall be fixed by the municipality, nor shall any person play, with or without a ball or other object, any other game likely to cause injury or discomfort to swimmers or spectators;

(n) bring or use a surfboard, canoe, boat, punt, raft or other thing which may cause injury on the premises or in the swimming pool;

(o) wash any garment or other matter in the swimming pool;

(p) discharge any fireworks on the premises;

(q) play any musical instrument or make noises thereon whilst utilising the conveniences on the premises, except with the prior written consent of the municipality;

(r) deliver, utter or read aloud any public speech, prayer, book or address, or sing any song out loud, or hold or take part in any public meeting or assemblage on the premises, except with the prior written consent of the municipality;

(s) refuse to give his or her name and address when requested to do so by the manager;

(t) enter the swimming pool with clothing other than normal swimwear;

(u) enter the swimming pool area with a bicycle, motorcar, motorbike or any other self-propelled means of transport;

(v) interfere with or molest any animal or bird kept on the premises on which a swimming pool is situated, nor shall any person interfere with any plant or pick any flower, slip or cutting;

(w) organise a function, sale, performance, march or any other gathering on the parking area or in the swimming pool area without the written consent of the manager.

**Responsibility of municipality**

6. The municipality shall not be responsible—

(a) for the loss or theft of clothing or effects of any description whatsoever left by any person in the dressing rooms or lockers or elsewhere on the premises, and

(b) vir enige beserings of siekte wat iemand op die perseel of in die swembad opgedoen het of na bewering opgedoen het nie, na gelang van die geval;

(c) vir dood in die geval van verdrinking of enige ander oorsaak nie.

**Toegangsgelde**

7. Die munisipaliteit bepaal van tyd tot tyd die gelde vir toegang tot die perseel, en sodanige gelde word in 'n duidelik sigbare plek vertoon by die kantoor waar die toegangsgelde betaal word.

**Uitsetting**

8. Iedereen wat 'n bepaling van hierdie verordening oortree en iedereen wat deur die bestuurder redelikerwys daarvan verdink word dat hy enige ander misdryf op die perseel gepleeg het, moet die perseel onmiddellik verlaat wanneer hy deur die bestuurder daartoe gelas word.

**Strafbepaling**

9. Iedereen wat 'n bepaling van hierdie verordening oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met—

(1) 'n boete of gevangenisstraf, óf sodanige boete óf sodanige gevangenisstraf óf beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;

(2) in die geval van 'n voortdurende misdryf, met 'n addisionele boete, of 'n addisionele tydperk van gevangenisstraf óf sodanige addisionele boete óf sodanige addisionele gevangenisstraf, óf beide sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur, en

(3) 'n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat na bevinding van die hof deur die munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim. 10881

(b) for any injuries sustained or illness contracted or alleged to have been sustained or contracted, as the case may be, by any person on the premises or in the swimming pool;

(c) for death as a result of drowning or any other cause.

**Admission charges**

7. The municipality shall from time to time fix the charges for admission to the premises, and such charges shall be prominently displayed at the office where the admission charges are paid.

**Ejection**

8. Any person contravening any provision of this by-law and any person whom the manager reasonably suspects of having committed any other offence on the premises shall immediately leave the premises when ordered to do so by the manager.

**Penalty**

9. Any person who contravenes any provision of this by-law shall be guilty of an offence and liable upon conviction to—

(1) a fine or imprisonment, or either such fine or imprisonment or to both such fine and such imprisonment;

(2) in the case of a continuing offence, to an additional fine or an additional period of imprisonment or to such additional imprisonment without the option of a fine or to both such additional fine and imprisonment for each day on which such offence is continued, and

(3) a further amount equal to any costs and expenses found by the court to have been incurred by the municipality as result of such contravention or failure. 10881

## MUNISIPALITEIT CEDERBERG

## VERORDENING INSAKE VULLISVERWYDERING

**(20/2004)**

**Doel van Verordening**

- Om die verwesenliking van 'n gesonde en veilige omgewing tot voordeel van die inwoners binne die regsgebied van die munisipaliteit te bevorder;
- Om voorsiening te maak vir prosedures, metodes en praktyke om die storting van vullis en die verwydering van vullis te reguleer.

**Woordbepaling**

1. In hierdie verordening sluit woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in, sluit die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd, geniet die Afrikaanse teks voorrang in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken:—

"diensterekening" die amptelike rekening, wat die munisipaliteit maandeliks aan die eienaar van 'n perseel lewer;

"eienaar" ook huurder, okkupeerder, bewoner of enige persoon wat voordeel uit die perseel verkry of daarop geregtig is en dit omvat ook enige insolvente boedel, eksekuteur, administrateur, trustee, likwidateur of geregtelike bestuurder;

"gelde" die tarief vir die verwydering van vullis hetsy dit een, twee of drie verwyderings per week is;

## CEDERBERG MUNICIPALITY

## BY-LAW RELATING TO REFUSE REMOVAL

**(20/2004)**

**Purpose of By-Law**

- To promote the achievement of a safe and healthy environment for the benefit of the residents in the area of jurisdiction of the municipality;
- To provide for procedures, methods and practices to regulate the dumping of refuse and the removal thereof.

**Definitions**

1. In this by-law, words used in the masculine gender include the feminine, the singular includes the plural and vice versa, the Afrikaans text prevails in the event of an inconsistency between the different texts and unless the context otherwise indicates:—

"charges" means the tariff for the removal of refuse, whether one, two or three removals per week;

"dumping site" means an area where dumping is allowed as determined and designated by the municipality;

"municipality" means the Municipality of Cederberg established in terms of Section 12 of the Municipal Structures Act, 117 of 1998, Provincial Notice 482 dated 22 September 2000 and includes any political structure, political office bearer, councillor, duly authorised agent thereof or any employee thereof acting in connection with this by-law by virtue of a power vested in the municipality and delegated or sub-delegated to such political structure, political office bearer, councillor, agent or employee;

''munisipaliteit'' die munisipaliteit van Cederberg gestig in terme van Artikel 12 van die Munisipale Strukturewet, 117 van 1998, Provinsiale Kennisgewing 482 gedateer 22 September 2000 en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, behoorlik gevolmagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening uit hoofde van 'n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan gemelde politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, agent of werknemer;

''perseel'' enige grond, hetsy onbebou, ge-okkupeer of met geboue daarop;

''stortingsterrein'' 'n gebied deur die munisipaliteit bepaal en aangewys waar vullisstortings mag plaasvind;

''toelaat'' ook op opsetlike, nalatige of welke wyse ook al toe te Iaat;

''verwyderingsdag'' die dag deur die munisipaliteit bepaal vir die verwydering van vullis en kan een, twee of drie verwyderings, afhangend van die geval, per week wees;

''vullis'' ook—

''afval'' enige stof of voorwerp wat nie as gevaarhoudende afval, vullis of materiaal geklassifiseer kan word nie, soos motordele of onderdele, motorolies of smeermiddels of olies en soortgelyke stowwe, materiale, vloeistowwe, ens;

''besigheidsafval'' enige stof of voorwerp wat ontstaan deur die gebruik van 'n besigheidsperseel, maar dit omvat nie afval, gevaarhoudende stowwe, materiaal, huisvullis en tuinafval nie;

''huisvullis'' enige vrugte- of groenteskille, groente- of vrugte-afval, algemene huishoudelike afval asook tuinafval van sodanige grootte dat dit in 'n vullishouer geplaas kan word of enige ander voorwerp wat na die mening van die munisipaliteit vullis uitmaak;

''materiale'' enige klippe, sand, boumateriale of bourommel of enige ander tipe saamgestelde of kunsmatige materiale soos plastiekpype of soortgelyke materiale, asook materiale wat gebruik word vir die oprigting van geboue of strukture of toebehore tot die geboue of strukture of enige ander materiale wat na die mening van die munisipaliteit as materiale geklassifiseer kan word;

''tuinafval'' afval wat ontstaan as gevolg van tuinmaakbedrywighede soos sny van gras, blare, plante, blomme en dergelike afval van sodanige grootte dat dit in 'n vullishouer geplaas kan word;

''vullishouer'' die mobiele houer met 'n inhoudsmaat van 240 liter of alternatiewelik plastieksakke wat deur die munisipaliteit aan elke perseel beskikbaar gestel word of soos deur die munisipaliteit vereis word;

''woonperseel'' 'n perseel wat vir woondoeleindes gesoneer is ingevolge die soneringskema.

**Verpligte gebruik van diens**

2. (1) Niemand, uitgesonderd die munisipaliteit of 'n persoon deur die munisipaliteit daartoe gemagtig, mag enige vullis vanaf enige perseel verwyder of daarmee wegdoen nie.

(2) Elke eienaar, uitgesluit die eienaars van plase en kleinhoewes, moet gebruik maak van die diens wat deur die munisipaliteit voorsien word vir die verwydering en wegdoen van vullis, ten opsigte van vullis wat afkomstig is van sodanige perseel.

(3) Die gelde soos deur die munisipaliteit vasgestel is deur die eienaar betaalbaar aan die munisipaliteit, ongeag of van die diens gebruik gemaak word, al dan nie.

''night soil'' means human excrement not disposed of in an approved sanitary convenience;

''owner'' also means lessee, occupier, resident or any person who obtains a benefit from the premises or is entitled thereto and also includes any insolvent estate, executor, administrator, trustee, liquidator judicial manager;

''permit'' also means to allow intentionally, negligently or any other manner whatsoever;

''premises'' means any land, whether vacant, occupied or with buildings thereon;

''refuse'' includes—

''business refuse'' which means any matter or substance arising out of the use of business premises but does not include waste, hazardous waste, material, domestic refuse or garden refuse;

''domestic refuse'' which means any fruit or vegetable peels, fruit or vegetable waste, general domestic waste as well as garden refuse which is of such size that it may be deposited in a refuse bin or any other matter which in the opinion of the municipality constitutes refuse;

''garden refuse'' which means refuse originating from a gardening activity such as grass cutting, leaves, plants flowers or similar refuse of such size that it can be placed in a refuse bin;

''hazardous waste'' which means any waste, matter or substance which may be hazardous or harmful to the environment and residents or which may pollute the environment including medical waste, asbestos, motor oils or lubricants, or any other waste, matter or substance which in the opinion of the municipality constitutes hazardous waste;

''materials'' which means any stone, rock, sand, building materials or building rubble or any other type of composite or artificial materials such as plastic pipes and similar materials as well as materials which are utilised in the erection of buildings or structures or any other materials which in the opinion of the municipality constitute materials;

''waste'' which means any matter or substance which cannot be classified as hazardous waste, refuse or materials such as parts of cars, spare parts, motor oils or lubricants or oils and similar substances, materials, liquids, etc;

''refuse bin'' means a mobile container with a capacity of 240 litres, or alternatively plastic bags, which the municipality makes available to each premises or as required by the municipality;

''removal day'' the day fixed by the municipality for the removal of refuse and depending on the case may be one, two or three removals, per week;

''residential premises'' means premises which are zoned for residential purposes in terms of the zoning scheme;

''services account'' means the official account rendered by the municipality to the owner of premises.

**Compulsory use of service**

2. (1) No one except the municipality or a person authorised by the municipality; may remove any refuse from any premises or dispose thereof.

(2) Each owner, excluding the owners of farms and smallholdings must make use of the service provided by the municipality for the removal or disposal of refuse, in respect of refuse originating from such premises.

(3) The tariff as fixed by the municipality is payable to the municipality by the owner, irrespective whether the service is being used, or not.

**Vullishouers**

3. Die munisipaliteit verskaf een vullishouer, wat van 'n reeksnommer voorsien is, of plastieksakke per woonperseel nadat die eienaar van die perseel 'n skriftelike ooreenkoms met die munisipaliteit aangegaan het, maar kan in gevalle—

(a) waar die munisipaliteit van mening is dat meer as een vullishouer nodig is; of

(b) waar die eienaar skriftelik om meer as een vullishouer aansoek doen;

meer as een vullishouer aan 'n woonperseel verskaf op voorwaarde dat die koste van sodanige addisionele vullisverwyderingsdiens deur die eienaar betaal word en enige addisionele verwyderingskoste ten opsigte van die addisionele houer(s) vir die rekening van die eienaar is.

**Verwydering**

4. (1) Die munisipaliteit verskaf die aantal vullishouers wat van 'n reeksnommer voorsien is, of die tipe vullishouer wat normaalweg voorsien word, op versoek van die eienaar van 'n perseel anders as 'n woonperseel, met dien verstande dat—

(a) eienaars daarvoor verantwoordelik is om alternatiewe reëlings tot die bevrediging van die munisipaliteit te tref vir die verwydering van vullis vanaf die perseel;

(b) die munisipaliteit spesiale vullishouers kan voorskryf waarin spesifieke vullis gegooi of opgeberg moet word;

(c) die munisipaliteit vullis op 'n verwyderingsdag direk van die eienaar se perseel verwyder;

en verder met dien verstande dat indien die eienaar van so 'n perseel 'n skriftelike ooreenkoms met die munisipaliteit aangaan vir die verwydering van vullis en/of die voorsiening van vullishouers aan die perseel, die diens gelewer word op die voorwaardes, koste en tye waartoe skriftelik ooreengekom word.

(2) Die munisipaliteit verwyder slegs vullis wat in die vullishouers, soos deur die munisipaliteit goedgekeur, geplaas is op die verwyderingsdae soos wat van tyd tot tyd deur die munisipaliteit gewysig kan word.

(3) (a) Slegs huisvullis mag in vullishouers geplaas word.

(b) Niemand mag enige—

(i) afval, gevaarhoudende afval en/of materiale in 'n vullishouer pIaas of toelaat dat dit daarin geplaas word nie;

(ii) vullis in 'n vullishouer plaas of toelaat dat dit daarin geplaas word op so 'n manier dat die deksel van die vullishouer nie behoorlik kan toemaak nie;

(iii) afval, gevaarhoudende afval, materiale of vullis langs of bo-op 'n vullishouer in 'n pad of op 'n sypaadjie of op enige ander plek uitsit, ophoop, stort, opberg of op welke wyse ook al plaas nie, of toelaat dat dit langs of bo-op 'n vullishouer, in 'n pad of op 'n sypaadjie of op enige ander plek uitgesit, opgehoop, gestort opgeberg of op welke wyse ook al geplaas word nie.

(c) Die munisipaliteit kan, indien daar 'n gevaar of gesondheidsgevaar bestaan of moontlik kan ontstaan, enige redelike voorwaarde stel met betrekking tot die hantering, berging of verwydering van vullishouers of enigiets wat daarmee verband hou.

(d) Indien die eienaar meer vullisverwydering verlang, kan hy aansoek doen om 'n skriftelike ooreenkoms met die munisipaliteit aan te gaan vir addisionele vullisverwyderings op die voorwaardes en tye en teen die tariewe wat die munisipaliteit van tyd tot tyd mag bepaal.

**Refuse bins**

3. The municipality provides one refuse bin, supplied with a serial number, or plastic bags per residential premises after the owner of the premises has concluded a written agreement with the municipality, but may in cases—

(a) where the municipality is of the opinion that more than one refuse bin is needed, or

(b) where the owner applies in writing for more than one refuse bin,

supply more than one refuse bin per residential premises provided that the costs of such additional refuse removal service be paid by the owner and any additional removal costs in respect of the additional container(s) is for the account of the owner.

**Removal**

4. (1) The municipality provides the number of refuse bins with a serial number, or the type of refuse bin that is normally supplied, at request of the owner of a premises other than a residential premises, provided that—

(a) owners are responsible for making alternative arrangements to the satisfaction of the municipality, for the removal of refuse from the premises;

(b) the municipality may prescribe special refuse bins, in which specific refuse must be dumped or stored;

(c) the municipality removes refuse on the day of removal, directly from the premises of the owner,

and further provided that in case the owner of such premises concludes a written agreement with the municipality for the removal of refuse and/or the provision of refuse bins to the premises, the services be delivered on the conditions, and at the cost and times which have been agreed upon in writing.

(2) The municipality shall only remove refuse that has been deposited in refuse bins, as approved by municipality and on the removal days as may be amended by municipality from time to time.

(3) (a) Only domestic refuse may be deposited in refuse bins.

(b) No person shall—

(i) deposit or permit to be deposited any waste, hazardous waste and/or material in a refuse bin;

(ii) deposit or permit to be deposited any refuse in a refuse bin in such a manner as to cause the lid of the refuse bin not to close properly;

(iii) put out, accumulate, dump, store or deposit in any manner whatsoever waste, hazardous waste, materials or refuse next to or on a refuse bin, in a road, or on a sidewalk or in any other place or permit it to be put out, accumulated, dumped, stored or deposited in any man ner whatsoever next to or on a refuse bin in a road or on a sidewalk or in any other place.

(c) The municipality may, if a hazard or health hazard exists or may possibly arise, impose any reasonable condition, regarding the handling, storage or removal of refuse bins, or anything in connection therewith.

(d) If the owner requires morn refuse removals he may apply to enter into a written agreement with the municipality for additional refuse removals subject to the conditions and at the times and tariffs determined by the municipality, from time to time.

(e) Die munisipaliteit kan 'n diens voorsien ten opsigte van addisionele tuinvullisverwydering wat nie in die vullishouer geplaas kan word nie en spesiale reëlings vir die verwydering daarvan moet met die munisipaliteit getref word wat onderworpe is aan die betaling van die tariewe en die nakoming van die voorwaardes wat die munisipaliteit van tyd tot tyd bepaal.

**Gebruik van vullishouer(s)**

5. (1) Enige vullishouer wat deur die munisipaliteit verskaf is, bly die eiendom van die munisipaliteit, behalwe waar 'n vullishouer, soos bepaal in artikel 4(b), aangekoop word.

(2) Die eienaar moet die vullishouers op sy perseel in 'n skoon en netjiese toestand hou en mag 'n vullishouer vir geen ander doel, behalwe vir die plasing van vullis daarin, gebruik nie.

(3) Die munisipaliteit verwyder nie vullis tensy die vullishouer op die sypaadjie voor die perseel waaraan dit toegeken is op die verwyderingsdag, binne normale werksure, geplaas is nie.

(4) Die eienaar moet vullishouers terugplaas op sy perseel voor donker op die verwyderingsdag waarop die vullisverwydering plaasgevind het.

(5) Die eienaar mag geen vullis in die vullishouer(s) plaas of toelaat dat dit daarin geplaas word wat tot gevolg kan hê dat die vullishouer(s) op welke wyse ook al beskadig of vernietig kan word nie.

(6) 'n Vullishouer word vervang wanneer dit nodig is, met dien verstande dat waar die vullishouer vervang moet word as gevolg van diefstal of skade veroorsaak deur die nalatigheid van die eienaar, sodanige eienaar aanspreeklik gehou sal word vir die koste van die vervanging van die vullishouer.

(7) Niemand mag 'n vullishouer vanaf die perseel waaraan dit toegeken is, verwyder, dit vernietig of beskadig nie, of toelaat dat dit verwyder, vernietig of beskadig word nie.

**Verbod op ophoping en storting**

6. (1) Niemand mag enige vullis op enige grond of perseel, insluitende die eienaar se woonperseel, of in enige openbare plek of straat ophoop, stort, opberg of plaas of toelaat dat dit opgehoop, gestort, opgeberg of geplaas word nie met dien verstande dat 'n persoon wat die skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit vooraf verkry het om dit op 'n bepaalde plek te doen, die voorwaardes van sodanige goedkeuring moet nakom. Hierdie verbod geld ook ten opsigte van 'n eienaar se woonperseel waar die vullis na die mening van die munisipaliteit 'n oorlas, gevaar of gesondheidsgevaar kan skep.

(2) Slegs vullis en materiale afkomstig vanaf woonpersele mag op die stortingsterrein gestort word:

(a) as die eienaar sy diensterekening toon aan die werknemer van die munisipaliteit of die persoon wat namens die munisipaliteit toegangsbeheer op die stortingsterrein reël; en

(b) teen betaling van die tarief en op die tye wat die munisipaliteit van tyd tot tyd bepaal.

(3) Geen persoon mag vullis verbrand of veroorsaak dat vullis verbrand word sonder die vooraf verkreë skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit nie en dan slegs in ooreenstemming met die voorwaardes en vereistes vervat in sodanige goedkeuring om dit te verbrand.

(4) Niemand mag enige gevaarhoudende afval in 'n vullishouer plaas of toelaat dat dit daarin geplaas word, toelaat dat sodanige gevaarhoudende afval verwyder word of sodanige gevaarhoudende afval op 'n stortingsterrein stort of veroorsaak dat dit gestort word, sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit nie en dan slegs in ooreenstemming met die voorwaardes en vereistes in sodanige gespesifiseer.

(e) The municipality may provide an additional garden refuse removal service for garden refuse which cannot be deposited in a refuse bin and special arrangements must be made with the municipality subject to the payment of the tariff and compliance with the conditions determined by the municipality from time to time.

**Utilisation of refuse bin(s)**

5. (1) Any refuse bin provided by the municipality shall remain the property of the municipality, except where, as provided in section 4(b), a bin is purchased.

(2) The owner shall keep the refuse bins on his premises in a clean and neat condition and shall not use any refuse bin for any purpose other than for the depositing of refuse.

(3) The municipality shall not remove refuse unless the refuse bin has on the removal day been placed on the sidewalk in front of the premises to which it has been allocated.

(4) The owner shall return refuse bins to his premises not later than nightfall on the day of the refuse removal.

(5) The owner shall not deposit or permit to be deposited any refuse in a refuse bin which may cause such bin to be damaged or destroyed in any manner whatsoever.

(6) A refuse bin shall be replaced as and when it is necessary, provided that where such refuse bin has to he replaced as a result of theft or damage caused through the negligence of the owner, such owner shall be held liable for the cost of replacing such refuse bin.

(7) No person shall remove a refuse bin from any premises to which it has been allocated or destroy or damage it, or permit it to be removed, destroyed or damaged.

**Prohibition on accumulation and dumping**

6. (1) No person shall accumulate, dump, store or deposit or permit the accumulation, dumping, storage or depositing of any refuse, hazardous waste, materials and/or waste on any land or premises, including the owner's residential site, or in any public place or street, provided that a person who has obtained the prior written approval of the municipality to do so at a specific place shall comply with the conditions of such approval. This prohibition shall also apply in respect of an owner's residential premises where it may in the opinion of the municipality create a nuisance, hazard or health hazard.

(2) Only refuse and materials generated on residential premise may be dumped at the dumping site:

(a) on production by the owner of his services account to the official of the municipality or the person acting on behalf of the municipality in charge of access control at the dumping site; and

(b) upon payment of the tariff and at such times as the municipality may fix from time to time.

(3) No person shall burn refuse, hazardous waste, materials and/or waste or cause refuse, hazardous waste, materials and/or waste to be burnt without the prior written approval of the municipality and then only in accordance with the conditions and requirements specified in such approval.

(4) No person shall deposit or permit to be deposited any hazardous waste in any refuse bin, permit such hazardous waste to be removed, or such hazardous waste to be dumped or cause to be dumped at a dumping site without the prior written approval of the municipality and then only in accordance with the conditions and requirements specified in such approval.

**Sypaadjies**

7. Dit is die plig van elke eienaar van 'n besigheid, van 'n winkel of handelsperseel om toe te sien dat die sypaadjie voor of aangrensend aan die perseel, skoon en vry gehou word van vullis wat van sodanige perseel afkomstig is of wat voortspruit uit die lewering van goedere aan sodanige perseel.

**Stortingsterreine**

8. (1) Die munisipaliteit kan enige stortingsterrein of enige gedeelte van 'n stortingsterrein aanwys waarop slegs 'n besondere vullis gestort of geplaas mag word.

(2) Die munisipaliteit kan die tipe of grootte voertuig beperk waaruit vullis gestort of geplaas mag word by enige stortingsterrein

(3) Die munisipaliteit kan 'n beperking stel op die hoeveelheid vullis in die algemeen of die hoeveelheid van 'n besondere tipe vullis wat gestort of geplaas mag word by enige stortingsterrein.

(4) Die munisipaliteit kan vereis dat enige vullis wat by 'n stortingsterrein gestort of geplaas moet word, net op 'n besondere plek of op 'n voorgeskrewe wyse gestort of geplaas mag word of dat dit behandel, omhul of verpak moet word op 'n voorgeskrewe wyse voor storting of plasing.

(5) Die munisipaliteit bepaal die dae waarop en ure waartydens storting van vullis by enige stortingsterrein mag plaasvind.

(6) Enige vereiste opgelê ingevolge hierdie verordening word vir die publiek aangetoon by wyse van 'n geskikte kennisgewing opgerig by die ingang van die betrokke stortingsterrein. Enige opdragte van 'n werknemer van die munisipaliteit of 'n persoon wat namens die munisipaliteit optree, wat toegangsbeheer op die stortingsterrein reël wanneer afval by so 'n terrein gestort of geplaas word, moet stiptelik nagekom word.

**Eiendomsreg op vullis**

9. AIle vullis wat die munisipaliteit verwyder het en alle vullis op die stortingsterreine waaroor die munisipaliteit beheer uitoefen, is die eiendom van die munisipaliteit en niemand wat nie behoorlik deur die munisipaliteit daartoe gemagtig is, mag sodanige vullis verwyder of hom daarmee bemoei nie.

**Toepassing**

10. Waar enige voorwerp of ding van watter aard ook al wat nie in die omskrywing omskryf word nie, na die mening van die munisipaliteit vullis, onooglik is of waarskynlik 'n versperring sal uitmaak of 'n gevaar of oorlas kan skep opgehoop, gestort, opgeberg of geplaas is op of in enige grond, plek, perseel of vullishouer(s) of in enige straat of openbare plek behalwe soos toegelaat ingevolge hierdie verordening, kan die munisipaliteit 'n skriftelike kennisgewing beteken aan—

(a) die persoon wat regstreeks of onregstreeks vir sodanige ophoping, storting, opberging of plasing verantwoordelik is, en/of

(b) die eienaar van sodanige vullis, voorwerp of ding ongeag of hy vir sodanige ophoping, storting, opberging of plasing verant woordelik is of nie, en/of

(c) die eienaar van sodanige grond of perseel ongeag of hy vir sodanige ophoping, storting, opberging of plasing verantwoordelik is of nie,

waarin van sodanige persoon of eienaar, na gelang van die geval, vereis word om sodanige vullis, voorwerp of ding weg te doen, te vernietig of te verwyder tot genoeë van die munisipaliteit voor of op 'n datum in sodanige kennisgewing en indien hy in gebreke bly, is sodanige eienaar skuldig aan 'n misdryf en kan die munisipaliteit self sodanige vullis wegdoen, vernietig of verwyder op koste van enige een of meer van die persone of eienaars in (a), (b) en (c) van hierdie artikel genoem.

**Pavements**

7. It shall be the duty of every lisencee or occupier of a shop or trade premises to ensure that the pavement in front of or abutting the premises is kept clean and free of refuse or material originating from such premises or resulting from the delivery of good to such premises.

**Dumping sites**

8. (1) The municipality may set aside any dumping site or any part of a dumping site where only a particular kind of refuse may be deposited or dumped.

(2) The municipality may limit the type or size of vehicle from which waste may be dumped or deposited at any dumping site.

(3) The municipality may limit the quantity of waste in general or the quantity of a particular type of waste which may be dumped or deposited at any dumping site.

(4) The municipality may require that any waste to be dumped or deposited at a dumping site shall be dumped or deposited at a particular place or in a specified manner only or that it be treated, wrapped or packaged in a specific manner before being dumped or deposited.

(5) The municipality shall determine the days when and hours during which dumping may take place at any dumping site.

(6) Any requirement imposed in terms of this by-law shall be indicated to the public by means of an appropriate notice erected at the entrance of the dumping site concerned. Any instruction issued by an official of the municipality or a person acting on behalf of the municipality in charge of access control at the dumping site, shall be strictly complied with.

**Ownership of refuse**

9. All refuse removed by the municipality and all refuse on dumping sites controlled by the municipality shall be the property of the municipality and no person who is not duly authorised thereto by the municipality, shall remove or interfere with such refuse.

**Enforcement**

10. Where, in the opinion of the municipality any object or thing of whatever description which is not defined in the definitions constitutes refuse, is unsightly or is likely to create an obstruction, a hazard or a nuisance is accumulated, dumped, stored or deposited on or in any land, place, premises or refuse bin(s) or in any street or public place, except where allowed in terms of this by-law the municipality may serve a written notice on—

(a) the person who is directly or indirectly responsible for such accumulation, dumping, storing or depositing, and/or

(b) the owner of such waste, hazardous waste, refuse, materials, object or thing, whether or not he is responsible for such accumulation, dumping, storing or depositing, and/or

(c) the owner of such land or premises, whether or not he is responsible for such accumulation, dumping, storing or depositing,

in which such a person or owner, as the case may be, shall be required to do away with, destroy or remove such refuse, hazardous waste, materials, waste, object or thing to the satisfaction of the municipality on or before a date determined in such notice and failing to comply with such a notice, such owner shall be guilty of an offence and the municipality may dispose, destroy or remove such waste at the expense of any one or more persons or owners referred to in (a), (b) and (c) of this section.

**Stowwe in vullishouer**

11. Niemand mag enige artikel of stof, behalwe vullis, in 'n vullishouer vir verwydering plaas nie.

**Gelde**

12. Die munisipaliteit stel gelde vas wat aan hom betaalbaar is vir die verwydering of wegdoen van vullis en storting of plasing van vullis op die stortingsterrein.

(a) Die gelde soos deur die munisipaliteit vasgestel, is verskuldig en betaalbaar deur die okkupeerder wat van die vullisverwyderingsdiens voorsien word of as hy in gebreke bly, deur die eienaar van die eiendom soos omskryf in die woordbepaling;

(b) die gelde verskuldig is betaalbaar en sal gevorder word in terme van die kredietbeheer en skuldinvorderingsbeleid en verordeninge soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteitit aanvaar.

**Strafbepaling**

13. Iedereen wat enige van die bepalings van hierdie verordening oortree of versuim of weier om te voldoen aan enige bevel of kennisgewing wat kragtens hierdie verordening deur die munisipaliteit uitgereik is, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met—

(1) 'n boete of gevangenisstraf, óf sodanige boete óf sodanige gevangenisstraf óf beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;

(2) in die geval van 'n voortdurende misdryf, met 'n addisionele boete of 'n addisionele tydperk van gevangenisstraf, óf sodanige addisionele boete óf sodanige addisionele gevangenisstraf, óf beide sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur; en

(3) 'n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat na bevinding van die hof deur die munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim. 10882

**Substances in refuse bin**

11. No one shall deposit any article or substance, except waste, in a refuse bin for removal.

**Charges**

12. The municipality shall fix the charges payable to it for the removal or disposal of waste and dumping or depositing of waste at the dumping site.

(a) The charges as fixed by the municipality shall be due and payable by the occupier who is supplied with the refuse removal service or failing which by the owner of the premises;

(b) the charges due shall be payable and recoverable in terms of the credit control and debt collection policy and by-law adopted by the municipality from time to time.

**Offences and penalties**

13. Any person who contravenes any provisions of this by-law or fails or refuses to comply with any order or notice issued by the municipality in accordance with this by-law shall be guilty of an offence and on conviction be liable to—

(1) a fine or imprisonment, or either such fine or such imprisonment or both such fine and such imprisonment;

(2) in the case of a continuing offence, an additional fine or an additional period of imprisonment or either such additional fine or such additional imprisonment or both such additional fine and imprisonment for each day on which such offence is continued, and

(3) a further amount equal to any costs and expenses found by the court to have been incurred by the municipality as result of such contravention. 10882

---

**MUNISIPALITEIT CEDERBERG**

**VERORDENING RAKENDE WATERVOORSIENING, SANITASIEDIENSTE EN NYWERHEIDSUITVLOEISEL**

**(21/2004)**

**INHOUDSOPGAWE**

**HOOFSTUK I : Algemene bepalings**

**Deel 1 : Woordomskrywings**
Woordomskrywings

**Deel 2 : Aansoek om waterdienste**
Aansoek om waterdienste
Spesiale ooreenkomste vir waterdienste

**Deel 3 : Tariewe en heffings**
Voorgestelde tariewe en heffings vir waterdienste
Vasgestelde heffings vir waterdienste

**Deel 4 : Betaling**
Betaling van deposito
Betaling van gelewerde waterdienste

**Deel 5 : Rekenings**
Rekenings

**Deel 6 : Beëindiging, inkorting en staking van waterdienste**
Beëindiging van ooreenkoms vir die voorsiening van waterdienste
Inkorting en/of staking van gelewerde waterdienste

**CEDERBERG MUNICIPALITY**

**BY-LAW RELATING TO WATER SUPPLY, SANITATION SERVICES AND INDUSTRIAL EFFLUENT**

**(21/2004)**

**TABLE OF CONTENTS**

**CHAPTER I : General provisions**

**Part 1 : Definitions**
Definitions

**Part 2 : Application for water services**
Application for water services
Special agreements for water services

**Part 3 : Tariffs and charges**
Prescribed tariffs and charges for water services
Fixed charges for water services

**Part 4 : Payment**
Payment of deposit
Payment for water services provided

**Part 5 : Accounts**
Accounts

**Part 6 : Termination, limitation and discontinuation of water services**
Termination of agreement for the provision of water services
Limitation and/or discontinuation of water services rovided

**Deel 7 : Algemene bepalings**
Verantwoordelikheid vir nakoming van hierdie verordening
Vrystelling
Ongemagtigde gebruik van waterdienste
Verandering van doel waarvoor waterdienste gebruik word
Inmenging met watervoorsieningstelsel of enige sanitêre dienste
Versperring van toegang tot watervoorsieningstelsel of enige sanitasiedienste
Kennisgewings en dokumente
Bevoegdheid om kennisgewings te beteken en nakoming van kennisgewings
Bevoegdheid om te betree en te inspekteer
Vals verklarings of inligting
Misdrywe

**HOOFSTUK II : Watervoorsieningsdienste**

**Deel 1 : Verbinding aan watervoorsieningstelsel**
Voorsiening van verbindingspyp
Plasing van verbindingspyp
Voorsiening van enkelwaterverbinding vir lewering aan verskeie verbruikers op dieselfde perseel
Interverbinding tussen persele of waterinstallasies
Diskonnektering van waterinstallasie vanaf verbindingspyp

**Deel 2 : Gemeenskapswaterdienstewerke**
Voorsiening van 'n waterdienstewerk vir waterverskaffing aan verskeie verbruikers

**Deel 3 : Tydelike voorsiening**
Water vanaf brandkraan voorsien

**Deel 4 : Standaarde en algemene voorwaardes van voorsiening**
Hoeveelheid, gehalte en druk
Algemene voorwaardes van voorsiening

(i) die put moet geventileer wees deur middel van ’n pyp, aan die boonste punt verseël met duursame, insekbestande beskutting wat stewig in posisie geheg is;

(ii) die ventilasiepyp moet nie minder nie as 0,5 m bokant die naaste dak uitsteek, moet minstens 150 mm in deursnee wees en moet vertikaal sonder kromming geïnstalleer word;

(iii) die binnekant van die kloset moet egalig afgewerk wees ten einde dit in ’n skoon en higiëniese toestand te hou. Die bowerk moet goed geventileer wees ten einde die vry vloei van lug na die binnekant van die put deur die pyp te laat ventileer;

(iv) die opening in die blad moet voldoende wees ten einde besoedeling te voorkom. Die velling moet verhewe wees sodat vloestowwe wat gebruik word om die vloeroppervlakte mee te was, nie in die put vloei nie. Dit sal van ’n deksel voorsien word ten einde die uittog van vlieë en ander insekte wanneer die toilet nie gebruik word nie, te voorkom;

(v) die latrine moet in ’n posisie onafhanklik van die woonstruktuur gelokaliseer wees;

(vi) die latrine moet sodanig gelokaliseer wees dat dit toegang bied aan padvoertuie met ’n breedte van 3,0 m ten einde die leegmaak van die put moontlik te maak;

(vii) in situasies waar die gevaar van besoedeling van ’n waterdraer vanweë die deurdringbaarheid van die grond bestaan, moet die die put uitgevoer word met ’n ondeurdringbare materiaal wat duursaam is en nie onder druk sal kraak nie;

(viii) in situasies waar die grond waarin die put uitgegrawe staan te word onstabiel is, moet voldoende stutting voorsien word ten einde instorting van die grond te voorkom;

(ix) daar moet voldoende toegang tot water wees vir die was van hande.

**Perseelriool in strate of openbare plekke**

74. Niemand sal vir doeleindes van die afvoer van vuilriool, vanuit watter bron ookal afkomstig, ’n perseelriool op, in of onder ’n straat, openbare plek of ander grond wat behoort aan of setel in of onder die beheer verkeer van die die munisipaliteit, lê of bou nie, behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die munisipaliteit en onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat die munisipaliteit mag voorskryf.

**Bouwerk deur munisipaliteit**

75. Die munisipaliteit mag met die eienaar van enige perseel ooreenkom dat enige rioleringswerk wat sodanige eienaar verlang, of ingevolge hierdie verordening of die Bouregulasies verplig is om te bou, deur

(2) (a) Where the draining installation is a pit latrine it must be of the ventilated improved pit latrine type or equivalent having—

(i) a pit of 2 $m^3$ capacity;

(ii) lining as required;

(iii) a slab designed to support the superimposed loading; and

(iv) protection preventing children from falling into the pit.

(b) The ventilated improved pit latrine must conform with the following specifications—

(i) the pit must be ventilated by means of a pipe, sealed at the upper end with durable insect proof screening fixed firmly in place;

(ii) the ventilation pipe must project not less than 0,5 m above the nearest roof, must be of at least 150 mm in diameter, and must be installed vertically with no bend;

(iii) the interior of the closet must be finished smooth so that it can be kept in a clean and hygienic condition. The superstructure must be well-ventilated in order to allow the free flow of air into the pit to be vented through the pipe;

(iv) the opening through the slab must be of adequate size as to prevent fouling. The rim must be raised so that liquids used for washing the floor do not flow into the pit. It shall be equipped with a lid to prevent the egress of flies and other insects when the toilet is not in use;

(v) must be sited in a position that is independent of the residential structure;

(vi) must be sited in positions that are accessible to road vehicles having a width of 3,0 m in order to facilitate the emptying of the pit;

(vii) in situations where there is the danger of polluting an aquifer due to the permeability of the soil, the pit must be lined with an impermeable material that is durable and will not crack under stress;

(viii) in situations where the ground in which the pit is to be excavated is unstable, suitable support is to be given to prevent the collapse of the soil;

(ix) the latrine must have access to water for washing hands.

**Drains in streets or public places**

74. No person shall for the purpose of conveying sewage derived from whatever source, lay or construct a drain on, in or under a street, public place or other land owned by, vested in, or under the control of the municipality, except with the prior written permission of the municipality and subject to such conditions as it may impose.

**Construction by municipality**

75. The municipality may agree with the owner of any premises that any drainage work which such owner desires, or is required to construct in terms of this by-law or the Building Regulations, will be

die munisipaliteit gebou sal word teen betaling, vooruit of op aanvraag, van alle onkoste wat met sodanige bouwerk in verband staan.

**Instandhouding van perseelrioleringsinstallasie**

76. (1) Die eienaar of okkupeerder van enige perseel moet enige perseelrioleringsinstallasie en enige rioolverbinding op sodanige perseel in stand hou.

(2) Enige persoon wat die munisipaliteit versoek om 'n perseelrioleringsinstallasie skoon te maak sal aanspreeklik wees vir betaling van die voorgeskrewe tarief daarvoor.

(3) Op die skriftelike versoek van die eienaar of okkupeerder van 'n perseel, kan 'n munisipaliteit die perseelrioolinstallasie of enige gedeelte daarvan op die bepaalde perseel inspekteer en toets en die koste verbonde aan sodanige inspeksie en toetsing, soos bereken volgens die spesifieke skaal aangedui in die voorgeskrewe tarief van heffings.

**Installering van voorbehandelingsfasiliteit**

77. 'n Munisipaliteit mag vereis dat enige nuwe perseel van 'n minimumvoorafbehandelde fasiliteit voorsien word, van 'n tipe wat deur die munisipaliteit gespesifiseer mag word, voordat daardie perseel aan enige rioolvuilwegdoenstelsel verbind word.

**Beskerming teen instroming van vloedwater**

78. Waar 'n perseel geleë is in die 1 in 50 jaar-vloedvlakte, moet die boonste hoogte van die dienstoegangsgate, inspeksiekamers en rioolputte bokant die 1 in 50 jaar-vloedvlaktehoogte, behalwe in die geval van dienstoegangsgate en inspeksiekamers waarvan die deksel op goedgekeurde wyse in posisie vasgeheg is.

**Deel 9: Gehaltestandaarde**

**BYLAE A: Aanvaarding van nywerheiduitvloeisel vir loslating binne die rioolvuilwegdoenstelsel**

Niemand mag enige uitvloeisel, direk of indirek, in enige riool loslaat of veroorsaak of toelaat dat dit daarin losgelaat word nie wat—

(i) 'n temperatuur van meer as 40 grade Celsius het;

(ii) 'n pH waarde het van minder as 6,0 of meer as 10,0 teen 25 grade Celsius;

(iii) calsium karbied bevat;

(iv) enige stof bevat wat ontplofbare, ontvlambare, giftige of hinderlike gasse of dampe afgee of voortbring of kan afgee of voortbring;

(v) enige stof bevat wat 'n oop vlampunt van minder as 95 grade Celsius het;

(vi) enige onbestendige, ontvlambare oplossings of organiese oplossings bevat wat onmengbaar is met water;

(vii) enige radio-aktiewe afval of isotope bevat van so 'n aard dat dit nie voldoen aan die vereistes neergelê in die Wet op Kernenergie, Wet 46 van 1999;

(viii) enige van die volgende stowwe bevat in konsentrate wat die hoeveelheid, in milligram per liter daarteenoor aangedui oorskry:

(a) Sakbare vaste stowwe .................................................. 50 ml/l

(b) Gesuspendeerde vaste stowwe .................................. 500 mg/l

(c) Opgeloste vaste stowwe 105 gr. C.......................... 2 500 mg/l

(d) Anorganiese opgeloste vaste stowwe 600 gr. C ..... 1 000 mg/l

(e) Chloried, as Cl ......................................................... 500 mg/l

(f) Sulfaat, as $SO_4$ ......................................................... 500 mg/l

constructed by the municipality against payment, in advance or on demand, of all costs associated with such construction.

**Maintenance of drainage installation**

76. (1) The owner or occupier of any premises must maintain any drainage installation and any sewer connection on such premises.

(2) Any person who requests the municipality to clear a drainage installation will be liable to pay the prescribed tariff.

(3) A municipality may, on the written application of the owner or occupier of any premises, inspect and test the drainage installation of such premises or any section thereof and recover from the owner or occupier the cost of such inspection and test, calculated at the rate specified in the prescribed tariff or charges.

**Installation of pre-treatment facility**

77. A municipality may require that any new premises must be provided with a minimum pre-treatment facility of a type specified by it prior to that premises being connected to the sewage disposal system.

**Protection from ingress of floodwaters**

78. Where a premises is situated in the 1 in 50 years flood plain the top level of service access holes, inspection chambers and gullies is to be above the 1 in 50 years flood level, except, in the case of service access holes and inspection chambers, where the cover is secured in place by approved means.

**Part 9: Quality standards**

**SCHEDULE A: Acceptance of industrial effluent for discharge into the sewage disposal system**

No person shall discharge or cause or permit to be discharged directly or indirectly into any sewer any effluent which—

(i) has a temperature exceeding 40 deg. C ;

(ii) has a pH value of less than 6,0 or more than 10,0 at 25 deg. C;

(iii) contains calcium carbide;

(iv) contains any substance which gives off or produces or is liable to give off or produce explosive, inflammable, poisonous or offensive gases or vapours ;

(v) contains any substance which has an open flash point of less than 95 deg. C;

(vi) contains any volatile inflammable solvents or organic solvents immiscible with water;

(vii) contains any radio-active waste or isotopes of such nature or in such concentration as do not meet the requirements laid down in the Nuclear Energy Act, Act 46 of 1999;

(viii) contains any of the following substances in concentrations exceeding the amount, in milligrams per litre, shown opposite such substances:

(a) Settleable solids .................................................. 50 ml/l

(b) Suspended solids .............................................. 500 mg/l

(c) Total dissolved solids at 105 deg. C .............. 1 000 mg/l

(d) Inorganic dissolved solids at 600 deg. C .......... 500 mg/l

(e) Chloride as Cl ................................................. 150 mg/l

(f) Total sulphates as $SO_4$ ..................................... 500 mg/l

(g) Sianied, as CN ............ 20 mg/l

(h) Sulfied, as S ............ 50 mg/l

(i) Fenol, as $C_6H_5OH$ ............ 50 mg/l

(j) Tolueen oplosbare stowwe ............ 250 mg/l

(k) Petroleum oplosbare stowwe 40/60 gr. C ............ 250 mg/l

(l) Totaal van "j" en "k" ............ 80 mg/l

(m) Sodium, as Na ............ 500 mg/l

(n) Anioniese oppervlak-aktiewe verbindings ............ 500 mg/l

(o) Suikers en/of Stysel — uitgedruk as glukose ............ 1 000 mg/l

(p) Metale:

Yster, as Fe ............ 25 mg/l

Arseen, as As ............ 5 mg/l

Boron, as B ............ 5 mg/l

Kadium, as Cd ............ 5 mg/l

Chroom, as Cr ............ 10 mg/l

Kobalt, as Co ............ 5 mg/l

Koper, as Cu ............ 10 mg/l

Lood, as Pb ............ 10 mg/l

Kwik, as Hg ............ 5 mg/l

Nikkel, as Ni ............ 5 mg/l

Selenium, as Se ............ 5 mg/l

Titaan, as Ti ............ 5 mg/l

Sink, as Zn ............ 20 mg/l

Maksimum toelaatbare swaarmetaalkonsentrasie ............ 50 mg/l

(ix) 'n elektriese geleidingsvermoë het van meer as 220 mS/m teen 25 gr. C; of

(x) enige stof bevat wat na die mening van die munisipaliteit opsigself of in kombinasie met enige ander stof—

(a) tot oorlas kan strek vir die publiek of enige deel daarvan;

(b) die gesondheid van enige persoon in gevaar kan stel of 'n besering aan enige persoon kan veroorsaak, hetsy sodanige persoon in diens van die munisipaliteit is al dan nie;

(c) 'n nadelige uitwerking het op enige riool of werke of grond wat met sodanige riool verbind is of deur die afvoer, behandeling, suiwering, wegdoening of hergebruik van sodanige uitvloeisel; of

(d) op enige wyse tot nadeel strek van die wegdoening of hergebruik van riooluitvloeisel na behandeling of suiwering daarvan, of dat dit lei tot uitvloeisel wat nie voldoen aan die vereistes soos neergelê in die Nasionale Waterwet, Wet 36 van 1998. 10883

(g) Total cyanides as CN ............ 20 mg/l

(h) Total sulphides as S ............ 50 mg/l

(i) Total phenols as $C_6H_5OH$ ............ 50 mg/l

(j) Substances soluble in toluene ............ 50 mg/l

(k) Substances soluble in petroleum 40/60 deg. C ... 50 mg/l

(l) Total of "j" and "k" ............ 80 mg/l

(m) Sodium as Na ............ 500 mg/l

(n) Anionic surfactive compounds ............ 500 mg/l

(o) Sugars and/or starch (expressed as glucose) . 1 000 mg/l

(p) Metals:

Iron as Fe ............ 25 mg/l

Arsenic as As ............ 5 mg/l

Boron as B ............ 5 mg/l

Cadmium as Cd ............ 5 mg/l

Chromium as Cr ............ 10 mg/l

Cobalt as Co ............ 5 mg/l

Copper as Cu ............ 10 mg/l

Lead as Pb ............ 5 mg/l

Mercury as Hg ............ 5 mg/l

Nickel as Ni ............ 5 mg/l

Selenium as Se ............ 5 mg/l

Titanium as Ti ............ 5 mg/l

Zinc as Zn ............ 20 mg/l

Permissible total concentration of all heavy metals ............ 50 mg/l

(ix) has an electrical conductivity exceeding 220 mS/m at 25 deg. C, or

(x) contains any substance which may, in the opinion of the municipality, of itself or in combination with any other substance—

(a) cause a nuisance to the public or any section thereof;

(b) endanger the health of or injure any person, whether employed by the municipality or not;

(c) have a harmful effect on any sewer or any works or land connected with any sewer or with the conveyance, treatment, purification, disposal or re-use of the effluent, or

(d) in any way prejudice the disposal or re-use of sewage effluent after treatment or purification or lead to an effluent which does not meet any requirement laid down in terms of the National Water Act, 1998 (Act 36 of 1998), as amended. 10883

**MUNISIPALITEIT CEDERBERG**

**VERORDENING INSAKE PARKE VIR WOONWAENS EN MOBIELE WONINGS**

**(22/2004)**

**Doel van Verordening**

- Om die verwesenliking van 'n veilige en gesonde toerisme-omgewing te bevorder tot voordeel van besoekers en inwoners binne die regsgebied van die munisipaliteit;
- Om voorsiening te maak vir prosedures, metodes en praktyke om die gebruik en bestuur van parke vir woonwaens en mobiele wonings te reguleer.

**Woordbepaling**

1. In hierdie verordening sluit woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in, sluit die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd, geniet die Afrikaanse teks voorrang in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken:—

   ''kampeer'' of ''om te kampeer'' om 'n perseel te okkupeer deur 'n woonwa, voertuig of mobiele woning daarop te laat staan of 'n tent daarop op te rig en sodanige woonwa, voertuig of tent vir woonen/of slaapdoeleindes te gebruik;

   ''kampeerder'' die persoon wat kampeer en, met betrekking tot 'n perseel, die persoon aan wie 'n kampeerpermit uitgereik is;

   ''kampeerpermit'' 'n dokument uitgereik deur die munisipaliteit vir die doel soos by hierdie verordening beoog, of die munisipaliteit se amptelike kwitansie uitgereik teen betaling van die voorgeskrewe geld, ten opsigte van die okkupering van 'n perseel;

   ''mobiele woning'' 'n fabrieksgemonteerde struktuur, goedgekeur deur die munisipaliteit met die nodige diensaansluitings sodat dit op die perseel verskuifbaar is en sodanig ontwerp dat dit as 'n permanente woning gebruik kan word;

   ''munisipaliteit'' die munisipaliteit van Cederberg gestig in terme van Artikel 12 van die Munisipale Strukturewet, 117 van 1998, Provinsiale Kennisgewing 482 gedateer 22 September 2000 en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, behoorlik gevolmagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening uit hoofde van 'n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan gemelde politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, agent of werknemer;

   ''park'' enige grond wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word vir die akkommodasie van woonwaens of mobiele wonings;

   ''perseel'' die grond wat binne 'n park afgesonder is vir die akkommodasie van 'n mobiele woning of 'n woonwa met sy trekvoertuig, indien daar is;

   ''verantwoordelike owerheid'' die owerheid of munisipaliteit verantwoordelik vir die uitvoering van omgewingsgesondheidsfunksies en brandweerfunksies binne die regsgebied van Cederberg Munisipaliteit;

   ''woonwa'' enige voertuig wat permanent ingerig is vir gebruik deur persone vir woon- en slaapdoeleindes, ongeag of sodanige voertuig 'n sleepwa is of nie.

**Toepassing van Verordening**

2. Hierdie verordening is van toepassing op alle parke, hetsy geleë op private of openbare grond.

3. Hierdie verordening is nie van toepassing nie ten opsigte van—

   (a) eiendom waarop net een of twee woonwaens of mobiele wonings geakkommodeer word of bedoel is om geakkommodeer te word;

**CEDERBERG MUNICIPALITY**

**BY-LAW RELATING TO PARKS FOR CARAVANS AND MOBILE HOMES**

**(22/2004)**

**Purpose of By-Law**

- To promote the achievement of a safe and sought after tourism environment for the benefit of visitors and residents within the area of jurisdiction of the municipality;
- To provide for procedures, methods and practices to regulate the use and management of parks for caravans and mobile homes.

**Definitions**

1. In this by-law, words used in the masculine gender include the feminine, the singular includes the plural and vice versa, the Afrikaans text prevails in the event of an inconsistency between the different texts and unless the context otherwise indicates:—

   ''camp'' or ''camping'' means to occupy land by standing thereon with a caravan or vehicle or erecting thereon a tent and using such caravan, vehicle or tent for the purpose of habitation and/or sleeping;

   ''camper'' means the person who camps and, in relation to a site, to whom a camping permit is issued;

   ''camping permit'' means a document issued by the municipality for the purposes contemplated by this by-law or the municipality's official receipt issued against payment of the prescribed charges in respect of the occupation of a site;

   ''caravan'' means any vehicle permanently fitted out for use by persons for living and sleeping purposes, whether or not such a vehicle is a trailer;

   ''mobile home'' means a factory assembled structure approved by the municipality with the necessary service connections made so as to be movable on site and designed to be used as a permanent dwelling;

   ''municipality'' means the Municipality of Cederberg established in terms of Section 12 of the Municipal Structures Act, 117 of 1998, Provincial Notice 482 dated 22 September 2000 and includes any political structure, political office-bearer, councillor, duly authorised agent thereof or any employee thereof acting in connection with this by-law by virtue of a power vested in the municipality and delegated or sub-delegated to such political structure, political office-bearer, councillor, agent or employee;

   ''park'' means any land used or intended to be used for the accommodation of caravans or mobile homes;

   ''responsible authority'' the authority or municipality responsible for the execution of environmental health and fire fighting functions within the area of jurisdiction of Cederberg Municipality;

   ''site'' means the land set aside within a park for the accommodation of a mobile home or a caravan and its towing vehicle, if any.

**Application of By-law**

2. This by-law shall be applicable to all parks, whether situated on private or public land.

3. This by-law shall not be applicable in respect of—

   (a) property on which only one or two caravans or mobile homes are accommodated or are intended to be accommodated;

(b) landbougrond waar woonwaens of mobiele wonings of woonwaens en mobiele wonings toegelaat word vir bona fide landboudoeleindes;

(c) eiendom waarop meer as twee woonwaens of mobiele wonings geakkommodeer word, waar sodanige woonwaens of mobiele wonings deur persone vir sakedoeleindes geokkupeer word en die sanitêre en ander reëlings rakende die openbare gesondheid wat die verantwoordelike owerheid nodig ag, verskaf word en die woonwaens en mobiele wonings net vir die tydperk en in die getalle geakkommodeer word wat die verantwoordelike owerheid wenslik ag met die oog op die aard van voormelde reëlings, of

(d) eiendom waarop meer as twee woonwaens geakkommodeer word waar sodanige woonwaens geokkupeer word deur lede van 'n behoorlik gestigte klub en hul gaste vir die doel om deel te neem aan 'n byeenkoms of uitstappie wat deur sodanige klub georganiseer word en die woonwaens nie vir 'n ononderbroke tydperk van langer as ses dae geakkommodeer word nie.

**Minimum vereistes**

4. Elke eienaar van 'n park moet aan artikels 5 tot 25 voldoen.

5. Elke eienaar van 'n park moet oor 'n plan beskik wat al die persele in die park aandui, en waarvan 'n afskrif by die munisipaliteit geliasseer moet wees, en elke perseel moet duidelik op die grond afgebaken wees en 'n minimum oppervlakte van 112 vierkante meter hê.

6. Hoogstens 50 persent van enige perseel mag geokkupeer word deur 'n woonwa of mobiele woning en sodanige perseel moet van so 'n aard wees dat 'n woonwa of mobiele woning op enige gedeelte daarvan geakkommodeer kan word.

7. Niemand mag 'n woonwa in enige park vir 'n tydperk van langer as drie maande, hetsy ononderbroke of andersins, in enige tydperk van twaalf maande okkupeer nie.

8. Ondanks artikel 7 mag hoogstens 10 persent van die persele in 'n park of die ander groter persentasie wat die munisipaliteit onderworpe aan die voorwaardes wat hy nodig ag, goedkeur, permanent deur woonwaens of mobiele wonings of woonwaens en mobiele wonings geakkommodeer word.

9. Geen woonwa of mobiele woning mag meer persone huisves as die getal waarvoor sodanige woonwa of mobiele woning ontwerp is nie.

10. Geen woonwa of mobiele woning op enige perseel mag nader as 5 meter vanaf 'n ander woonwa of mobiele woning geplaas word nie.

11. Toegang tot elke perseel moet verskaf word op so 'n wyse dat dit nie nodig sal wees om oor 'n ander perseel te gaan om sodanige toegang te verkry nie.

12. 'n Vuurmaakplek of vuurmaakplekke moet verskaf word en so geleë wees dat dit nie 'n brandgevaar uitmaak nie.

(a) Brandblustoestelle soos vereis in die verantwoordelike owerheid se regulasies met betrekking tot brandveiligheid moet in elke park voorsien word.

(b) Die toestelle waarna in subartikel (a) verwys word, moet in 'n goeie werkende toestand gehou word.

13. (1) Daar moet 'n watertoevoer verskaf word wat, nadat dit deur die netwerkstelsel gegaan het—

(a) minstens 360 liter per perseel per dag lewer; met dien verstande dat waar spoelsanitasie verskaf word, minstens 540 liter per perseel per dag gelewer moet word;

(b) by enige staanpyp 'n druk het wat voldoende is om 10 liter per minuut te lewer, en

(c) water lewer wat volgens nasionale standaarde vir menslike gebruik geskik is.

(b) agricultural land where caravans or mobile homes or caravans and mobile homes are permitted for bona fide agricultural purposes;

(c) property on which more than two caravans or mobile homes are accommodated, where such caravans or mobile homes are occupied by persons for business reasons, and such sanitary and other arrangements affecting the public health as the responsible authority may consider necessary are provided and the caravans and mobile homes are accommodated only for such period and in such numbers as the responsible authority may consider desirable in view of the nature of the aforesaid arrangement, or

(d) property on which more than two caravans are accommodated where such caravans are occupied by members of any duly constituted club and their guests for the purpose of participating in a meeting or excursion organised by such club and the caravans are not accommodated for a continuous period in excess of six days.

**Minimum requirements**

4. Every owner of a park shall comply with sections 5 to 25.

5. Every owner of a park shall have a plan clearly indicating all the sites in the park, a copy of which shall be filed with the municipality, and each site shall be clearly demarcated on the ground and shall not be less than 112 square metres in extent.

6. Not more than 50 percent of any site shall be occupied by a caravan or mobile home and such site shall be of such a nature that a caravan or mobile home may be accommodated on any portion thereof.

7. No person shall occupy a caravan in any park, for a period of more than three months, whether continuous or otherwise, in any period of twelve months.

8. Notwithstanding section 7, 10 percent of the sites in a park or such other greater percentage as the municipality, subject to such additional conditions, as the municipality may deem necessary, may approve may be permanently occupied by caravans or mobile homes or caravans and mobile homes.

9. The number of people occupying any caravan or mobile home shall not exceed the number for which such caravan or mobile home was designed.

10. Any caravan or mobile home on any site shall not be situated closer than 5 metres from a caravan or mobile home on any other site.

11. Access shall be provided to every site in such a manner that it will not be necessary to cross another site to obtain such access.

12. A fireplace or fireplaces may be provided and shall be so situated as not to constitute a fire hazard.

(a) Fire-fighting appliances as required by the responsible authority's by-law relating to fire safety shall be provided at all parks.

(b) The appliances referred to in subsection (1) shall be kept filled with sand and water respectively and any other appliances shall be maintained in good working order.

13. (1) There shall be provided a water supply which, after passing through the reticulation system—

(a) has a yield of at least 360 litres per site per day; provided that where flush sanitation is provided the yield shall be at least 540 litres per site per day;

(b) exerts a pressure at any standpipe sufficient to supply 10 litres per minute, and

(c) supplies water which is fit for human consumption in terms of national standards.

(2) Die watertoevoer en netwerkstelsel moet deur die munisipaliteit goedgekeur word en moet in ooreenstemming wees met die vereistes van subartikel (1).

14. Permanente waterstaanpype moet op so 'n wyse verskaf word dat geen perseel verder as 20 meter van die naaste staanpyp af geleë is nie.

15. Sentrale geriewe vir die was van potte, panne, breekware en mesware en vir die wegdoen van kombuis- en ander vuilwater moet verskaf word.

16. (1) Alleenlik sanitêre geriewe wat deur die munisipaliteit goedgekeur word, mag verskaf word.

(2) Alle sanitêre geriewe moet skoon en in 'n goeie werkende toestand gehou word.

17. Daar moet vir elke geslag ten opsigte van die eerste ses persele 'n minimum van twee sanitêre geriewe en twee handwasbakke verskaf word en daarna 'n minimum van een sanitêre gerief en een handwasbak vir elke tien persele of gedeelte daarvan. Die munisipaliteit kan vereis dat aparte geriewe vir gestremdes voorsien word volgens spesifikasies soos deur die munisipaliteit voorgeskryf.

18. Vir elke geslag moet daar ten opsigte van elke twaalf persele of gedeelte daarvan 'n minimum van een badkamer en een storthokkie verskaf word.

19. (1) Geen stelsel vir die wegdoen op die plek van riooluitvloeisel of kombuis- en ander vuilwater mag opgerig word nie tensy dit deur die munisipaliteit goedgekeur is.

(2) Enige stelsel waarna in subartikel (1) verwys word, moet in 'n goeie werkende toestand en op so 'n wyse gehou word dat dit nie 'n oorlas uitmaak nie.

20. Die munisipaliteit kan die addisionele vereistes vir water-, riolering- en stormwaterdienste voorskryf wat hy nodig ag ten opsigte van persele wat op 'n permanente basis geokkupeer word.

21. (1) Vir die was van wasgoed moet daar 'n gebied van minstens 100 vierkante meter verskaf word wat voorsien moet wees van —

(a) een permanente waterstaanpyp;

(b) een watertrog of ander toestel waarin klere en linnegoed gewas kan word, en

(c) een tafel of plank vir strykwerk.

(2) Die gebied waarna verwys word in subartikel (1), moet op so 'n wyse afgeskerm wees dat artikels wat uitgehang word om te droog, nie van buite genoemde gebied af gesien kan word nie.

22. (1) Vliegdigte, draagbare vullishouers ten genoeë van die munisipaliteit moet verskaf word en op so 'n wyse geplaas word dat geen perseel verder as 20 meter van die naaste vullishouer af geleë is nie.

(2) Die vullishouers moet in 'n goeie toestand gehou word en moet daagliks leeggemaak, skoongemaak en ontsmet word.

**Algemeen**

23. Niemand mag in 'n park—

(1) op 'n perseel kampeer sonder 'n geldige kampeerpermit nie;

(2) enige artikel elders was of uithang om droog te word as in die gebied wat in artikel 24 vermeld is nie;

(3) vullis elders wegdoen as in die vullishouers wat in gevolge artikel 25 verskaf word nie;

(4) enige roerende of onroerende eiendom van die munisipaliteit, met inbegrip van inligtingstekens, aanwysingsborde, bome, bosse of plantegroei versteur, ontsier, beskadig, vernietig of verwyder nie;

(2) The water supply and reticulation system shall be approved by the municipality and shall comply with the requirements of subsection (1).

14. Permanent water standpipes shall be provided in such a manner that no site is situated at a greater distance than 20 metres from the nearest standpipe.

15. Central facilities for the washing of pots, pans, crockery and cutlery and for the disposal of kitchen and other waste water shall be provided.

16. (1) Only sanitary conveniences approved by the municipality shall be provided.

(2) All sanitary conveniences shall be kept clean and in good working order.

17. There shall be provided for each sex in respect of the first six sites a minimum of two sanitary conveniences and two wash-hand basins and thereafter a minimum of one sanitary convenience and one wash-hand basin for every ten sites or portion thereof. The municipality may require, and prescribe specifications for the provision of separate facilities for disabled people.

18. There shall be provided for each sex in respect of every twelve sites or portion thereof a minimum of one bathroom and one shower cubicle.

19. (1) No system for the in situ disposal of sewerage effluent or kitchen and other waste water shall be constructed unless it is approved by the municipality.

(2) Any system referred to in subsection (1) shall be maintained in good working order and in such a manner that it does not constitute a nuisance.

20. The municipality may prescribe such additional requirements for water, sewerage and storm water services as it may deem necessary in respect of sites which are occupied on a permanent basis.

21. (1) There shall be provided for laundering an area of not less than 100 square metres provided with—

(a) one permanent water standpipe;

(b) one water trough or other contrivance in which clothing and linen may be washed, and

(c) one table or board for ironing.

(2) The area referred to in subsection (1) shall be screened in such a manner that articles hanging out to dry shall not be visible from outside the said area.

22. (1) Portable fly-proof refuse bins to the satisfaction of the municipality shall be provided and shall be so situated that no site is situated at a greater distance than 20 metres from the nearest refuse bin.

(2) The refuse bins shall be kept in a good state of repair and shall be emptied, cleaned and disinfected daily.

**General**

23. No person shall in a park—

(1) camp on a site without a valid camping permit;

(2) wash or hang out to dry any article elsewhere than in the area referred to in section 24;

(3) dispose of refuse elsewhere than in the refuse bins provided in terms of section 25;

(4) disturb, deface, damage, destroy or remove any movable or immovable property belonging to the municipality including information and direction signs, trees, bushes or vegetation;

(5) enige dier of voël beseer, doodmaak, vang of versteur of die nes of eiers van 'n voël beskadig, versteur of vernietig nie;

(6) na of van enige perseel beweeg behalwe langs die erkende paaie nie;

(7) in 'n voertuig ry of dit bestuur op 'n wyse wat na die opsigter se mening die veiligheid van enige persoon, voertuig of eiendom in die gevaar kan stel nie;

(8) 'n voertuig parkeer op 'n perseel wat deur 'n ander kampeerder geokkupeer word of in enige pad op so 'n wyse dat dit 'n versperring vir 'n ander kampeerder of verkeer kan veroorsaak nie. Die opsigter kan te eniger tyd wanneer hy of sy dit dienstig ag in belang van die kampeerders of die publiek, enige persoon gelas om sy of haar voertuig elders te parkeer of om dit uit die park te verwyder;

(9) enige herstelwerk aan enige voertuig doen nie;

(10) enige artikels of goedere of voedsel of enige ander handelsware smous, verkoop, uitstal vir verkoop of verwerk nie;

(11) enige godslasterlike, onwelvoeglike of beledigende woord, artikel, voorstelling of teken op enige perseel of eiendom skryf, teken, ophang of vertoon nie;

(12) enige daad verrig of enige taal besig wat godslasterlik, onwelvoeglik of beledigend is nie;

(13) enige handeling verrig waardeur enige persoon beseer of eiendom beskadig of verniel kan word nie;

(14) hom of haar op 'n wanordelike of oproerige wyse gedra nie;

(15) urineer of hom of haar ontlas nie, behalwe in 'n sanitêre gerief;

(16) in 'n naakte toestand of onbetaamlik geklee buite 'n kleedkamer, gemakhuisie of in die openbaar verskyn nie;

(17) enige sanitêre gerief of kleedkamer wat vir die teenoorgestelde geslag bedoel is, gebruik of binnegaan nie;

(18) bottels, stukkende glas of vullis weggooi behalwe in die houers wat die munisipaliteit vir die doel voorsien nie;

(19) enige oorlas veroorsaak nie;

(20) enige musiek maak, verskaf of voortbring op 'n wyse wat inbreuk maak op die gerief, gemak en rus van kampeerders of van die algemene publiek nie;

(21) 'n vuur maak nie; behalwe op die plekke wat vir die doel afgesonder is of in mobiele braaitoerusting;

(22) 'n vuurwapen, windbuks of windpistool afvuur nie;

(23) enige rekker gebruik nie;

(24) enige vuurwerk afvuur nie;

(25) drentel nie, tensy hy of sy 'n lid van 'n kampeergeselskap of 'n gas van 'n kampeerder is;

(26) deur of oor enige hek of heining kruip of klim nie;

(27) om aalmoese bedel of dobbel nie;

(28) enige waters besoedel nie;

(29) (a) behalwe met die toestemming van die opsigter en op die wyse wat die opsigter goedkeur enige elektriese verbinding na sy of haar perseel of enige ander plek binne die park maak nie;

(b) meer as een elektriese verbinding na sy of haar perseel hê nie, en net een toevoerleiding per perseel word toegelaat;

(5) injure, kill, capture or disturb any animal or bird or damage, disturb or destroy the nest or eggs of any bird;

(6) proceed to or from any camping site except along the recognised roads;

(7) ride or drive a vehicle in a manner which may in the opinion of the superintendent endanger the safety of any person, vehicle or property;

(8) park a vehicle on a site on which another person camps or in any road in such a manner as to cause an obstruction to another camper or traffic. The caretaker may whenever her or she considers it desirable in the interest of campers and/or the public, instruct any person to park his or her vehicle elsewhere or to remove it from the park;

(9) do any repairs to any vehicle;

(10) hawk, sell, expose for sale or process any articles or goods or foodstuffs or other commodity;

(11) write, draw, affix or exhibit any profane, obscene or abusive word, matter, representation or character upon any premises or property;

(12) commit any act or use any language which is profane, obscene or abusive;

(13) do anything which may cause injury to persons or damage or destruction to property;

(14) behave in a disorderly or riotous manner;

(15) urinate or defecate except in a sanitary convenience;

(16) appear in a nude state or improperly dressed outside a dressing room, closet or in public;

(17) use or enter any sanitary convenience or changeroom provided for the opposite sex;

(18) deposit bottles, broken glass or rubbish except in the receptacles provided by the municipality for the purpose;

(19) cause a nuisance;

(20) make, provide or reproduce any music in a manner which interferes with the comfort, convenience and peace of campers or the general public;

(21) make any fire except in the places assigned for the purpose or in mobile barbeque equipment;

(22) discharge a firearm, air rifle or air pistol;

(23) use a catapult;

(24) discharge any fireworks;

(25) loiter unless he or she is a member of a camper's group or a camper's guest;

(26) climb over or creep through any gate or fence;

(27) solicit alms or gamble;

(28) pollute any waters;

(29) (a) except with the permission of the caretaker and in a manner approved by the caretaker make any electrical connection to his or her site or any other place within the park;

(b) be permitted more than one electrical connection to his or her site and only one supply conductor shall be permitted per site;

(c) ’n elektriese verbinding na sy of haar perseel vir ander doeleindes as ’n kampeerder se bona fide kampeerbehoeftes gebruik nie;

(30) enige werknemer van die munisipaliteit hinder by die wettige uitvoering van sy of haar pligte nie;

(31) wanneer hy of sy daartoe versoek word deur die opsigter of ander gemagtigde werknemer van die munisipaliteit by die wettige uitvoering van sy of haar pligte, weier om—

(a) ’n kampeerpermit wat deur die munisipaliteit uitgereik is in verband met die perseel te toon nie, of

(b) sy naam en adres te verstrek nie;

(i) sonder die toestemming van die opsigter—

(a) enige gebied betree of gebou binnegaan wat nie vir die publiek toeganklik is nie;

(b) enige openbare vermaaklikheid aanbied of hou nie;

(c) enige geld insamel of kollekte hou nie;

(d) enige pamflet, boek, strooibiljet of enige ander gedrukte of geskrewe stof versprei nie;

(e) enige byeenkoms organiseer of toespreek nie;

(f) op ’n perseel ’n ander tent of struktuur as ’n doeksonskerm wat aan die kant van die woonwa vasgeheg word, opslaan nie.

24. (1) Die munisipaliteit kan van tyd tot tyd elke park laat inspekteer vir die doel om vas te stel of hierdie verordening nagekom word.

(2) Aan iedereen wat gestuur word om ’n park ingevolge subartikel (1) te inspekteer, moet toegang tot die park verleen word.

**Strafbepaling**

25. Iedereen wat enige bepaling van hierdie verordening oortree of nalaat om daaraan te voldoen is aan ’n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met—

(1) ’n boete of gevangenisstraf, óf sodanige boete óf sodanige gevangenisstraf óf beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;

(2) in die geval van ’n voortdurende misdryf, met ’n addisionele boete, of ’n addisionele tydperk van gevangenisstraf, óf sodanige addisionele boete óf sodanige addisionele gevangenisstraf, óf beide sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur, en

(3) ’n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat na bevinding van die hof deur die munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim. 10884

(c) use an electrical connection to his or her site for purposes other than a camper’s bona fide camping needs;

(30) obstruct any employee of the municipality in the lawful execution of his or her duties;

(31) refuse, upon being requested by the caretaker or other authorised employee of the municipality in the lawful execution of his or her duty—

(a) to produce any camping permit issued by the municipality in connection with a site, or

(b) to furnish his name and address;

(i) without the consent of the caretaker—

(a) enter any area or building not open to the public;

(b) present or hold any public entertainment;

(c) collect any money or hold collections;

(d) distribute any pamphlet, book, handbill or any printed or written matter;

(e) organise or address any gathering;

(f) erect on a site any tent or structure other than a fabric awning attached to the side of a caravan.

24. (1) The municipality may from time to time cause every park to be inspected for the purpose of ascertaining whether this by-law is being complied with.

(2) Every person sent to inspect a park in terms of subsection (1) shall be granted admission to the park.

(3) The municipality shall provide each person sent in terms of subsection (1) to inspect parks with a written authority which such person shall produce if required to do so.

**Penalties**

25. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this by-law shall be guilty of an offence and liable upon conviction to—

(1) a fine or imprisonment or either such fine or such imprisonment or both such fine and such imprisonment;

(2) in the case of a continuing offence, an additional fine or an additional period of imprisonment of 10 days or either such additional fine or such additional imprisonment or both such additional fine and imprisonment for each day on which such offence is continued, and

(3) a further amount equal to any costs and expenses found by the court to have been incurred by the municipality as result of such contravention or failure. 10884

*SOUTH AFRICA FIRST –*

BUY SOUTH AFRICAN

MANUFACTURED GOODS

*SUID-AFRIKA EERSTE –*

KOOP SUID-AFRIKAANS

VERVAARDIGDE GOEDERE

Printed by Creda Communications